REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

PRICE + 1c GST 20c PRYS + 1c AVB

Registered at the Post Office as a Newspaper ABROAD 30c BUITELANDS *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

POST FREE · POSVRY

Vol. 184] PRETORIA, 3 OCTOBER OKTOBER 1980 [No. 7246

PROCLAMATION

by the State President of the Republic of South Africa

No. 187, 1980

Whereas section 42 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act 32 of 1961), provides for the appointment of a Delimitation Commission to divide the Republic into electoral divisions;

And whereas a Commission was so appointed and has in terms of section 43 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, divided the Republic into electoral divisions;

And whereas the said Commission has in pursuance of section 44 (1) of the aforementioned Act submitted to the State President a list of electoral divisions with the names given to them by the Commission and a description of the boundaries of every such division;

And whereas section 44 (3) of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, provides for the making known by the State President of the names and boundaries of the electoral divisions as finally settled and certified by the Commission or a mojority thereof;

Now, therefore, I hereby make known, by virtue of section 44 (3) of the said Act, that the names and boundaries of the several electoral divisions as finally settled and certified by the Commission shall be those described in the Appendices hereto.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria, this twenty ninth day of September, One thousand Nine hundred and Eighty.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

A. L. SCHLEBUSCH

REPORT OF THE FOURTEENTH DELIMITATION COMMISSION

TABLE OF CONTENTS

Chapter	*Subject*	*Page*
I	Introduction	1
II	Cape of Good Hope	12
III	Natal	27
IV	Orange Free State	30
V	Transvaal	35
VI	Conclusion	50

PROKLAMASIE

van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. 187, 1980

Nademaal artikel 42 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet 32 van 1961), voorsiening maak vir die aanstelling van 'n Afbakeningskommissie om die Republiek in kiesafdelings te verdeel;

En nademaal 'n Kommissie aldus aangestel is en die Republiek ingevolge artikel 43 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, in kiesafdelings verdeel het;

En nademaal genoemde Kommissie ingevolge artikel 44 (1) van voormelde Wet aan die Staatspresident 'n lys voorgelê het van kiesafdelings met die name wat die Kommissie daaraan gegee het en 'n beskrywing van die grense van elke sodanige kiesafdeling;

En nademaal artikel 44 (3) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, bepaal dat die Staatspresident die name en grense van die kiesafdelings soos hulle deur die Kommissie of 'n meerderheid daarvan finaal vasgestel en gesertifiseer is, bekend moet maak;

So is dit dat ek kragtens artikel 44 (3) van genoemde Wet, hierby bekend maak dat die name en grense van die onderskeie kiesafdelings soos hulle deur die Kommissie finaal vasgestel en gesertifiseer is, dié is wat beskryf word in die Aanhangsels hiervan.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die nege-en-twintigste dag van September, Eenduisend Negehonderd-en-tagtig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

A. L. SCHLEBUSCH

VERSLAG VAN DIE VEERTIENDE AFBAKENINGSKOMMISSIE

INHOUDSOPGAWE

Hoofstuk	*Onderwerp*	*Bladsy*
I	Inleiding	1
II	Kaap die Goeie Hoop	12
III	Natal	27
IV	Oranje-Vrystaat	30
V	Transvaal	35
VI	Slot	50

Annexures

1	List of electoral divisions, number of voters and loads/unloads	53
2	Description of boundaries of electoral divisions:	
	Cape of Good Hope	56
	Natal	76
	Orange Free State	89
	Transvaal	103

CHAPTER I

1. Mr State President, in terms of section 42 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act 32 of 1961), hereinafter referred to as the Constitution Act, you appointed the undersigned to be a Delimitation Commission, with effect from 1 April 1980, to divide the Republic into electoral divisions as provided by the Constitution Act.

2.1 Your Commission held its first public meeting in Pretoria on 2 April 1980. This meeting was attended by representatives of political parties and by other interested persons. Owing to circumstances dealt with in subsequent paragraphs, your Commission had to announce that the next public meeting would not be held until 13 May 1980 in Bloemfontein. Dates for the meetings in Durban, Cape Town and Pretoria were also announced. In the mean time your Commission made a study of the thirteenth delimitation and the available incomplete figures relating to voters; Johannesburg was also visited in order to take a look at the location of electoral divisions in the city and adjoining parts of the Witwatersrand from convenient vantage points. On the appointed day, your Commission heard proposals in Bloemfontein concerning the delimitation of the Orange Free State into parliamentary and provincial electoral divisions. After that, a provisional delimitation plan was drawn up. This plan was released on 19 May and was subsequently amended as a result of further representations by interested parties. This work was completed in a considerably shorter time than had been allowed for the purpose; your Commission thereupon decided to put forward the dates that had been announced for the meetings in Cape Town and Pretoria. It was not possible to change the date of the Durban meeting.

2.2 At a public meeting in Durban on 3 June 1980, the Commission received proposals for the delimitation of the Province of Natal into twenty electoral divisions. After consideration of the schemes proposed and the evidence given, the Commission made its provisional delimitation plan known on 10 June; the representatives of parties made their comments on this plan, following which a number of amendments were made by the Commission. Pietermaritzburg was visited on 11 June, particularly with a view to carrying out an *in loco* inspection of the boundary between the northern and southern electoral divisions of the city.

2.3 Meetings for the hearing of proposals on the delimitation of the Province of the Cape of Good Hope, hereinafter referred to as the Cape Province, commenced in Cape Town on 17 July. During the submissions on the second day of the sitting, your Commission requested the representatives of the political parties present to submit schemes for the delimitation of all the voters in the municipal area of Port Elizabeth into five electoral divisions and to comment on the effect that such a grouping might have on the boundaries of other divisions. On 20 June, the parties submitted the schemes that had been requested, and these matters were discussed and examined in depth. Your Commission then proceeded with the preparation of its provisional delimitation plan, which was displayed on 27 June. The parties addressed the Commission on the subject. For reasons that will appear later from this Report, your Commission had included the voters of Walvis Bay, which had been placed with Namaqualand, under Green Point; as none of the parties had proposed such an inclusion, they were all afforded

Aanhangsel

1	Lys van kiesafdelings, getal kiesers en beladings/ontladings	53
2	Grensbeskrywings van kiesafdelings:	
	Kaap die Goeie Hoop	56
	Natal	76
	Oranje-Vrystaat	89
	Transvaal	103

HOOFSTUK 1

1. Mnr. die Staatspresident, kragtens artikel 42 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 32 van 1961), hierna genoem die Grondwet, het u die ondergetekendes met ingang van 1 April 1980, aangestel as 'n Afbakeningskommissie om die Republiek volgens die voorskrifte van die Grondwet in kiesafdelings te verdeel.

2.1 U Kommissie het sy eerste openbare vergadering op 2 April 1980 in Pretoria gehou. Verteenwoordigers van politieke partye en ook ander belanghebbende persone het die vergadering bygewoon. Weens omstandighede wat in latere paragrawe behandel word, moes u Kommissie aankondig dat die volgende openbare vergadering nie voor 13 Mei 1980 in Bloemfontein gehou sou word nie. Datums vir die vergaderings in Durban, Kaapstad en Pretoria is ook aangekondig. U Kommissie het hom in die tussentyd besig gehou met 'n bestudering van die dertiende afbakening en die beskikbare, onvolledige kieserstalle; 'n besoek is ook aan Johannesburg gebring om van gerieflike uitkykplekke die ligging van kiesafdelings in die stad en aangrensende dele van die Witwatersrand te besigtig. Op die bepaalde dag het u Kommissie in Bloemfontein voorstelle oor die afbakening van die Oranje-Vrystaat in parlementêre en provinsiale kiesafdelings aangehoor. Daarna is 'n voorlopige afbakeningsplan opgestel. Dit is op 19 Mei openbaar gemaak en later gewysig na aanleiding van verdere vertoë deur belanghebbendes. Hierdie werk het heelwat korter geduur as die tydperk wat daarvoor toegeken was; daarop het u Kommissie besluit om die datums wat vir die vergaderings in Kaapstad en Pretoria afgekondig was, te vervroeg. Dit was nie moontlik om die datum van die Durbanse vergadering te verander nie.

2.2 Op 3 Junie 1980 het die Kommissie op 'n openbare vergadering in Durban voorstelle vir die afbakening van die provinsie Natal in twintig kiesafdelings ontvang. Na oorweging van die voorgestelde skemas en die getuienis wat gelewer is, het die Kommissie op 10 Junie sy voorlopige afbakeningsplan bekend gemaak; die verteenwoordigers van partye het hulle kommentaar op die plan gelewer en die Kommissie het later 'n paar wysigings aangebring. Op 11 Junie is 'n besoek aan Pietermaritzburg gebring veral om die grens tussen die noordelike en suidelike kiesafdelings van die stad ter plaatse na te gaan.

2.3 Vergaderings vir die aanhoor van voorstelle oor die afbakening van die provinsie Kaap die Goeie Hoop, wat hierna die Kaapprovinsie genoem word, het op 17 Julie in Kaapstad begin. Tydens die voorleggings op die tweede sittingsdag het u Kommissie die aanwesige verteenwoordigers van die politieke partye versoek om skemas vir die afbakening van al die kiesers in die munisipale gebied van Port Elizabeth in vyf kiesafdelings voor te lê en om ook kommentaar te lewer op die uitwerking wat so 'n indeling op die grense van ander afdelings mag hê. Op 20 Junie het die partye die gevraagde skemas voorgelê en die aangeleenthede is indringend bespreek en ondersoek. Daarna het u Kommissie oorgegaan tot die opstelling van sy voorlopige afbakeningsplan wat op 27 Junie ten toon gestel is. Die partye het die Kommissie daaroor toegespreek. Om redes wat later uit die Verslag blyk, het u Kommissie die kiesers van Walvisbaai, wat by Namakwaland geplaas was, by Groenpunt ingevoeg; geen party het so 'n invoeging voorgestel nie en daarom is aan almal geleentheid gebied om

an opportunity of submitting written representations in regard to this matter. This was done by the parties, one of whom even submitted further alternative proposals, with and without such an inclusion. All these proposals were considered at the final delimitation of the province.

2.4 Your Commission held another meeting in Pretoria on 8 July, this time for the submission of schemes and the hearing of representations concerning the delimitation of the Transvaal. This meeting continued into the following day. Two weeks later, on 22 July, the Commission's provisional plan was displayed. Following a statement by the Chairman that comment, especially on a number of specific points, would be welcomed, those present stated their objections and put forward new proposals; there were also recommendations concerning the names of certain electoral divisions.

2.5 The purpose of making the provisional plans known was to elicit constructive comment on them. It did happen that some speakers merely repeated their earlier proposals or boasted of the alleged acceptance of their proposals; unfortunately, there were also a few instances of negative criticism and derogatory remarks that probably stemmed from dissatisfaction because certain proposals had not been followed to the letter. However, these incidents should be regarded as exceptions rather than the rule and were not so serious as to oblige a Commission to do without the benefits of disclosure, comment and co-operation. As happened with earlier Commissions, this Commission sometimes also made significant adjustments to provisional plans and even changed them materially on the strength of comment received.

3. The dates and venues of all the public meetings held by your Commission were widely publicised. All the registered political parties were also notified individually of these meetings. Further, maps of the provinces, regions and cities, on which electoral divisions and polling districts were marked off and numbered, were made available to these parties, together with the statistics on voters; these maps and information were similar to the maps and information on which the Commission had based its delimitation. Three parties, the National Party, the Progressive Federal Party and the New Republic Party, attended all these meetings and saw to it that their schemes and comments were submitted to the Commission. Several unaffiliated persons and organisations wrote to the Commission and even got in touch with it by telephone in connection with the delimitation of certain areas. Your Commission also interviewed officials on technical aspects of the delimitation. All the information collected by your Commission in this manner and in the course of its investigations was considered and used by it for the delimitation of the four provinces into electoral divisions as provided by law.

4.1 Section 42 of the Constitution Act provides that a delimitation commission shall divide the Republic into electoral divisions—

> "in such a manner that no electoral division is situated partly in one province and partly in another province."

In this connection, your Commission will deal with the following matters. To begin with, the boundary between the Cape Province and Natal was moved after the previous delimitation. The Alteration of Provincial Boundaries Act, No. 36 of 1978, provides that the area known as Griqualand East shall no longer be part of the Cape Province but shall become a part of the Province of Natal. In regard to elections and delimitations, the legislature provided as follows in section 5 of the said Act:

"5. (1) As from the commencement of this Act the area shall cease to be part of the Electoral Divisions of Aliwal and Griqualand East for the election of members of the

skriftelike vertoë oor dié aangeleentheid voor te lê. Dit het die partye gedoen en een het selfs verdere alternatiewe voorstelle, met en sonder so 'n invoeging, ingedien. Al die voorstelle is by die finale afbakening van die provinsie oorweeg.

2.4 U Kommissie het op 8 Julie weer in Pretoria vergader, hierdie keer vir die voorlegging van skemas en die aanhoor van vertoë oor die afbakening van Transvaal. Die vergadering het tot die volgende dag geduur. Twee weke later, op 22 Julie, is die Kommissie se voorlopige plan tentoongestel. Na 'n versoek van die voorsitter dat kommentaar veral oor 'n paar besondere sake verwelkom sou word, het die teenwoordiges hulle besware en nuwe voorstelle gemaak; daar was ook aanbevelings oor die name van sekere kiesafdelings.

2.5 Die doel van die bekendstelling van die voorlopige planne is om konstruktiewe kommentaar daarop uit te lok. Dit het wel gebeur dat sommige sprekers net hulle ou voorstelle herhaal het of daarmee gespog het dat hulle voorstelle dan aanvaar sou gewees het; daar was ongelukkig ook 'n paar gevalle van afbrekende kritiek en neerhalende opmerkings wat blykbaar voortgespruit het uit ontevredenheid dat sekere voorstelle nie slaafs nagevolg is nie. Hierdie voorvalle moet egter as afwykings beskou word en was nie so ernstig dat 'n Kommissie sonder die voordele van bekendstelling, kommentaar en samewerking moet klaarkom nie. Soos met vorige Kommissies gebeur het, het hierdie Kommissie ook as gevolg van die kommentaar voorlopige planne soms betekenisvol aangepas en selfs grootliks gewysig.

3. Wye publisiteit is aan die datums en plekke van al U Kommissie se openbare vergaderings verleen. Al die geregistreerde politieke partye is ook afsonderlik van die vergaderings in kennis gestel. Verder is kaarte van die provinsies, streke en stede waarop kiesafdelings en stemdistrikte afgemerk en genommer is, saam met die kieserstatistieke tot beskikking van hierdie partye gestel; die kaarte en inligting was soortgelyk aan dié waarmee die Kommissie sy verdeling gemaak het. Drie partye, die Nasionale Party, die Progressiewe Federale Party en die Nuwe Republiek Party, was by al die vergaderings verteenwoordig en het daarvoor gesorg dat hulle skemas en kommentaar aan die Kommissie voorgelê is. Verskeie onverbonde persone en instansies het skriftelik en selfs telefonies met die Kommissie in verbinding getree oor die afbakening van besondere gebiede. U Kommissie het ook onderhoude met amptenare oor tegniese aspekte van die afbakening gevoer. Al die inligting wat u Kommissie so en ook met sy eie ondersoeke ingewin het, het hy oorweeg en gebruik om die vier provinsies ooreenkomstig die geldende wetsvoorskrifte in kiesafdelings af te baken.

4.1 Kragtens die bepalings van artikel 42 van die Grondwet moet 'n afbakeningskommissie die Republiek in kiesafdelings verdeel—

> "op so 'n wyse dat geen kiesafdeling gedeeltelik in een provinsie en gedeeltelik in 'n ander provinsie geleë is nie.".

In hierdie verband behandel u Kommissie die volgende aangeleenthede. Ten eerste, die grens tussen die Kaapprovinsie en Natal is na die vorige afbakening verskuif. Die Wet op die Verandering van Provinsiale Grense, No. 36 van 1978, bepaal dat die gebied wat bekend staan as Griekwaland-Oos nie langer deel uitmaak van die Kaapprovinsie nie, maar deel word van die provinsie Natal. Met betrekking tot verkiesings en afbakenings het die wetgewer soos volg in artikel 5 van die betrokke wet bepaal:

"5. (1) Vanaf die inwerkingtreding van hierdie Wet hou die gebied op om 'n deel van die kiesafdelings Aliwal en Griekwaland-Oos vir die verkiesing van Volksraadslede en

House of Assembly and of the Provincial Council of the Cape of Good Hope, and shall become part of the Electoral Divisions of Mooi River and South Coast for the election of members of the House of Assembly and of the Provincial Council of Natal.

(2) For the purposes of subsection (1)—

(a) polling districts Nos. 449, 500, 501, 517 and 519 of the Electoral Division of Aliwal shall cease to be part of that Electoral Division and shall become part of the Electoral Division of Mooi River; and

(b) polling districts Nos. 503 and 509 of the Electoral Divisions of Aliwal and Griqualand East, respectively, shall cease to be part of those Electoral Divisions and shall become part of the Electoral Division of South Coast."

In this fourteenth delimitation, the polling districts referred to in the Act have been treated as parts of Natal and have been delimited into Natal electoral divisions.

4.2 Secondly, with a view to the coming independence of the Territory of South-West Africa and the administration of Walvis Bay, the State President confirmed, by Proclamation R. 202 dated 31 August 1977 and Proclamation R. 248 dated 30 September 1977, that Walvis Bay had at all relevant times been a part of the Cape of Good Hope and stipulated that the said area was thenceforth to be administered by the Cape Province again. The polling district in which Walvis Bay fell ceased to be a part of the Electoral Division of Omaruru in South-West Africa and was included by the said proclamations in the Cape Electoral Division of Namaqualand. In the present delimitation, this area was treated as a polling district of the Cape Province. Two of the schemes submitted provided that the voters were to remain under Namaqualand; a third proposal was that they should become part of a new electoral division on the West Coast. Reasons are given elsewhere in this Report for your Commission's decision to place this polling district in Green Point, an electoral division of which the said polling district previously formed a part.

4.3 In the third place, provision was made by legislation for the registration as voters of South African citizens who have their home in one of the homelands that have become sovereign and independent States in recent years. Section 11 (4) of the Electoral Act, No. 45 of 1979, reads as follows:

(4A) "Any person who has, on or after the date of independence of an independent State, his home in the said State, shall, provided he is otherwise qualified for registration, be registered in the division in which is situated the magistrate's office in the Republic which is the nearest to his home as the crow flies".

(4B) "Any person who has, on the date of independence of an independent State, his home in that independent State and who is registered in a division which was wholly or partly situated in such independent State before its becoming independent, shall, for so long as he has his home in the said State, be deemed to be registered in accordance with the provisions of subsection (4A)".

In regard to the parts of Bophuthatswana situated in the Cape Province, the Electoral Amendment Act, No. 89 of 1980, provides that an enfranchised South African who retains his home in that State shall be registered—

"in the division in which is situated the magistrate's office in the province of the Cape of Good Hope which is the nearest to his home as the crow flies."

These provisions relate to the individual voters and not to polling districts with voters, as in the previous two cases. The Commission has assigned them to electoral divisions together with other voters who have other residential qualifications but have been registered in the same magisterial

lede van die Provinsiale Raad van die Kaap die Goeie Hoop te wees en word dit 'n deel van die kiesafdelings Mooirivier en Suidkus vir die verkiesing van Volksraadslede en lede van die Provinsiale Raad van Natal.

(2) By die toepassing van subartikel (1)—

(a) hou stemdistrikte 449, 500, 501, 517 en 519 van die kiesafdeling Aliwal op om 'n deel van daardie kiesafdeling te wees en word dit 'n deel van die kiesafdeling Mooirivier; en

(b) hou stemdistrikte 503 en 509 van onderskeidelik die kiesafdelings Aliwal en Griekwaland-Oos op om 'n deel van daardie kiesafdelings te wees en word dit 'n deel van die kiesafdeling Suidkus.".

In hierdie veertiende afbakening is die stemdistrikte in die Wet genoem as dele van Natal behandel en in Natalse kiesafdelings afgebaken.

4.2 Ten tweede, met die oog op die onafhanklikwording van die gebied Suidwes-Afrika en die administrasie van Walvisbaai, het die Staatspresident deur Proklamasie R. 202 van 31 Augustus 1977 en Proklamasie R. 248 van 30 September 1977 bevestig dat Walvisbaai te alle relevante tye 'n deel van Kaap die Goeie Hoop was en bepaal dat die gebied voortaan weer deur die Kaapprovinsie geadministreer sal word. Die stemdistrik waarin Walvisbaai val, maak ook nie langer 'n deel uit van die kiesafdeling Omaruru in Suidwes-Afrika nie maar is kragtens die vermelde proklamasies by die Kaapse kiesafdeling Namakwaland ingevoeg. By die afbakening is dit as 'n stemdistrik van die Kaapprovinsie behandel. Volgens twee voorgelegde skemas moes die kiesers by Namakwaland bly; volgens 'n derde voorstel moes hulle deel word van 'n nuwe kiesafdeling aan die Weskus. Redes word elders in die Verslag verstrek waarom u Kommmissie hierdie stemdistrik geplaas het in Groenpunt, 'n kiesafdeling waarvan die stemdistrik voorheen 'n deel uitgemaak het.

4.3 Ten derde is daar by wetgewing voorsiening gemaak vir die registrasie as kiesers van Suid-Afrikaanse burgers met vaste woonplekke in een van die tuislande wat in die afgelope jare soewereine en onafhanklike state geword het. Artikel 11 (4) van die Kieswet, No. 45 van 1979, lui soos volg:

(4A) "Iemand wat op of na die datum van onafhanklikheid van 'n onafhanklike Staat sy vaste woonplek in bedoelde Staat het, word, mits hy andersins bevoeg is vir registrasie, geregistreer in die afdeling waarin die landdroskantoor in die Republiek geleë is wat, gemeet in 'n reguit lyn, die naaste aan sy vaste woonplek is".

(4B) "Iemand wat op die datum van onafhanklikheid van 'n onafhanklike Staat sy vaste woonplek in daardie Staat het en in 'n afdeling geregistreer is wat geheel of gedeeltelik in bedoelde Staat geleë was voor die onafhanklikwording daarvan word vir solank hy sy vaste woonplek in bedoelde Staat het geag geregistreer te wees ooreenkomstig die bepalings van subartikel (4A)".

In die geval van die gedeeltes van Bophuthatswana wat in die Kaapprovinsie geleë is, word in die Wysigingswet op die Kieswet, No. 89 van 1980, bepaal dat 'n stemgeregtigde Suid-Afrikaner wat sy vaste woonplek in daardie Staat aanhou, geregistreer word—

"in die afdeling waarin die landdroskantoor in die provinsie die Kaap die Goeie Hoop geleë is wat, in 'n reguit lyn, die naaste aan sy vaste woonplek is."

Hierdie bepalings het betrekking op die afsonderlike kiesers en nie op stemdistrikte met kiesers soos in die vorige twee gevalle nie. Hulle is deur die Kommissie aan kiesafdelings toegewys saam met ander kiesers wat oor ander woningskwalifikasies beskik maar in dieselfde landdros

districts and placed in the same polling districts. Except in the aforementioned case, it is possible that a voter affected by these provisions, was ultimately registered in a province other than the one in which he was residing before independence.

4.4 The fourth matter that your Commission wishes to mention here is that the delimitation in a province was sometimes complicated by the location of areas of land belonging to independent and sovereign States. Your Commission tried to delimit electoral divisions in such a way that they were not divided by regions of some other State or that they did not surround any such region wholly or partly. There were two places in the Cape Province where it was impossible to constitute undivided electoral divisions. In one case, Mafeking and surrounding rural areas of the Electoral Division of Vryburg are completely surrounded by Bophuthatswana and the boundaries of the Transvaal and Botswana; it consequently does not abut any electoral division in the Cape Province. The Commission has decided to leave this area, or whatever part of it may still belong to the Republic of South Africa after the contemplated consolidation, with the Electoral Division of Vryburg. A similar problem arose with the Electoral Division of Kimberley North; another part of Bophuthatswana adjoins and extends across this electoral division. One consequence of this is that a small area known as Killarney Old Diggings, which lies up against the Transvaal boundary in the north, is cut off from Kimberley North. It does not adjoin any other electoral division in the Cape Province either and is consequently retained, with its eight voters, in Kimberley North. Further, a part of the Warrenton Magisterial District, which falls under the Electoral Division of Kuruman, is separated from that division by Bophuthatswana. This part, where no voters are living, adjoins Kimberley North and is consequently included in that division.

4.5 In the Orange Free State, another part of Bophuthatswana cut the Electoral Division of Ladybrand in two. Three polling districts and part of a fourth, which all lie to the west of Bophuthatswana, were placed in the Electoral Division of Smithfield by your Commission. The other part of the fourth polling district affected by this development lies to the east of that State and was left in the Ladybrand Division. In the Transvaal, where regions of Bophuthatswana extend over a large portion of the central part of the province, delimitation was done in such a way that the southern electoral divisions of Marico (now part of Lichtenburg), Rustenburg and Brits surrender their voters north of Bophuthatswana to northern electoral divisions; Potgietersrus, on the other hand, surrenders some of its voters in the south to Witbank. Venda did not present any problems with this delimitation, as it falls entirely within the boundaries of the Electoral Division of Soutpansberg.

5.1 In terms of section 40 of the Constitution Act, as amended and substituted by section 81 of the Constitution and Elections Amendment Act, No. 79 of 1973, the Republic consists of one hundred and sixty-five parliamentary electoral divisions, divided as follows among the provinces:

Cape Province: 55.
Natal: 20.
Orange Free State: 14.
Transvaal: 76.

In terms of the Constitution Act, this allocation of electoral divisions to the provinces is not to be changed until the expiry of a period of ten years from the date of coming into operation of section 81 of the said Amendment Act. Later on in this Report, the division of the Orange Free State's 14 parliamentary divisions into 28 provincial divisions is discussed. Further, as also appears from the report of the Thirteenth Commission, the delimitation commission no longer has regard to the number of voters in a province when determining the number of the electoral divisions in each province.

distrikte geregistreer en in dieselfde stemdistrikte geplaas is. Behalwe in die geval reeds genoem is dit moontlik dat 'n kieser wat deur die bepalings geraak word, uitendelik in 'n ander provinsie geregistreer is as die een waarin hy voor die onafhanklikwording gewoon het.

4.4 Die vierde aangeleentheid wat u Kommissie hier wil noem, is dat die ligging van grondgebiede wat aan onafhanklike en soewereine State behoort soms die afbakening in 'n provinsie bemoeilik het. U Kommissie het probeer om kiesafdelings so af te baken dat hulle nie deur streke van 'n ander Staat verdeel word of dat hulle nie so 'n streek heeltemal of ten dele omring nie. Op twee plekke in die Kaapprovinsie was dit onmoontlik om onverdeelde kiesafdelings saam te stel. In een geval word Mafeking en omliggende plattelandse gebiede van die kiesafdeling Vryburg deur Bophuthatswana geheel en al teen die grense van Transvaal en Botswana ingesluit; dit grens dus aan geen kiesafdeling in die Kaapprovinsie nie. Die Kommissie het besluit om hierdie gebied, of watter deel ook al na die beoogde konsolidasie nog aan die Republiek van Suid-Afrika mag behoort, by die kiesafdeling Vryburg te behou. 'n Soortgelyke probleem het by die kiesafdeling Kimberley-Noord ontstaan; 'n ander gedeelte van Bophuthatswana grens aan en strek oor hierdie kiesafdeling. Die een gevolg is dat 'n klein gebied bekend as Killarney Old Diggings in die noorde teen die Transvaalse grens, van Kimberley-Noord afgesny word. Dit grens ook aan geen ander kiesafdeling in die Kaapprovinsie nie en word derhalwe met sy agt kiesers by Kimberley-Noord behou. Verder word 'n deel van die Warrentonse landdrosgebied wat onder die kiesafdeling Kuruman ressorteer, deur Bophuthatswana van daardie afdeling afgesny. Hierdie deel, waarin daar geen kiesers woon nie, grens aan Kimberley-Noord en word dus daar ingesluit.

4.5 In die Oranje-Vrystaat het 'n ander deel van Bophuthatswana die kiesafdeling Ladybrand in twee verdeel. Drie stemdistrikte en die deel van 'n vierde wat almal ten weste van Bophuthatswana lê, is deur u Kommissie in die kiesafdeling Smithfield geplaas. Die ander deel van die vierde stemdistrik wat deur hierdie verwikkeling geraak word, lê aan die oostekant van die ander staat. Dit is by Ladybrand gelaat. In Transvaal, waar streke van Bophuthatswana oor 'n groot deel van die middel van die provinsie strek, is só afgebaken dat die suidelike kiesafdelings Marico (nou 'n deel van Lichtenburg) Rustenburg en Brits hulle kiesers ten noorde van Bophuthatswana aan noordelike kiesafdelings afstaan; Potgietersrus staan weer kiesers in die suide aan Witbank af. Venda het geen probleme met hierdie afbakening opgelewer nie: Dit val geheel en al binne die grense van die kiesafdeling Soutpansberg.

5.1 Kragtens artikel 40 van die Grondwet, soos gewysig en vervang by artikel 81 van die Wysigingswet op die Grondwet en Verkiesings, No. 79 van 1973, bestaan die Republiek uit 165 parlementêre kiesafdelings wat soos volg onder die provinsies verdeel is:

Kaapprovinsie: 55.
Natal: 20.
Oranje-Vrystaat: 14.
Transvaal: 76.

Hierdie toekenning van kiesafdelings aan die provinsies word, ingevolge die bepalings van die Grondwet, nie verander nie alvorens 'n tydperk van 10 jaar verloop het sedert die inwerkingtreding van artikel 81 van die genoemde wysigingswet. Later in die Verslag word die verdeling van die Oranje-Vrystaat se 14 Parlementêre afdelings in 28 provinsiale afdelings behandel. Soos ook uit die verslag van die Dertiende Kommissie blyk, word die aantal kiesafdelings in elke provinsie nie meer deur die afbekeningskommissie met inagneming van die provinsie se kieserstal bepaal nie.

5.2 Although the number of electoral divisions in each of the provinces remained the same in this delimitation, it was nevertheless necessary to abolish several divisions because of a decline in the number of voters or the shifting of boundaries or for some other valid reasons. In these cases, it was necessary to create new electoral divisions so that each province might retain its stipulated number of electoral divisions. The new divisions have been sited in areas in which there were sufficient registered voters for the purpose. The following is a list of the abolished and of the newly constituted electoral divisions.

Cape Province

The following three electoral divisions have been abolished:

Griqualand East;
Moorreesburg; and
Somerset East.

Your Commission has created the following divisions:

De Kuilen;
Sundays River; and
Wellington.

Natal

Musgrave has disappeared as an electoral division, and a new division, Greytown, has been created.

Transvaal

In this province, the following five electoral divisions had to be obolished:

Marico;
Orange Grove;
Prinshof;
Von Brandis;
Witwatersberg.

Your commission has created the following divisions:

Helderkruin;
North Rand;
Modderfontein;
Roodeplaat; and
Ventersdorp.

5.3 Your Commission was fully aware of the administrative inconvenience, the confusion and even the dissatisfaction that may result from a change in the name of an electoral division. Various proposals made in this regard were rejected, but a change was sometimes unavoidable, for instance when the town or place that had lent its name to an electoral division fell in another electoral division through delimitation. If such a town or place with a large number of voters is placed under another electoral division, this may even lead to the abolition of the electoral division. The reverse is also possible: The well-known Gardens of Cape Town has now again been placed by this Commission under the Electoral Division of Cape Town-Gardens. The following instances of changes of name must be mentioned. In the Cape Province, Rondebosch has now become Claremont. The name Eshowe was assigned by the Thirteenth Delimitation Commission to the Natal Division of Zululand. This Commission has placed the town of Eshowe under another division, and the Electoral Division of Eshowe has been renamed Umfolozi. In the Orange Free State, the following changes have been made to the provincial electoral divisions: Lindley has disappeared, and Hennenman has been created; Monument becomes Brandkop, Reddersburg becomes Onze Rust, Ventersburg has disappeared, and Sand River has been created.

5.4 It is necessary to refer briefly here to the thirteen electoral divisions that were created by the Thirteenth Delimitation Commission. On the fixed date, three of these electoral divisions had the largest number of voters in the

5.2 Maar hoewel die getal kiesafdelings in elkeen van die provinsies met die afbakening dieselfde gebly het, was dit tog nodig om verskeie afdelings as gevolg van die afname in die kieserstal of 'n verskuiwing van grense of 'n ander grondige rede af te skaf. Nuwe kiesafdelings moes dan geskep word sodat elke provinsie nog sy bepaalde getal kiesafdelings kon behou. Die nuwe afdelings is geplaas in gebiede waar daar genoeg kiesers vir die doel geregistreer was. Hier volg 'n lys van die kiesafdelings wat verdwyn het en van dié wat nuut ingestel is.

Kaapprovinsie

Die volgende drie kiesafdelings is afgeskaf:

Griekwaland-Oos;
Moorreesburg; en
Somerset-Oos.

U Kommissie het die volgende afdelings geskep:

De Kuilen;
Sondagsrivier; en
Wellington.

Natal

Musgrave het as kiesafdeling verdwyn en 'n nuwe afdeling Greytown is geskep.

Transvaal

In hierdie provinsie moes die volgende vyf kiesafdelings verdwyn:

Marico;
Orange Grove;
Prinshof;
Von Brandis; en
Witwatersberg.

U Kommissie het die volgende afdelings geskep:

Helderkruin;
Noordrand;
Modderfontein;
Roodeplaat; en
Ventersdorp.

5.3 U Kommissie was ten volle bewus van die administratiewe ongerief, die verwarring en selfs die ontevredenheid wat die verandering van 'n kiesafdeling se naam kan veroorsaak. In hierdie verband is verskeie voorstelle afgewys maar 'n verandering kon soms nie vermy word nie, soos byvoorbeeld wanneer die dorp of plek wat sy naam aan 'n kiesafdeling verleen het, in 'n ander kiesafdeling afgebaken word. Indien so 'n dorp of plek met 'n groot getal kiesers in 'n ander kiesafdeling geplaas word, mag dit selfs tot die afskaffing van die kiesafdeling gelei het. Die teenoorgestelde kan ook gebeur; die welbekende Tuine van Kaapstad is deur hierdie Kommissie nou weer in die kiesafdeling Kaapstad-Tuine geplaas. Die volgende gevalle van naamveranderings moet genoem word. In die Kaapprovinsie het Rondebosch nou Claremont geword. Die naam Eshowe is deur die Dertiende Afbakeningskommissie aan die Natalse afdeling Zululand gegee. Hierdie Kommissie het die dorp Eshowe by 'n ander afdeling geplaas en die naam van die eersgenoemde kiesafdeling is verander na Umfolozi. In die Oranje-Vrystaat is die volgende veranderings by die provinsiale kiesafdelings aangebring: Lindley het verdwyn en Hennenman is geskep; Monument word Brandkop, Redersburg word Onzerust en Ventersburg verdwyn en Sandrivier is geskep.

5.4 Dit is nodig om hier kortliks melding te maak van die 13 kiesafdelings wat deur die Dertiende Afbakeningskommissie geskep is. Drie van hierdie kiesafdelings het op die vasgestelde datum die hoogste kieserstalle in die Republiek

Republic. They were Pretoria East with 27 625 voters, Durbanville with 25 371 voters, and Witwatersberg with 23 959 voters. All three had large numbers of voters available for the creation of new divisions by this Commission. As will appear later from this Report, two new divisions have replaced Witwaterberg, which had to disappear as an electoral division. The number of voters in Edenvale grew by 35%, and this electoral division could make a large contribution to the creation of a new division. The voters of Meyerton increased by 45%, and the excess voters could be transferred to other divisions in the Southern Transvaal. The same may be said of Overvaal, where there was a 22% increase in voters. The number of voters in Bryanston rose by one-quarter, and some of them were also used for the creation of a new division. Helderberg, which had a 36% growth in the number of its voters, could surrender some of its voters to two new divisions. The number of voters in Amanzimtoti and Umhlanga rose by a bigger percentage than did the number of voters in the Province of Natal and in the Republic. These two divisions, which lie to the south and the north of Durban, respectively, were therefore able to surrender some of their voters, who were registered within the municipal area of Durban, to urban electoral divisions. Delmas and Sasolburg had grown so much that your Commission left their boundaries unchanged. Barberton was the only one of the new electoral divisions created by the previous Commission to show a drop in the number of its voters; this division had to receive voters to obtain a suitable unload.

6.1 The method of delimitation is set out in section 43 of the Constitution Act. The first two subsections of this section were amended during the recent session of Parliament by the Constitution of the Republic of South Africa Third Amendment Act, 1980, and now read as follows:

"(1) For the purposes of any division of the provinces into electoral divisions, the quota of each province shall be obtained by dividing the number of white voters in the province, in terms of the current voters' lists, duly corrected up to the latest possible date, by the number of members of the House of Assembly to be elected therein in terms of section 40."

"(2) Each province shall be divided into electoral divisions in such a manner that each such division shall, subject to the provisions of subsection (3), contain a number of voters as nearly as may be equal to the quota of the province."

This amending Act came into operation on 1 April 1980, but at the time of your Commission's first public meeting in Pretoria on 2 April it had not yet been passed. However, this was not one of the main reasons why your Commission could not immediately proceed with the delimitation of electoral divisions; the main reason for the delay was that the necessary voters' lists were not immediately available.

6.2 The basis of any delimitation is "the current voters' lists, duly corrected up to the latest possible date." It was stated from all sides that the voters' lists prepared after the general registration of voters in 1979 were not complete enough. For this reason it was decided that the voter's lists reflecting the 1979 registration would be taken as the current voter's lists and that they would be corrected by supplementary registrations up to 31 March 1980. In this Report, this date is referred to as the fixed date. For obvious reasons the corrected lists were not immediately available. It was not until 21 April that your Commission and interested parties could be supplied with these lists. Your Commission then decided to hold its first meeting for the submission of delimitation schemes in the province with the smallest number of voters (the Orange Free State), and to allow the political parties concerned three weeks for the preparation of their plans.

gehad. Hulle is Pretoria-Oos met 27 625 kiesers, Durbanville met 25 371 kiesers en Witwatersberg met 23 959 kiesers. Aldrie het groot getalle kiesers gelewer vir die skepping van nuwe afdelings deur hierdie Kommissie. Soos later uit die Verslag blyk het twee nuwe afdelings die plek ingeneem van Witwatersberg wat toe as kiesafdeling moes verdwyn. Die kieserstal van Edenvale het met 35% toegeneem en die kiesafdeling kon 'n groot bydrae doen tot die skepping van 'n nuwe afdeling. Die kiesers van Meyerton het met 45% toegeneem en die oortollige kiesers kon aan ander afdelings in Suid-Transvaal oorgedra word. Dieselfde kan gesê word van Overvaal waar die kiesers met 22% aangegroei het. Bryanston se kiesers het met 'n kwart gestyg en van hulle is ook vir die skepping van 'n nuwe afdeling gebruik. Helderberg wat 'n kiesersaanwas van 36% gehad het, kon kiesers aan twee nuwe afdelings afstaan. Die persentasie-styging van kiesers in Amanzimtoti en Umhlanga was hoër as die van die provinsie Natal en van die Republiek. Die twee afdelings wat respektiewelik ten suide en ten noorde van Durban geleë is, kon dus, onder andere, kiesers wat binne die munisipale gebied van Durban geregistreer is, aan stedelike kiesafdelings afstaan. Delmas en Sasolburg het sodanig gegroei dat u Kommissie hulle grense onveranderd gelaat het. Barberton was die enigste nuwe kiesafdeling van die vorige Kommissie wat 'n afname van kiesers getoon het; die afdeling moes kiesers ontvang om 'n gepaste ontlading te verkry.

6.1 Die metode van afbakening word in artikel 43 van die Grondwet uiteengesit. Die eerste twee subartikels van hierdie artikel is tydens die jongste sitting van die Volksraad deur die Derde Wysigingswet van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1980, gewysig. Hulle lui nou soos volg:

"(1) Vir die doeleindes van die verdeling van die provinsies in kiesafdelings, word die kwota van elke provinsie verkry deur die getal blanke kiesers in die provinsie volgens die geldende kieserslyste, behoorlik verbeter tot die jongste moontlike datum, te deel deur die getal Volksraadslede wat ingevolge artikel 40 daarin verkies moet word.".

"(2) Elke provinsie word op so 'n wyse in kiesafdelings verdeel dat elke sodanige kiesafdeling, behoudens die bepalings van subartikel (3), 'n getal kiesers bevat wat so na as moontlik met die kwota van die provinsie gelykstaan.".

Hierdie wysigingswet het op 1 April 1980 in werking getree, maar ten tye van u Kommissie se eerste openbare vergadering op 2 April in Pretoria was dit nog nie aangeneem nie. Dit was egter nie 'n vername rede waarom u Kommissie nie onmiddellik tot die afbakening van kiesafdelings kon oorgaan nie; die belangrikste rede vir die oponthoud was dat die noodsaaklike kieserslyste nie dadelik beskikbaar was nie.

6.2 Die grondslag van 'n afbakening is "die geldende kieserslyste, behoorlik verbeter tot die jongste moontlike datum." Allerweë is verklaar dat die kieserslyste wat na die algemene registrasie van kiesers in 1979 opgestel is nie volledig genoeg was nie. Daarom is besluit dat die kieserslyste wat die registrasie van 1979 weergee die geldende kierserslyste sou wees en dat hulle deur aanvullende registrasie tot op 31 Maart 1980 verbeter sou word. In die Verslag word hierdie datum die vasgestelde datum genoem. Uit die aard van die saak was die verbeterde lyste nie dadelik beskikbaar nie. Die lyste kon eers op 21 April aan u Kommissie en aan belanghebbendes verstrek word. U Kommissie het toe besluit om sy eerste vergadering vir die voorlegging van afbakeningskemas in die provinsie met die laagste kieserstal (dit was die Orangje-Vrystaat) te hou en om aan die betrokke politieke partye drie weke vir die voorbereiding van hulle planne toe te laat.

6.3 The table below gives the number of voters registered in each one of the provinces and in the Republic on the fixed date, the number of registered voters as at the previous delimitation, and the growth in the number of voters, which is also shown as a percentage. The figures for the Republic are also given.

Cape Province	694 452	680 420	14 032	2%
Natal	265 661	251 648	14 013	5,5%
Orange Free State	180 085	171 094	8 991	5,2%
Transvaal	1 172 961	1 036 192	134 769	12,9%
Republic	2 313 159	2 141 354	171 805	8%

6.4 The quota of the four provinces, calculated as laid down in section 43 of the Constitution Act, then comes to the following:

Cape Province	12 626
Natal	13 283
Orange Free State	12 863
Transvaal	15 433

The average number of voters per electoral division in the Republic is 14 019.

6.5 Your Commission will not comment on the clear differences in the quotas and will merely make the following comparisons. The Transvaal's quota is 1 414, or 10% higher than the average number of voters per electoral division in the Republic. In the Cape Province, the Transvaal quota would have meant a load of 22,2% in Natal a load of 16%, and in the Orange Free State a load of 19,9%. Conversely, this may be put as follows: In the Transvaal, the Cape Province's quota would have meant an unload of 18,1%, Natal's quota and unload of 13,9%, and the Orange Free State's quota an unload of 16,6%.

These few comparisons show that the loads and unloads of one province's electoral divisions cannot serve, either in numbers or in percentages, as a guideline in the determination of the loads and unloads in the electoral divisions of any other province.

7.1 The matters which your Commission had to take into consideration in allocating a number of voters over or below the quota to an electoral division are set forth as follows in subsection 43 (3) of the Constitution Act:

"43. (3) The delimitation commission shall give due consideration to—

(a) community or diversity of interests;

(b) means of communication;

(c) physical features;

(d) boundaries of existing electoral divisions;

(e) sparsity or density of population;

(f) probability of increase or decrease of population;

(g) local authority and magisterial district boundaries,

in such manner that, while taking the quota of voters as the basis of division, the commission may depart therefrom whenever it is deemed necessary, but in no case to any greater extent than fifteen per cent more or fifteen per cent less than the quota: Provided that in the case of an electoral division with an area of twenty-five thousand square kilometres or more, the commission may reduce the number of voters to a number equal to seventy per cent of the quota."

6.3 In die volgende tabel verskyn die getalle kiesers wat op die vasgestelde datum in elke provinsie en in die Republiek geregistreer was, die getalle wat by die vorige afbakening gegeld het en die aanwas van kiesers in getalle en persentasie. Die syfers vir die Republiek word ook gegee.

Kaapprovinsie	694 452	680 420	14 032	2%
Natal	265 661	251 648	14 013	5.5%
Oranje-Vrystaat	180 085	171 094	8 991	5.2%
Transvaal	1 172 961	1 036 192	134 769	12.9%
Republiek	2 313 159	2 141 354	171 805	8%

6.4 Die kwota van die vier provinsies bereken soos voorgeskryf in artikel 43 van die Grondwet, kom dan op die volgende te staan:

Kaapprovinsie	12 626
Natal	13 283
Oranje-Vrystaat	12 863
Transvaal	15 433

Die gemiddelde aantal kiesers per kiesafdeling in die Republiek is 14 019.

6.5 U Kommissie lewer geen kommentaar op die duidelike verskille in die kwotas nie maar volstaan met die volgende vergelykings. Die Transvaalse kwota is 1 414 of 10% hoër as die gemiddelde aantal kiesers per kiesafdeling in die Republiek. Die Transvaalse kwota sou in die Kaapprovinsie 'n belading van 22,2% beteken het, in Natal 'n belading van 16% en in die Oranje-Vrystaat 'n belading van 19,9%. Omgekeerd kan dit soos volg gestel word: In die Transvaal sou die Kaapprovinsie se kwota 'n ontlading van 18,1% gewees het, Natal se kwota 'n ontlading van 13,9% en die Oranje-Vrystaat se kwota 'n ontlading van 16,6%.

Hierdie paar vergelykings toon dat die beladings en ontladings van een provinsie se kiesafdelings nóg in getalle nóg in persentasies as riglyn by die vasstelling van beladings en ontladings vir kiesafdelings van 'n ander provinsie kan dien.

7.1 Die aangeleenthede wat u Kommissie moes oorweeg wanneer hy 'n getal kiesers bo of onder die kwota aan 'n kiesafdeling wou toeken, word soos volg in subartikel 43 (3) van die Grondwet uiteengesit:

"43. (3) Die afbakeningskommissie moet behoorlike oorweging skenk aan—

(a) gemeenskaplikheid of verskeidenheid van belange;

(b) verkeersmiddele;

(c) natuurlike kenmerke;

(d) grense van bestaande kiesafdelings;

(e) dunheid of digtheid van bevolking;

(f) waarskynlikheid van toename of afname in die bevolking;

(g) plaaslike bestuur- en landdrosdistriksgrense, op so 'n wyse dat, alhoewel die kwota kiesers die grondslag van verdeling uitmaak, die Kommissie, wanneer hy dit nodig ag, daarvan mag afwyk, maar in geen geval in 'n groter mate as 15% meer of 15% minder as die kwota nie: Met dien verstande dat in die geval van 'n kiesafdeling met 'n oppervlakte van 25 000 vierkante kilometer of meer, die Kommissie die getal kiesers mag verminder tot 'n getal gelyk aan 70% van die kwota.".

7.2 In the past, delimitation commissions pointed out that not any one of the matters to which consideration had to be given was more important than any other. If they appeared to be in conflict in any particular case, the Commission had to decide, after considering all the circumstances, which one was to have precedence. To this the Commission would add that the requirement to adhere to the quota, and the prohibition on departures from the quota by more than the stipulated percentage, sometimes make it impossible to apply some of the stipulations.

7.3 The community or diversity of interests was taken into consideration so that voters with similar interests could be placed in the same division wherever possible. On this basis, it was decided to transfer Carletonville's rural voters to other divisions and to group the town, with its mining interests, with adjoining mining areas in the same electoral division. It is not always apparent from the circumstances and the evidence that voters have any particular interest in common. Evidence concerning the interests of voters sometimes amounts to generalisations that have not been scientifically tested. It is not always possible, either, to place voters with divergent or conflicting interests in different divisions, or to group those with the same interests together in one electoral division or to keep them in the same division.

7.4 Good means of communication are of great value in an electoral division as they make it easy for voters to reach one another, to communicate with and to consult one another. Such means enable their representative, who generally lives in the electoral division, to visit them, and make it possible for them to look up the representative and to consult him. With today's vehicles and roads, communication is rarely impossible or even difficult. In this delimitation, this was certainly a consideration in the placement of the voters of Walvis Bay.

7.5 Sometimes physical features played an important part in this delimitation. One of the most striking examples was to be found in the electoral divisions in the South-Western Cape, which are bounded by the Hottentotsholland and the Franschhoek mountains in the west and by the Swartberg range in the north. There are various election divisions that have rivers as their boundaries. Man-made features were also used; railway lines, main roads and flyovers constituted distinct boundaries.

7.6 The boundaries of existing electoral divisions were a deciding factor in the delimitation of various divisions. The importance of existing boundaries has been stressed in the past by previous delimitation commissions; such boundaries were the outcome of consideration of all the relevant circumstances by a previous commission; to some extent, such boundaries have already engendered a sense of solidarity and a community of interest among the voters falling within these boundaries, their retention not only gives voters a sense of certainty but also facilitates the task of everyone concerned with the elections and with the preparation and maintenance of the voters' lists. It is possible, however, that the balance between load and unload in a particular region may be upset by leaving the boundaries of a particular division unchanged. Your Commission nevertheless considers that it is of greater value to retain the boundaries of electoral divisions than to have equal loads. Factors that complicated the retention of boundaries were the changing of the provincial boundaries between the Cape Province and Natal, the situation of the territories of independent and sovereign

7.2 In die verlede het afbakeningskommissies daarop gewys dat nie een van die sake waaraan aandag geskenk moet word, belangriker as 'n ander een is nie. Kom hulle in 'n besondere geval botsend voor, dan moet die Kommissie na oorweging van al die omstandighede besluit aan watter een voorkeur gegee moet word. Daaraan wil die Kommissie toevoeg dat die vereiste om by die kwota te bly en die verbod om met meer as die vasgestelde persentasie daarvan af te wyk, soms die toepassing van een of ander voorskrif onmoontlik maak.

7.3 Die gemeenskaplikheid of verskeidenheid van belange is oorweeg sodat kiesers met enerse belange waar moontlik in dieselfde afdeling geplaas kan word. Op hierdie grondslag is besluit om Carletonville se plattelandse kiesers na ander afdelings oor te dra en die dorp met sy mynboubelange saam met aangrensende myngebiede in een kiesafdeling te plaas. Uit die omstandighede en die getuienis blyk dit nie altyd duidelik dat daar onder kiesers so 'n besondere gemeenskaplike belang is nie. Getuienis oor die belange van kiesers is soms veralgemenings wat nie wetenskaplik getoets is nie. Dit is ook nie altyd moontlik om kiesers met verskillende of botsende belange in verskillende afdelings te plaas of dié met dieselfde belange in een kiesafdeling saam te voeg of daar te hou nie.

7.4 Verkeersmiddels van 'n hoë gehalte is in 'n kiesafdeling van groot waarde omdat dit die kiesers in staat stel om maklik bymekaar te kom, onderling te verkeer en te beraadslaag. Dit stel hulle verteenwoordiger, wat gewoonlik in die kiesafdeling woon, in staat om hulle te besoek, en vir hulle om die verteenwoordiger op te soek en te raadpleeg. Hedendaagse voertuie en paaie maak selde onderlinge verkeer onmoontlik of selfs moeilik. Dit was by hierdie afbakening wel 'n oorweging by die plasing van Walvisbaai se kiesers.

7.5 Natuurlike kenmerke het 'n belangrike rol by sekere dele van die afbakening gespeel. Een van die treffendste voorbeelde is dat die kiesafdelings in die Suid-Westelike Kaapland deur die Hottentotsholland- en die Franschhoekberge in die weste begrens word en deur die Swartbergreeks in die noorde. Daar is verskeie kiesafdelings wat riviere as grense het. Mensgemaakte kenmerke is ook gebruik; spoorlyne, groot paaie en oorweë het duidelike grense uitgemaak.

7.6 Die grense van bestaande kiesafdelings was 'n beslissende faktor by die afbakening van verskeie afdelings. Die belangrikheid van bestaande grense is in die verlede reeds deur afbakeningskommissies beklemtoon; die grense is die produk van 'n vorige kommissie wat aandag aan al die relevante omstandighede geskenk het; in 'n sekere mate het hulle al 'n samehorigheid en gemeenskaplikheid van belange by die ingeslote kiesers verwek; hulle behoud gee nie alleen sekerheid aan kiesers nie, maar vergemaklik ook die taak van almal wat gemoeid is by verkiesings en by die opstel en instandhouding van kieserslyste. Dit is egter moontlik dat die ewerdigheid van belading en ontlading in 'n besondere streek versteur word deur die grense van 'n bepaalde afdeling onveranderd te laat. U Kommissie meen nogtans dat die behoud van kiesafdelingsgrense gewoonlik van groter waarde is as enerse beladings. Omstandighede wat die behoud van grense moeilik gemaak het was die verandering van die provinsiale grense tussen die Kaapprovinsie en Natal, die ligging van onafhanklike en soewereine State se grondgebied, die toevoeging of inpassing var

States, the addition or the fitting in of the voters of Walvis Bay, and the uneven increase in the number of voters in the various provinces and in provincial areas.

7.7 Your Commission has left the boundaries of the following electoral division unchanged:

Cape Province

Gordonia;
Oudtshoorn;
Paarl;
Uitenhage:
Worcester.

Orange Free State

Heilbron;
Parys;
Sasolburg.

Transvaal

Delmas;
Maraisburg;
Nelspruit;
Potchefstroom;
Primrose;
Sunnyside;
Verwoerdburg.

Gordonia and Worcester were among the electoral divisions whose boundaries were also left unchanged by the Thirteenth Delimitation Commission. In the present delimitation, an endeavour was made to limit boundary alterations wherever possible. In 24 electoral divisions, all that was done was to remove voters, while voters were merely added in 29 divisions.

7.8 The sparsity or density of the population was deducted from the number of voters registered in a particular area. Although it was stated that large numbers of unnaturalised immigrants had moved into some suburbs and urban areas, your Commission nevertheless considers that this fact does not justify any material changes in the Commission's conclusions regarding the density of the population of any area that was delimited. The principle that, after consideration of all the other relevant factors, more voters should be allocated to urban than to rural divisions was again applied.

7.9 The likelihood of an increase or decrease in the population of an electoral division or of an area is not easy to establish. Evidence on this subject was not always convincing either. In three big cities, Johannesburg, Pretoria and Durban, the central areas showed such a sharp drop in the number of voters that divisions had to be abolished. There were various reasons why the remaining divisions could not be given a low load or be unloaded, one being that there was talk of a revival in the central areas and of the possibility of more residential accommodation being provided there. Your Commission did use areas where big increases in the population had occurred and were still expected for the creation of new electoral divisions. Time alone will show whether the population in these areas will increase to the same extent as in and around the new divisions created by the previous commission.

7.10 Your Commission considered local authority boundaries to be of special importance in the delimitation of urban areas. To a certain extent, municipal and even suburban boundaries are pointers to a community of interests, and the

Walvisbaai se kiesers en die ongelyke vermeerdering van kiesers in die verskillende provinsies asook in provinsiale gebiede.

7.7 U Kommissie het die grense van die volgende kiesafdelings onveranderd gelaat:

Kaapprovinsie

Gordonia;
Oudtshoorn;
Paarl;
Uitenhage;
Worcester.

Oranje-Vrystaat

Heilbron;
Parys;
Sasolburg.

Transvaal

Delmas;
Maraisburg;
Nelspruit;
Potchefstroom;
Primrose;
Sunnyside;
Verwoerdburg.

Die Dertiende Afbakeningskommissie het ook die grense van Gordonia en Worcester, onder andere, onveranderd gelaat. By die huidige afbakening is gepoog om grensveranderings waar moontlik te beperk. Van 24 kiesafdelings is slegs kiesers weggeneem, terwyl daar by 29 afdelings slegs kiesers bygevoeg is.

7.8 Die dunheid of digtheid van die bevolking is afgelei van die aantal kiesers wat in 'n besondere gebied geregistreer was. Dit is wel gemeld dat ongenaturaliseerde immigrante in groot getalle in sommige voorstede en stadsgebiede ingetrek het. U Kommissie meen egter dat hierdie laasgenoemde feit geen noemenswaardige verandering aan sy afleiding oor die digtheid van 'n gebied by die afbakening regverdig nie. Die beginsel dat, na oorweging van al die ander relevante faktore, meer kiesers aan stedelike as aan plattelandse afdelings toegeken moet word, is weer eens toegepas.

7.9 Die waarskynlikheid van 'n toename of afname in die bevolking van 'n kiesafdeling of gebied is nie maklik om te bepaal nie. Getuienis oor hierdie aangeleentheid was ook nie altyd oortuigend nie. In drie groot stede, Johannesburg, Pretoria en Durban, was daar so 'n skerp verlaging van kieserstalle in sentrale gebiede dat afdelings afgeskaf moes word. Die oorblywende afdelings kon om verskeie redes nie laag belaai of ontlaai word nie want daar was onder meer sprake van herlewing in die sentrale gebiede en van die moontlikheid dat meer verblyfplekke daar voorsien kon word. U Kommissie het wel gebiede waar daar 'n groot toename in die bevolking was en nog verwag word, gebruik vir die instelling van nuwe kiesafdelings. Of die bevolking in hierdie gebiede so sal toeneem as wat die geval was om en in die nuwe afdelings van die vorige kommissie, sal die tyd alleen leer.

7.10 Plaaslike bestuursgrense is deur u Kommissie as van besondere belang in die afbakening van stedelike gebiede beskou. In 'n sekere mate dui munisipale en selfs voorstedelike grense op 'n gemeenskaplikheid van belange en die

organisation of parliamentary, provincial and municipal elections is facilitated if the boundaries of an electoral division coincide with those of a city or town. If it becomes necessary to divide a city into more than one electoral division, the boundaries of such divisions become more conveniently, clearly and readily discernible if they coincide with the boundaries of suburbs. Examples of how your Commission made use of all these boundaries are to be found in the Report, *inter alia* in the delimitation of East London, the division of Durban into seven urban divisions, the delimitation of Pietermaritzburg, the attempts to place the municipal area of Bloemfontein in four divisions, and the delimitation of Pretoria and Johannesburg.

In the delimitation of cities or towns, your Commission made use of maps of local authority areas. These maps were drawn to a bigger scale than the provincial maps. Unfortunately, this bigger scale was not always the same, even for contiguous areas. Because local authority boundaries do not always coincide with the boundaries of polling districts, it sometimes happened that a polling district was not shown in full on one map and that its boundaries then had to be traced on two and even three maps. Further delays and inconvenience were caused where the different maps were not drawn to the same scale. Uniformity in this regard would eliminate a great many difficulties.

7.11 Not only did magisterial district boundaries often become divisional boundaries, but your Commission also tried, wherever possible, to place magisterial districts undivided in electoral divisions. Some examples of this are to be found in the Report in the description of the delimitation of South-Western Cape, the Eastern Cape Province and the Western Transvaal. In this regard, your Commission's work was held up and even made more difficult by the fact that the boundaries of magisterial districts and polling districts did not always coincide. During the delimitation of the Western Transvaal, there were five cases in which your Commission had to ask for the division of polling districts that intersected the boundaries of magisterial districts; there was various other cases where existing boundaries fortunately did not coincide with the boundaries of proposed divisions. Your Commission did not attempt to collect full information on this subject, but considers that the authorities concerned do not consult one another sufficiently or that there is not sufficiently close co-operation between them in the determination of the boundaries of polling districts, magisterial districts, local authorities and municipal wards and blocks.

7.12 The number of special electoral divisions, i.e. those covering an area of 25 000 square kilometres or more or with an unload of over 15%, decreased by three. In the Cape Province, the Electoral Division of Griqualand East was abolished, while Aliwal, which had also been affected by the attainment of independence by Transkei and the alteration of provincial boundaries, was no longer big enough to qualify as a special division. This province retains its other ten special divisions. In the Orange Free State, Fauresmith retains its special status. One of the four special electoral divisions in the Transvaal, Marico, was abolished without any other division being created in its stead.

7.13 In submitting their schemes and alternative schemes, the representatives of the political parties explained which factors had influenced them in their delimitation. It was clear that they had given serious consideration to their original proposals, as well as to the further comment and divisions for which they had been asked. Your Commission was most appreciative of their co-operation and went thoroughly into their evidence and proposals. It was striking how many proposals concerning the abolition of divisions, the constitution of new divisions, and the transfer of voters and areas corresponded. Where your Commission found it expedient to do so, the proposals put forward by all three the parties or by two or only one of them were accepted and used in the delimitation. Your Commission

organisasie van parlementêre, provinsiale en munisipale verkiesings word vergemaklik as die grense van 'n kiesafdeling op die grense van 'n stad of dorp val. Waar dit nodig is om 'n stad in meer as een afdeling te verdeel, word die grense geriefliker, duideliker en makliker waarneembaar as hulle saamval met die grense van voorstede. Voorbeelde van hoe u Kommissie van al hierdie grense gebruik gemaak het, blyk uit die Verslag onder andere by die afbakening van Oos-Londen, die verdeling van Durban in sewe stedelike afdelings, die afbakening van Pietermaritzburg die pogings om Bloemfontein se munisipale gebied in vier afdelings te plaas en die afbakening van Pretoria en Johannesburg.

By die afbakening van stede of dorpe het u Kommissie kaarte van plaaslike bestuursgebiede gebruik. Hierdie kaarte was volgens 'n groter skaal as die provinsiale landkaarte opgestel. Ongelukkig was die groter skaal soms selfs by aangrensende gebiede nie dieselfde nie. Omdat plaaslike bestuursgrense nie altyd met stemdistriksgrense saamval nie, het dit gebeur dat 'n stemdistrik soms nie volledig op een kaart voorgekom het nie en dan op twee en selfs drie kaarte opgespoor moes word. Daar was dan verdere tydsverspilling en ongerief as die verskillende kaarte nog boonop nie volgens dieselfde skaal saamgestel is nie. Eenvormigheid in hierdie verband sou heelwat moeilikheid uitskakel.

7.11 Landdrosdistriksgrense het nie alleen dikwels afdelingsgrense geword nie, maar u Kommissie het ook probeer om landdrosdistrikte, waar moontlik, onverdeeld in kiesafdelings te plaas. Voorbeelde hiervan word onder meer in die Verslag gevind by die beskrywing van die afbakening van Suid-Wes-Kaap, die Oostelike Kaapprovinsie en Wes-Transvaal. In hierdie opsig was u Kommissie se taak vertraag en selfs bemoeilik deur die feit dat die grense van landdrosdistrikte en stemdistrikte nie altyd saamval nie. Tydens die afbakening van Wes-Transvaal moes u Kommissie in vyf gevalle vra vir die verdeling van stemdistrikte wat landdrosdistriksgrense gesny het; daar was nog verskeie ander gevalle wat gelukkig nie met beoogde afdelingsgrense saamgeval het nie. U Kommissie het nie alle inligting oor die aangeleentheid probeer inwin nie, maar is van mening dat die betrokke instansies mekaar nie genoeg raadpleeg oor of nie genoeg saamwerk by die bepaling van die grense van stemdistrikte, landdrosdistrikte, plaaslike besture en munisipale wyke en blokke nie.

7.12 Die aantal spesiale kiesafdelings, dié met 'n oppervlakte van 25 000 vierkante kilometer of meer en 'n ontlading van meer as 15%, het met drie verminder. In die Kaapprovinsie is die kiesafdeling Griekwaland-Oos afgeskaf terwyl Aliwal wat ook deur die onafhanklikwording van Transkei en die verandering van provinsiale grense geraak is, nie meer groot genoeg is om as 'n spesiale afdeling te kwalifiseer nie. Die provinsie behou sy ander tien spesiale afdelings. In die Oranje-Vrystaat behou Fauresmith sy spesiale status. Een van Transvaal se vier spesiale kiesafdelings, Marico, is afgeskaf en geen ander is in sy plek gestel nie.

7.13 By die voorlegging van hulle skemas en alternatiewe skemas het die verteenwoordigers van die politieke partye verduidelik watter faktore hulle afbakening beïnvloed het. Dit was duidelik dat hulle ernstige oorweging aan hulle oorspronklike voorstelle gegee het, asook aan die verdere kommentaar en verdelings wat van hulle gevra is. U Kommissie het hulle samewerking hoog op prys gestel en hulle getuienis en voorstelle indringend ondersoek. Dit was opvallend hoeveel voorstelle oor die afskaffing van afdelings, die samestelling van nuwe afdelings en die oorplasing van kiesers en gebiede ooreengestem het. Waar u Kommissie dit doelmatig gevind het, is die voorstelle van al drie partye of twee of net een aanvaar en by die afbakening gebruik. Met inagneming van die wetsvoorskrifte, die

divided the four provinces into electoral divisions, as described later on in this Report, with due regard to the provisions of the law and to the proposals and the evidence.

CHAPTER II

CAPE OF GOOD HOPE

1. *Introduction.*

1.1 On the fixed date, the number of voters in the Cape Province totalled 694 452. With 55 electoral divisions, the quota per division, as calculated in terms of the Constitution Act, therefore came to 12 626. On 31 May 1973 (the date appointed for the commencement of the work of the Thirteenth Delimitation Commission), the total number of voters stood at 680 420. There had therefore been an increase of 14 032. As stated elsewhere in this Report, the general downward trend in the number of voters in the special divisions, as against a marked increase in the number of voters in the urban peripheral areas, was also apparent in the Cape Province. The statutory reduction of the areas of the Griqualand East and Aliwal Divisions, and the placement of the voters of Walvis Bay in the Division of Namaqualand, compled with the exceptional increase in the number of voters in the urban peripheral areas of the Western Cape, caused a sharp imbalance between the voting strengths in the divisions of the Western and the North-Western Cape and those of the other divisions in this province. In the divisions lying to the West of the Hottentots Holland, Franschhoek and Sederberg ranges (including the Divisions of Worcester and Namaqualand), there was a net increase of 22 826 voters (as compared with the total net increase of 14 032 in the province as a whole), whereas there was a net decrease of 8 794 in the rest of the province. As will appear more fully from what follows, it was necessary to abolish the Divisions of Griqualand East, Moorreesburg and Somerset East and to create three new divisions, De Kuilen, Sundays River and Wellington. The following divisions could be left unchanged: Gordonia, Oudtshoorn, Paarl, Uitenhage and Worcester. Only minor changes were made to the Divisions of George and Caledon, which had an increase of 15 and a loss of 189 voters, respectively. The following divisions only gained voters: Aliwal, Bellville, George, Cape Town-Gardens, Kimberley North, Mossel Bay, Port Elizabeth North, Sea Point, Simonstown and Vryburg. The following divisions only surrendered voters: Caledon, Durbanville, Humansdorp, Kimberley South, Kuruman, Parow, Stellenbosch and False Bay. The alteration of the boundaries of the Division of Rondebosch resulted in its name being changed to Claremont. The Division of Aliwal was not reconstituted as a special division.

1.2 The manner in which the Cape Province was delimited and the relevant considerations to which your Commission had regard are discussed under the following headings:

East London and the rural divisions of the Eastern Cape;

The urban divisions of Port Elizabeth, the Division of Humansdorp, and the rural divisions of the Cape Midlands;

The divisions of the South-Western Cape;

Kimberley and the rural divisions of the Northern Cape;

The Cape Peninsula and the divisions of the Western and North-Western Cape.

2. *East London and the rural divisions of the Eastern Cape.*

2.1 In the delimitation of this group of divisions, your Commission had to take into consideration a number of circumstances that made radical boundary alterations

voorstelle en die getuienis het u Kommissie die vier provinsies in kiesafdelings verdeel soos verder in die Verslag beskryf word.

HOOFSTUK II

KAAP DIE GOEIE HOOP

1. *Inleiding.*

1.1 Op die vasgestelde datum was die totale getal kiesers in die Kaapprovinsie 694 452. Met 55 kiesafdelings was die kwota per afdeling, soos bereken ingevolge die bepalings van die Grondwet, dus 12 626. Op 31 Mei 1973 (die vasgestelde datum vir die werksaamhede van die dertiende afbakeningskommissie) was die totale aantal kiesers 680 420. Daar was dus 'n vermeerdering van 14 032. Soos elders in die Verslag genoem is, het die algemene neiging tot die afname van kiesers in die spesiale afdelings teenoor 'n opmerklike toename van kiesers in die stedelike randgebiede ook in die Kaapprovinsie voorgekom. Die statutêre gebiedsvermindering van die afdelings Griekwaland-Oos en Aliwal, en die plasing van die kiesers van Walvisbaai in die afdeling Namakwaland, het, tesame met die besondere toename van kiesers in die stedelike randgebiede van Westelike Kaap 'n skerp wanbalans veroorsaak tussen kieserstalle in die afdelings van die Westelike en Noord-Westelike Kaap en dié van die ander afdelings in die provinsie. In die afdelings geleë aan die westekant van die Hottentotsholland-, Franschhoek-, en Sederbergreeks (insluitende die afdelings Worcester en Namakwaland) was daar 'n netto toename van 22 826 kiesers (teenoor die totale netto toename van 14 032 in die hele provinsie) terwyl daar in die res van die provinsie 'n netto afname van 8 794 was. Soos meer volledig hierna sal blyk, was dit nodig om die afdelings Griekwaland-Oos, Moorreesburg en Somerset-Oos te laat verdwyn en is drie nuwe afdelings, De Kuilen, Sondagsrivier en Wellington geskep. Die volgende afdelings kon onveranderd gelaat word: Gordonia, Oudtshoorn, Paarl, Uitenhage en Worcester. Slegs geringe veranderings is aan die afdelings George en Caledon aangebring wat onderskeidelik 15 kiesers bygekry het en 189 afgestaan het. Die volgende afdelings het slegs kiesers bygekry: Aliwal, Bellville, George, Kaapstad-Tuine, Kimberley-Noord, Mosselbaai, Port Elizabeth-Noord, Seepunt, Simonstad en Vryburg. Die volgende afdelings het slegs kiesers afgestaan: Caledon, Durbanville, Humansdorp, Kimberley-Suid, Kuruman, Parow, Stellenbosch en Valsbaai. Die grensveranderings aan die afdeling Rondebosch het veroorsaak dat sy naam na Claremont verander is. Die afdeling Aliwal is nie as 'n spesiale afdeling hersaamgestel nie.

1.2 Die wyse waarop die Kaapprovinsie afgebaken is en die tersaaklike oorwegings wat deur u Kommissie in ag geneem is, word bespreek aan die hand van die volgende indelings:

Oos-Londen en die plattelandse afdelings van Oos-Kaapland;

Die stedelike afdelings van Port Elizabeth, die afdeling Humansdorp en die plattelandse afdelings van die Kaapse-Middellande;

Die afdelings van die Suid-Westelike Kaap;

Kimberley en die plattelandse afdelings van Noord-Kaapland;

Die Kaapse Skiereiland en die afdelings van die Westelike en Noordwestelike Kaap.

2. *Oos-Londen en die plattelandse afdelings van Oos-Kaapland.*

2.1 Met die afbakening van hierdie groep afdelings moes u Kommissie rekening hou met 'n aantal omstandighede wat ingrypende grensverskuiwings onvermydelik gemaak

unavoidable. The transfer of Griqualand East to Natal, and the attainment of independence by the Transkei, left the special Division of Griqualand East with an area of 4 066 square kilometres and 6 195 voters, and the special Division of Aliwal with an area of 15 153 square kilometres and 8 279 voters. The general downward trend in the number of voters in divisions falling within the cities of the Republic was also apparent in the Divisions of East London North and East London City, which showed decreases of 1 026 and 2 579, respectively. In contrast, there was an increase of 1 802 voters in the Division of King William's Town, which left this division with a load of 16,8%, and an increase of 559 in the Division of Albany, which was left with a load of 4,6% as against an earlier unload of 2,5%. The downward trend in the number of voters in the special divisions resulted in a decline in the voting strength in Cradock by 870, while decreases of 1 449 and 611 left the Divisions of De Aar and Graaff-Reinet with unloads of 34,9 and 32,7%, respectively. In the case of Queenstown, an ordinary rural division, a decrease of 1 492 left this division with an unload of 21,4%.

As any attempt to constitute the Division of Griqualand East, even as an ordinary division, would have given rise to considerable consequential alterations of the boundaries of other divisions, your Commission decided to abolish this division, as was also proposed by all the parties. As will appear later, this decision tied in with the need to create at least one new division owing to the sharp increase in voters in the Divisions of Durbanville, Helderberg and Stellenbosch.

Not one of the parties suggested that the Division of Aliwal be reconstituted as a special division. Apart from the considerable boundary alterations that would have resulted from such a step, this would in all probability also have left this division with two high a load. A further consideration, which made your Commission decide not to reconstitute Aliwal as a special division, was that the lower load that may have resulted might have contributed, albeit indirectly, to the absorption of the remaining voters in the Division of Griqualand East. A more specific account is given below of how the above situation was dealt with.

2.2 The remaining voters of the Division of Griqualand East were transferred to the Divisions of Queenstown and King William's Town. By transferring the Magisterial District of Stutterheim from Griqualand East and the Magisterial Districts of Cathcart, Hofmeyr, Hewu and the town of Whittlesea and environs, which fall within the Magisterial District of Queenstown, and the remaining portion of the Magisterial District of Sterkstroom, which at present falls outside the Division of Queenstown, from the Division of Cradock to Queenstown, Queenstown gained 3 022 voters and could surrender 2 486 voters to the Division of Aliwal. This was achieved mainly by adding the towns of Dordrecht, Burgersdorp and Indwe and their environs to the Division of Aliwal. This had the effect, at the same time, of bringing the Magisterial Districts of Wodehouse, Albert and Indwe entirely within the last-mentioned division. For numerical considerations, 391 voters from the Division of De Aar were also added to Queenstown. The above alterations in boundaries leave the Division of ALIWAL with a voting strength of 10 765, which amounts to an unload of 14,7%, and leave QUEENSTOWN with a voting strength of 10 856 and hence an unload of 14,0%.

2.3 With its present unload of 34,9%, it was necessary to add voters to the Division of De Aar as a first step. Apart from the transfer from the Division of Beaufort West of that portion of the Magisterial District of Britstown which does not already fall within the Division of De Aar, your Commission also deemed it appropriate to transfer the Magisterial Districts of Hopetown and Herbert from the Division of

het. Die oordrag van Griekwaland-Oos na Natal en die onafhanklikwording van Transkei, het die spesiale afdeling Griekwaland-Oos met 'n oppervlakte van 4 066 vierkante kilometer en 6 195 kiesers gelaat en die spesiale afdeling Aliwal met 'n oppervlakte van 15 153 vierkante kilometer en 8 279 kiesers. Die algemene afwaartse neiging van kieserstalle in die binne-stedelike afdelings van die Republiek het ook voorgekom in die afdelings Oos-London-Noord en Oos-Londen-Stad met afnames van onderskeidelik 1 026 en 2 579. Daarteenoor was daar 'n toename van 1 802 kiesers in die afdeling King William's Town wat hierdie afdeling met 'n belading van 16,8% gelaat het en 'n toename van 559 in die afdeling Albanie wat met 'n belading van 4,6% gelaat is teenoor 'n vorige ontlading van 2,5%. Die neiging tot afname van kiesers in die spesiale afdelings het tot gevolg gehad dat die kieserstal in Cradock verminder het met 870 terwyl afnames van 1 449 en 611 die afdelings De Aar en Graaff-Reinet onderskeidelik met ontladings van 34,9 en 32,7% gelaat het. In die geval van Queenstown, 'n gewone plattelandse afdeling, het 'n afname van 1 492 die afdeling met 'n ontlading van 21,4% gelaat.

Omdat enige poging om die afdeling Griekwaland-Oos selfs as gewone afdeling saam te stel tot aansienlike opeenvolgende grensverskuiwings van ander afdelings sou lei, het u Kommissie besluit om, soos ook deur al die partye voorgestel is, hierdie afdeling te laat verdwyn. Soos later sal blyk het hierdie besluit ingeskakel by die noodsaaklikheid om ten minste een nuwe afdeling te skep vanweë die skerp toename van kiesers in die afdelings Durbanville, Helderberg en Stellenbosch.

Nie een van die partye het voorgestel dat die afdeling Aliwal as spesiale afdeling hersaamgestel moes word nie. Afgesien van die aansienlike grensverskuiwings wat so 'n stap sou meebring, sou dit die afdeling ook in alle waarskynlikheid met 'n te hoë belading gelaat het. 'n Bykomende oorweging wat u Kommissie laat besluit het om Aliwal nie as sulks te herstel nie was dat die laer ontlading wat gevolglik moontlik was, kon bydra, alhoewel indirek, tot die absorbsie van die oorblywende kiesers in die afdeling Griekwaland-Oos. Vervolgens word meer spesifiek beskryf hoe daar met die situasie, soos hierbo beskryf, gehandel is.

2.2 Die oorblywende kiesers van die afdeling Griekwaland-Oos is na die afdelings Queenstown en King William's Town oorgeplaas. Deur die landdrosdistrik Stutterheim vanaf Griekwaland-Oos en die landdrosdistrikte Cathcart, Hofmeyer, Hewu en die dorp Whittlesea en omstreke wat binne die landdrosdistrik van Queenstown val, en die gedeelte van die landdrosdistrik van Sterkstroom wat tans buite die afdeling Queenstown val, vanaf die afdeling Cradock na Queenstown oor te plaas, het Queenstown 3 022 kiesers bygekry en kon dit 2 486 kiesers aan die afdeling Aliwal afstaan. Dit is hoofsaaklik bewerkstellig deur die dorpe Dordrecht, Burgersdorp en Indwe en hul omstreke by die afdeling Aliwal te voeg wat terselfdertyd meegebring het dat die landdrosdistrikte van Wodehouse, Albert en Indwe nou in geheel binne laasgenoemde afdeling val. Weens getalle-oorwegings is 391 kiesers uit die afdeling De Aar ook by Queenstown gevoeg. Bovermelde grensverskuiwings laat die afdeling ALIWAL met 'n kieserstal van 10 765 wat op 'n ontlading van 14,7% neerkom en QUEENSTOWN met 'n kieserstal van 10 856 en dus 'n ontlading van 14,0%.

2.3 Met 'n huidige ontladingssyfer van 34,9% moes die afdeling De Aar in die eerste plaas kiesers bykry. Benewens die oorplasing uit die afdeling Beaufort-Wes van die gedeelte van die landdrosdistrik van Britstown, wat nie reeds binne die afdeling De Aar val nie, het u Kommissie dit ook paslik gevind om die landdrosdistrikte Hopetown en Herbert vanaf die afdeling Prieska na De Aar oor te plaas.

Prieska to De Aar. Because of their location two of the polling districts north of the Riet and Modder Rivers also had to be transferred from the first-mentioned division to De Aar. With this alteration of boundaries, 2 664 voters were transferred to this division, which was able in its turn to surrender the Magisterial District of Venterstad with its 391 voters to the Division of Queenstown and the Magisterial District of Middelburg with its 1 876 voters to the Division of Graaff-Reinet. The Division of DE AAR was consequently left with an area of 42 317 square kilometres and 9 225 voters, which amount to an unload of 26,9%.

2.4 Because of the continued downward trend in voting strengths in the Division of East London North and East London City, your Commission deemed it advisable to leave these divisions with high loads. This object could be achieved by transferring voters from the Division of King William's Town to the Division of East London North, while King William's Town could in its turn be supplemented by voters from the Division of Griqualand East. More specifically, the residential area of Cambridge West, which falls within the municipal area of East London and links up with Cambridge so far as community of interests is concerned, could be transferred from the Division of King William's Town to East London North. With the exception of one block with 401 voters, the entire residential area of Amalinda, which also falls within the municipality of East London, could be transferred from King William's Town to East London North. After these additions had been made the difference between the number of voters in the Divisions of East London North and East London City could be adjusted by transferring the residential areas of Belgravia, Bunker's Hill, Selborne, Baysville and Stirling from the former to the latter division. For numerical considerations, East London City had in term to surrender voters, which could be done by transferring the residential areas of Rosemount and Sunnyridge with their 1 220 voters to the Division of Albany. Although both these two residential areas fall within the municipal area of East London and your Commission would have preferred to keep them there, this was not practicable. A proposal put forward by one of the parties, in terms of which the residential areas of Woodbrook and Gately would also have been transferred to Albany, was not acceptable as this would have brought Albany too far into the urban area of East London. With these boundary alterations, your Commission left the Divisions of EAST LONDON NORTH and EAST LONDON CITY with loads of 14,5% and 14,6%, respectively. Your Commission felt that it would have been desirable to add the suburban areas of Nahoon (in the Division of King William's Town) and Gonubie (in the Division of Griqualand East) to the East London North Division as well, because of their urban nature and their community of interests with East London. This was not possible, however, for numerical considerations. However, Gonubie could be transferred to the Division of King William's Town, with the result that these two suburbs now fall in the same division.

2.5 Because of the transfer of the above-mentioned municipal areas of East London from King William's Town, the latter division had to acquire voters. In the strength of considerations of area and community of interests, your Commission decided to transfer the Komga Magisterial District with 1 879 voters, the town of Kei Road and environs (falling partly within the magisterial District of King William's Town) with 197 voters, the East London suburban areas of Cintsa Mouth and Queensberry Bay with 492 voters, and Gonubie Mouth with 1 987 voters from the Division of Griqualand East to King William's Town. Numerical considerations further required the transfer of the Redhill area and Mdantsane and environs, with 302 voters, to King William's Town from the Division of Albany. These boundary alterations left the Division of KING WILLIAM'S TOWN with a voting strength of 13 517, which amounts to a load of 7%.

Weens hul ligging moes twee stemdistrikte aan die noordekant van die Riet-en Modderrivier ook uit eersgenoemde afdeling na De Aar oorgeplaas word. Met hierdie grensverskuiwings is 2 664 kiesers aan die afdeling oorgedra en kon dit op sy beurt die landdrosdistrik van Venterstad met 391 kiesers aan die afdeling Queenstown en die landdrosdistrik van Middelburg met 1 876 kiesers aan die afdeling Graaff-Reinet afstaan. Die afdeling DE AAR is gevolglik gelaat met 'n oppervlakte van 42 317 vierkante kilometer en 9 225 kiesers wat op 'n ontlading van 26,9% neerkom.

2.4 Weens die voortgesette neiging tot afname van kieserstalle in die afdelings Oos-Londen-Noord en Oos-Londen-Stad het u Kommissie dit gerade geag om hierdie afdelings met hoë beladings te laat. Hierdie oogmerk kon bereik word deur kiesers van die afdeling King William's Town oor te plaas na die afdeling Oos-Londen-Noord terwyl King William's Town op sy beurt weer aangevul kon word uit die afdeling Griekwaland-Oos. Meer spesifiek kon die woonbuurt Cambridge-West wat binne die munisipale gebied van Oos-Londen val en skakel met Cambridge sover dit gemeenskaplikheid van belange betref, uit die afdeling King William's Town na Oos-Londen-Noord oorgeplaas word. Met die uitsondering van een blok met 401 kiesers kon die hele Amalinda-woonbuurt wat ook in die munisipaliteit van Oos-Londen val vanaf King William's Town na Oos-Londen-Noord oorgeplaas word. Na hierdie byvoegings kon die getalle-verskil tussen die afdelings Oos-Londen-Noord en -Stad aangesuiwer word deur die woongebiede Belgravia, Bunker's Hill, Selbourne, Baysville en Stirling vanaf eersgenoemde afdeling na laasgenoemde oor te plaas. Weens getalle-oorwegings moes Oos-Londen-Stad op sy beurt weer kiersers afgee en dit kon gedoen word deur die woonbuurtes Rosemount en Synnyridge met 1 220 kiesers na die afdeling Albanie oor te plaas. Alhoewel hierdie twee woonbuurtes binne die munisipale gebied van Oos-Londen val en u Kommissie dit verkieslik daar sou wou behou het, was dit egter nie prakties moontlik nie. 'n Voorstel van een van die partye wat behels het dat die woongebiede Woodbrook en Gately ook na Albanie oorgeplaas moes word, was nie aanvaarbaar nie aangesien dit Albanie te ver binne die stedelike gebied van Oos-Londen sou inbring. Met hierdie grensverskuiwings het u Kommissie die afdelings OOS-LONDEN-NOORD en OOS-LONDEN-STAD met beladings van onderskeidelik 14,5% en 14,6% gelaat. U Kommissie was die mening toegedaan dat dit wenslik sou gewees het indien die voorstedelike gebiede Nahoon (in die afdeling King William's Town) en Gonubie (in die afdeling Griekwaland-Oos) weens hul stedelike karakter en gemeenskaplikheid van belange met Oos-Londen, ook by Oos-Londen-Noord gevoeg kon word. Weens getalle-oorwegings was dit egter nie moontlik nie. Gonubie kon egter na die afdeling King William's Town oorgeplaas word met die gevolg dat hierdie twee voorstede nou in dieselfde afdeling val.

2.5 Weens die oorplasing van die voormelde munisipale gebiede van Oos-Londen uit King William's Town moes laasgenoemde afdeling kiesers bykry. Met inagneming van oppervlakte-oorwegings en gemeenskaplikheid van belange het u Kommissie dit goed gedink om die Komga-landdrosdistrik met 1 879 kiesers, die dorp Kei-Road en omstreke (wat gedeeltelik binne die landdrosdistrik van King William's Town val) met 197 kiesers, die Oos-Londen voorstedelike gebiede Cintsa Mouth en Queensberry Bay met 492 kiesers en Gonubie Mouth met 1 987 kiesers van die afdeling Griekwaland-Oos na King William's Town oor te plaas. Getalle oorwegings het verder geverg dat die Redhill-gebied en Mdantsane en omstreke met 302 kiesers ook na King William's Town oorgeplaas word vanaf die afdeling Albanie. Met hierdie verskuiwings is die afdeling KING WILLIAM'S TOWN gelaat met 'n kieserstal van 13 517 wat op 'n belading van 7% neerkom.

2.6 The addition of Rosemount and Sunnyridge to the Division of ALBANY made it necessary for this division to surrender some voters so that it could be left with a reasonable load. This was done by transferring Redhill and Mdantsane to King William's Town, as previously stated, and by transferring a portion of the Magisterial District of Alexandria, within which the town of Alexandria falls, to the Division of Somerset East (which will henceforth be known as Sundays River). The result is that the entire Magisterial District of Alexandria now falls within one electoral division. This alteration of boundaries leaves ALBANY with a voting strength of 13 259, which represents a load of 5%.

3. *The Urban Divisions of Port Elizabeth, the Division of Humansdorp, and the Rural Divisions of the Midlands.*

3.1. Like the other major urban complexes in the Republic, Port Elizabeth also showed a marked drop in the number of voters in the divisions in the city itself, as against an increase in numbers in the urban peripheral areas. In the Divisions of Port Elizabeth North and Port Elizabeth Central, the total number of votes dropped by 5 181, leaving Port Elizabeth Central with an unload of as much as 16,9% on the fixed date. The Divisions of Newton Park and Walmer showed increases of 370 and 602, respectively. In contrast, there was an increase of 2 118 in the Division of Algoa, which left this division with a load of 24,0%. The increase of 3 142 in the number of voters in the Division of Humansdorp, which took place mainly in the urban areas of Port Elizabeth which have been added to this division, left it with a load of 12,9%, as against the earlier unload of 14,3%. In the Divisions of Somerset East, Graaff-Reinet and Cradock the number of voters declined by 1 095, 611 and 870, respectively, leaving these divisions with unlaods exceeding the statutory limits. Radical alterations to the boundaries of the divisions under discussion here were consequently unavoidable to rectify the position. At present, the residential areas of Walmer and Newton Park are incorporated in the municipality of Port Elizabeth. However, parts of the municipal area of Port Elizabeth fall within the Divisions of Humansdorp and Somerset East, and the five urban electoral divisions also include areas that are not part of the municipal area in question. As your Commission considered the possibility of delimiting the urban divisions in such a way that they would consist only of the municipal areas of Port Elizabeth, the parties were requested to submit proposals to your Commission in regard to the feasibility of this idea. However, after consideration of the proposals received, for which your Commission has to thank the parties, it appeared that the divisions concerned could not be delimited in this way. However, your Commission nevertheless tried, as far as possible, to include in the divisions concerned those municipal areas at present falling outside them. As will appear later, a result of this was that the shortfalls in the divisions concerned were not necessarily made good from the surrounding divisions with the highest loads alone. An account now follows of the more important alterations that were made to boundaries.

3.2 Those portions of the residential areas of Charlo, Mount Pleasant and Lovemore Heights, which have 2 298 voters and fall within the municipal area of Port Elizabeth, were transferred from the Humansdorp Division to the Newton Park Division. A portion of polling district 955, which has 209 voters and is linked with these residential areas but does not fall within the municipality of Port Elizabeth, was also transferred to the latter division. Furthermore, the portion of the Lorraine residential area that also falls within Humansdorp was transferred to Newton Park, the result being that the entire Lorraine residential area now falls within the latter division. The rural part of Polling District 955 with its 124 voters was transferred from

2.6 Die toevoeging van Rosemont en Sunnyridge tot die afdeling ALBANIE het genoodsaak dat laasgenoemde afdeling kiesers moes afstaan om met 'n gangbare belading gelaat te kon word. Dit is bewerkstellig deur Redhill en Mdantsane na King William's Town oor te plaas soos reeds vermeld is, en 'n gedeelte van die landdrosdistrik van Alexandria waarin die dorp Alexandria val na die afdeling Somerset-Oos (wat voortaan Sondagsrivier sal heet), oor te plaas. Die hele landdrosdistrik van Alexandria val dus nou binne een kiesafdeling. Hierdie grensverskuiwings laat ALBANIE met 'n kieserstal van 13 259 wat op 'n belading van 5% neerkom.

3. *Die stedelike afdelings van Port Elizabeth, die afdeling Humansdorp en die plattelandse afdelings van die Middellande.*

3.1 Soos in die geval van die ander groter stedelike komplekse van die Republiek was daar in Port Elizabeth ook 'n merkbare afname van kieserstalle in die binne-stedelike afdelings teenoor 'n vermeerdering van getalle in die stedelike randgebiede. In die afdelings Port Elizabeth-Noord en Port Elizabeth-Sentraal was daar 'n totale afname van 5 181 kiesers wat Port Elizabeth-Sentraal op die vasgestelde datum met 'n ontlading van so hoog as 16,9% gelaat het. Die afdelings Newton Park en Walmer het onderskeidelik toenames van 370 en 602 gehad. Daarteenoor was daar 'n toename van 2 118 in die afdeling Algoa wat dit met 'n belading van 24,0% gelaat het. Die toename van 3 142 in die afdeling Humansdorp wat oorwegend plaasgevind het in die stedelike gebiede van Port Elizabeth wat by hierdie afdeling ingesluit is, het die afdeling met 'n belading van 12,9% gelaat teenoor 'n vorige ontlading van 14,3%. In die afdelings Somerset-Oos, Graaff-Reinet en Cradock was die afnames onderskeidelik 1 095, 611 en 870 wat hierdie afdelings gelaat het met ontladings wat die statutêre perke oorskry. Ingrypende grensverskuiwings om die afdelings nou onder bespreking reg te stel was dus onvermydelik. Die woongebiede Walmer en Newton Park is tans by die munisipaliteit van Port Elizabeth ingelyf. Gedeeltes van die munisipale gebied van Port Elizabeth val egter in die afdelings Humansdorp en Somerset-Oos, en die vyf stedelike kiesafdelings behels ook areas wat nie deel van die betrokke munisipale gebied is nie. Aangesien u Kommissie die moontlikheid oorweeg het om die stedelike afdelings so af te baken dat hulle slegs uit die munisipale gebied van Port Elizabeth sou bestaan, was die partye versoek om voorstelle aan u Kommissie voor te lê ten opsigte van die praktiese uitvoerbaarheid van hierdie gedagte. Na oorweging van die voorstelle wat ingedien was, en waarvoor u Kommissie die partye dank verskuldig is, het dit egter geblyk dat die betrokke afdelings nie so afgebaken kon word nie. U Kommissie het egter nietemin gepoog om, sover moontlik, die munisipale gebiede wat tans buite die betrokke afdelings val, daarby in te sluit. Dit het ook daartoe gelei, soos hierna sal blyk, dat die tekorte in die betrokke afdelings nie noodwendig aangevul was net uit die omgrensende afdelings met die hoogste beladings nie. Die belangriker grensverskuiwings wat aangebring is, word vervolgens beskryf.

3.2 Vanaf die afdeling Humansdorp is die gedeeltes van die woongebiede Charlo, Mount Pleasant en Lovemore Heights met 2 298 kiesers wat binne die munisipale gebied van Port Elizabeth val, oorgeplaas na die afdeling Newton Park. 'n Gedeelte van stemdistrik 955 met 209 kiesers wat by hierdie woongebiede inskakel, maar nie in die munisipaliteit van Port Elizabeth val nie, is ook na laasgenoemde afdeling oorgeplaas. Verder is die gedeelte van die Lorrainewoongebied wat ook in Humansdorp val na Newton Park oorgeplaas met die gevolg dat die hele Lorraine-woongebied nou binne laasgenoemde afdeling val. Die plattelandse gedeelte van stemdistrik 955 met 124 kiesers is na die afdeling Walmer vanaf Humansdorp oorgeplaas.

Humansdorp to the Walmer Division. these transfers from Humansdorp, and the transfer of Gouna with its 15 voters to the Division of George, leave HUMANSDORP with a voting strength of 11 244, which represents an unload of 10,9%.

3.3 After the addition of voters from Humansdorp, the Division of Newton Park could surrender Millpark and its immediate environs with 3 509 voters to Port Elizabeth Central to make up the latter division's shortfall of voters. Newton Park could also relinquish a part of the suburb Framesby with 239 voters to the Algoa Division, the entire Framesby now falling within Algoa. That portion of Fairview that fell within the Division of Walmer was transferred from this division to Newton Park, as a result of which the entire residential area of Fairview now falls within the latter division. These boundary alterations leave NEWTON PARK with a voting strenght of 13 432, which amounts to a load of 6,4%. The Division of Walmer is left with a voting strength of 13 914, which comes to a load of 10,2%.

3.4 By transferring the municipal area of Despatch and its environs with 6 945 voters from ALGOA to the Division of Somerset East and by transferring Algoa Park from Somerset East, your Commission could simultaneously make good the shortfall of voters in the latter division and integrate Algoa Park, which falls within the municipality of Port Elizabeth, with Algoa. This change of boundaries leaves ALGOA with a voting strength of 13 708, which represents a load of 8,5%.

3.5 Your Commission also deemed it advisable to transfer the residential areas of Redhouse, Bluewater Bay and Amsterdamhoek, all three of which fall within the municipal area of Port Elizabeth, from the Somerset East Division to Port Elizabeth North. To give Port Elizabeth Central and North comparable loads, 221 voters were transferred from Port Elizabeth Central to Port Elizabeth North. These boundary changes leave PORT ELIZABETH NORTH with a voting strength of 13 305, which represents a load of 5,3%, and PORT ELIZABETH CENTRAL with 13 779 voters, which is equivalent to a load of 9,1%.

3.6 The addition of Despatch to Somerset East and the transfer of Bluewater Bay, Amsterdamhoek and Algoa Park from this division to the urban complex of Port Elizabeth, left this division with a load of 2,9%, which necessitated further changes to its boundaries. Considering the community of interests, your Commission transferred the entire Magisterial District of Somerset East with its 1 956 voters to the Cradock Division, which, after the addition of voters from the Graaff-Reinet Division resulting from the transfer of the Magisterial District of Pearston with 356 voters, was in turn able to surrender voters to Queenstown, as described above. Because of this transfer, Somerset East had to be given voters, and the portion of the Magisterial District of Alexandria falling within Albany was transferred to Somerset East, so that the entire Magisterial District of Alexandria now falls within one and the same division. Because of numerical considerations, a portion of the Magisterial District of Uitenhage lying to the west of the town of Uitenhage was also transferred to Somerset East. These boundary changes were of such a radical nature that the existing division almost disappeared and, as the entire Magisterial District of Somerset East now falls outside the reconstituted division, a change of name was unavoidable. Your Commission deemed the name SUNDAYS RIVER to be appropriate, since the Sundays River Valley constitutes a significant portion of this division and it also well known.

Hierdie oorplasings vanaf Humansdorp tesame met die oorplasing van Gouna met 15 kiesers na die afdeling George, laat HUMANSDORP met 'n kieserstal van 11 244 wat op 'n ontlading van 10,9% neerkom.

3.3 Met die bovermelde toevoeging van kiesers uit Humansdorp kon die afdeling Newton Park, Millpark en sy onmiddellike omstreke met 3 509 kiesers aan Port Elizabeth-Sentraal afstaan om laasgenoemde afdeling se tekort aan kiesers aan te vul. Dit kon ook aan die afdeling Algoa 'n gedeelte van die Framesby voorstad met 239 kiesers afstaan, met die gevolg dat die hele Framesby nou binne Algoa val. Vanaf die afdeling Walmer is die gedeelte van Fairview wat binne hierdie afdeling val oorgeplaas na Newton Park ingevolge waarvan die hele Fairviewwoongebied nou binne laasgenoemde afdeling val. Hierdie grensverskuiwings laat NEWTON PARK met 'n kieserstal van 13 432 wat op 'n belading van 6,4% neerkom. Die afdeling WALMER word gelaat met 'n kieserstal van 13 914 wat op 'n belading van 10,2% neerkom.

3.4 Deur die munisipale gebied van Despatch en sy omstreke met 6 945 kiesers van ALGOA oor te plaas na die afdeling Somerset-Oos en Algoa Park oor te plaas vanaf Somerset-Oos kon u Kommissie tergelykertyd die tekort aan kiesers in laasgenoemde afdeling aanvul en Algoa Park, wat binne die munisipaliteit van Port Elizabeth val, by Algoa inskakel. Hierdie grensverskuiwing laat Algoa met 'n kieserstal van 13 708 wat op 'n belading van 8,5% neerkom.

3.5 U Kommissie het dit ook gerade geag om die woongebiede Redhouse, Blue-Water Bay en Amsterdamhoek, wat aldrie binne die munisipale gebied van Port Elizabeth val, uit die afdeling Somerset-Oos na Port Elizabeth-Noord oor te plaas. Om die belading van Port Elizabeth-Sentraal en -Noord op vergelykbare vlak te plaas is 221 kiesers vanaf Port Elizabeth-Sentraal na Port Elizabeth-Noord oorgeplaas. Bovermelde grensverskuiwings laat PORT ELIZABETH-NOORD met 'n kieserstal van 13 305 wat op 'n belading van 5,3% neerkom en PORT ELIZABETH-SENTRAAL met 13 779 kiesers wat op 'n belading van 9,1% neerkom.

3.6 Met die toevoeging van Despatch by Somerset-Oos en die verwydering daaruit van Bluewater Bay, Amsterdamhoek en Algoa Park na die stedelike kompleks van Port Elizabeth, was hierdie afdeling met 'n belading van 2,9% gelaat en moes verdere veranderings aan sy grense dus aangebring word. Met inagneming van gemeenskaplikheid van belange, het u Kommissie die hele landdrosdistrik van Somerset-Oos met 1 956 kiesers na die afdeling Cradock oorgeplaas, wat op sy beurt en na aanvulling van kiesers uit die afdeling Graaff-Reinet deur die oorplasing van die landdrosdistrik Pearston met 356 kiesers, weer kiesers aan Queenstown kon afstaan soos reeds hierbo vermeld is. As gevolg van laasgenoemde oorplasing moes Somerset-Oos kiesers bykry en is die gedeelte van die landdrosdistrik van Alexandria wat in Albanie val, oorgeplaas na Somerset-Oos met die gevolg dat die hele landdrosdistrik van Alexandria nou binne een afdeling val. Weens getalle-oorwegings is 'n gedeelte van die landdrosdistrik van Uitenhage ten weste van die dorp Uitenhage ook na Somerset-Oos oorgeplaas. Hierdie grensverskuiwings was van so 'n ingrypende aard dat die bestaande afdeling feitlik verdwyn het en, omdat die hele landdrosdistrik van Somerset-Oos nou buite die herskepte afdeling val, was 'n naamsverandering onvermydelik. U Kommissie het die naam SONDAGSRIVIER as gepas beskou, aangesien die Sondagsrivier-vallei 'n betekenisvolle gedeelte van hierdie afdeling uitmaak en ook welbekend is.

3.7 The boundary changes to Cradock referred to above leave that Division with an area of 26 261 square kilometres and a voting strength of 9 936, which represents an unload of 21,3%.

3.8 With an unload of 32,7%, Graaff-Reinet had to be given more voters. The adjoining Magisterial District of Middelburg with its 1 876 voters could be transferred in its entirety from De Aar to Graaff-Reinet. Because this transfer left Graaff-Reinet with too small an unload, this division could surrender voters to Cradock and Somerset East, as previously stated. These changes leave GRAAFF-REINET with an area of 51 766 square kilometres and a voting strength of 9 259, which represents an unload of 26,6%.

3.9 The UITENHAGE Division has been left unchanged.

4. *The Divisions of the South-Western Cape.*

4.1 The changes in the voting strengths of the Divisions of Caledon, Swellendam, Mossel Bay, George and Oudtshoorn were so small relative to the changes in most of the other divisions in the Cape Province, that it was possible to make adjustments, where necessary, and yet to retain the natural boundaries of this group of divisions, namely the Hottentots Holland and Franschhoek Mountains to the west and the Swartberg Range to the north.

4.2 It was only in the case of the MOSSEL BAY Division, which had a drop of 588 in the number of its voters and thus has a present unload of 15,4%, that a change of boundaries was imperative. The shortfall of voters in this division was supplemented by adding to Mossel Bay the portion of the Magisterial District of Heidelberg that fell in Swellendam. The result if that the entire Magisterial District of Heidelberg now falls within Mossel Bay.

4.3 Because SWELLENDAM had to surrender voters to Mossel Bay, it was necessary to add voters to Swellendam. From the point of view of numbers, and also to meet the requirement of a community of interests, it seemed to your Commission that it would be desirable if polling district 922 of the Worcester Division lying to the west of the town of McGregor could be transferred to Swellendam. However, it appeared that the only road connection is a detour via Robertson, which falls within the Worcester Division. Your Commission consequently decided to transfer the polling district in which Baardskeerdersbos lies, which, numerically speaking, was the only alternative, from Caledon to Swellendam.

4.4 Apart from this minor change of boundaries, which was necessitated by the addition of Baardskeerdersbos to Swellendam, CALEDON could therefore be left unchanged.

4.5 In the GEORGE Division, the voting strength grew by 1 066, leaving this division with a load of 0,9%, compared with the previous unload of 1%. In response to a request by one of the parties, Gouna with 15 voters was transferred from Humansdorp to George. This polling district can be reached only through the Division of George, with which it can be linked equally well from the point of view of community of interests. The effect of your Commission's decision to leave this division with a voting strength of 12 751 is that it has a load of 1%, as against the unloads of 12,5%, 13,1%, 13,3% and 9,2% left in the Divisions of Oudtshoorn, Mossel Bay, Swellendam and Caledon, respectively. However, your Commission considers that this difference can be justified by the fact that the Division of George includes the semi-urban towns of George and Knysna, as well as a concentration of developed holiday resorts such as Wilderness and Sedgefield. A further consequence is that this division has a considerably smaller area than the other divisions under discussion.

3.7 Die grensverskuiwings aan CRADOCK waarna hierbo verwys is, laat hierdie afdeling met 'n oppervlakte van 26 261 vierkante kilometer en 'n kieserstal van 9 936 wat op 'n ontlading van 21,3% neerkom.

3.8 Graaff-Reinet met 'n huidige ontlading van 32,7% moes kiesers bykry. Die aangrensende landdrosdistrik van Middelburg met 1 876 kiesers kon in sy geheel vanaf De Aar na Graaff-Reinet oorgeplaas word. Omdat hierdie oorplasing Graaff-Reinet met 'n te lae ontlading gelaat het kon dit kiesers aan Cradock en Somerset-Oos afstaan soos reeds hierbo vermeld is. Hierdie veranderings laat GRAAFF-REINET met 'n oppervlakte van 51 766 vierkante kilometers en 'n kieserstal van 9 259 wat op 'n ontlading van 26,6% neerkom.

3.9 Die afdeling UITENHAGE is onveranderd gelaat.

4. *Die afdelings van die Suidwestelike Kaap.*

4.1 Die veranderings in die kieserstalle van die afdelings Caledon, Swellendam, Mosselbaai, George en Oudtshoorn was, relatief tot die meerderheid van die ander afdelings in die Kaapprovinsie, van so 'n geringe aard dat dit moontlik was, om, waar nodig, regstellings te doen met behoud van die natuurlike grense van hierdie groep afdelings, te wete die Hottentotsholland- en Franschhoekberge aan die westekant en die Swartbergreeks aan die noordekant.

4.2 Slegs in die geval van die afdeling MOSSELBAAI met 'n afname van 588 kiesers en dus 'n huidige ontlading van 15,4% was 'n grensverskuiwing gebiedend. Die tekort aan kiesers in hierdie afdeling is aangesuiwer deur die gedeelte van die landdrosdistrik van Heidelberg wat tans in Swellendam val, daaraan by te voeg met die gevolg dat die hele landdrosdistrik van Heidelberg nou binne Mosselbaai val.

4.3 Omdat SWELLENDAM kiesers aan Mosselbaai moes afstaan, was dit nodig dat Swellendam kiesers moes bykry. Getalsgewyse en ook ten opsigte van die vereiste van gemeenskaplikheid van belange het dit vir u Kommissie voorgekom dat dit wenslik sou gewees het indien Stemdistrik 922 van die afdeling Worcester geleë ten weste van die dorp McGregor na Swellendam oorgeplaas kon word. Dit het egter geblyk dat die enigste padverbinding 'n ompad oor Robertson is wat in die afdeling Worcester val. U Kommissie het gevolglik besluit om die stemdistrik waarin Baardskeerdersbos geleë is, en wat getalsgewyse die enigste alternatief was, vanaf Caledon na Swellendam oor te plaas.

4.4 Afgesien van die geringe grensverskuiwing wat meegebring is deur die byvoeging van Baardskeerdersbos tot Swellendam kon CALEDON dus onveranderd gelaat word.

4.5 In die afdeling GEORGE het die kiesersgetal met 1 066 toegeneem en die afdeling met 'n belading van 0,9% gelaat teenoor 'n vorige ontlading van 1%. Ingevolge 'n versoek van een van die partye is Gouna met 15 kiesers uit Humansdorp na George oorgeplaas. Hierdie stemdistrik is toeganklik slegs deur die afdeling George en skakel sover dit gemeenskaplikheid van belange betref ewe goed met George. U Kommissie se besluit om hierdie afdeling met 'n kieserstal van 12 751 en dus 'n belading van 1% te laat bring mee dat sy belading verskil van die ontladings van 12,5%, 13,1%, 13,3% en 9,2% waarmee die afdelings Oudtshoorn, Mosselbaai, Swellendam en Caledon onderskeidelik gelaat is. U Kommissie is egter die mening toegedaan dat hierdie verskil regverdigbaar is aangesien die afdeling George die amper stedelike dorpe George en Knysna insluit asook 'n konsentrasie van ontwikkelde vakansieoorde soos Wilderness en Sedgefield. Sy oppervlakte is as gevolg hiervan ook aansienlik kleiner as die van die ander afdelings nou onder bespreking.

4.6 The OUDTSHOORN Division has been left unchanged.

4.7 Two of the parties proposed that voters from outside the natural boundaries of the divisions now under discussion be added to them. One of the parties suggested that Robertson, with its 2 757 voters, be transferred from the Division of Worcester to Swellendam with a view to reducing the unloads in these divisions to between 4% and 8%. This proposal entailed successive boundary changes that would ultimately have given 952 voters to Humansdorp. The other party suggested that Gordon's Bay and Franschhoek, which have a total of 2 153 voters, be transferred to Caledon from the Divisions of False Bay and Paarl, with the dual object of easing the concentration of voters in the Western Cape and transferring 1 215 voters to the Humansdorp Division. Because of the successive boundary changes entailed and the negative effect these proposals would have had in regard to the requirement of community of interests and, in the case of Gordon's Bay and Franschhoek, in regard to the retention of natural boundaries as well, these proposals were unacceptable to your Commission.

5. *The urban area of Kimberley and the Northern Cape Divisions.*

5.1 A striking feature of the electoral divisions in this area was the considerable increase of 3 378 in the number of voters in the special Division of Kuruman resulting from the development of Sishen. This division was therefore in a position to surrender voters to the Divisions of Prieska and Vryburg, which had decreases of 642 and 100, respectively. Although Kimberley North had a drop of 1 040 in the number of its voters, which left it with an unload of 7,8%, there was an increase of 898 in the Kimberley South Division. Two of the parties suggested that the Division of Prieska, which could receive voters from Kuruman, should surrender 368 voters to Kimberley South, and that Kimberley North should receive additional voters from Kimberley South. However, your Commission considered that such a small addition was outweighed by the desirability of leaving the outer boundaries of these two divisions unchanged, except for a single exception referred to below.

5.2 By transferring a number of blocks with 1 018 voters from polling district 1 117 from KIMBERLEY SOUTH to KIMBERLEY NORTH, your Commission could leave these two divisions with an unload of 1,6% and a load of 0,3%, respectively. The exception referred to above relates to a portion of polling district 640 in the Division of Kuruman, which falls within the Magisterial District of Warrenton and in which there were no voters on the fixed date, but which is completely separated from the Kuruman Division by part of the territory of the independent State of Bophuthatswana.

5.3 The number of voters of KURUMAN was reduced to 9 311 by adding the town of Reivilo and its environs, in which there are 493 voters and which falls within the Magisterial District of Vryburg, to the Vryburg Division and by adding Postmasburg and environs, Lime Acres and invirons, as well as four polling districts, on the western side of the Vaal River situated in the Magisterial District of Herbert, to the Prieska Division.

5.4 After the above additions, which increased the number of voters in PRIESKA by 2 842, Prieska was in turn able to surrender voters to the Division of De Aar, which at present has an unload of 34,9%. These boundary changes leave Prieska with an unload of 29%. The area surrendered to De Aar by Prieska includes that portion of the Magisterial District of Herbert that lies to the east of the Vaal River, the entire Magisterial District of Hopetown, and that portion of the Magisterial District of Kimberley that lies north of the Riet River and does not fall in Kimberley South.

4.6 Die afdeling OUDTSHOORN is onveranderd gelaat.

4.7 Twee van die partye het voorgestel dat kiesers van buite die natuurlike grense van die afdelings nou onder bespreking gevoeg word. Een het voorgestel dat Robertson met 2 757 kiesers vanuit die afdeling Worcester na Swellendam oorgeplaas word met die oogmerk om die ontladings in hierdie afdelings op 'n laer vlak van tussen 4 en 8% te stel. Hierdie voorstel het opeenvolgende grensverskuiwings behels wat uiteindelik 952 kiesers aan Humansdorp sou besorg. Die ander party het voorgestel dat Gordonsbaai en Franschhoek met 'n totale kieserstal van 2 153 uit die afdelings Valsbaai en Paarl na Caledon oorgeplaas word met die tweeledige oogmerk om die konsentrasie van kiesers in Wes-Kaapland te verlig en 1 215 kiesers na die afdeling Humansdorp deur te voer. As gevolg van die opeenvolgende grensverskuiwings en die negatiewe uitwerking wat hierdie voorstelle sou meebring met betrekking tot die vereiste van gemeenskaplikheid van belange en, in die geval van Gordonsbaai en Franschhoek, ook met betrekking tot die behoud van natuurlike grense, het u Kommissie hierdie voorstelle nie aanneemlik gevind nie.

5. *Die stedelike gebied van Kimberley en die Noord-Kaaplandse afdelings.*

5.1 'n Opvallende omstandigheid met betrekking tot die kiesafdelings in hierdie area was die aansienlike toename van 3 378 in die kieserstal van die spesiale afdeling Kuruman weens die ontwikkeling by Sishen. Hierdie afdeling was dus in staat om kiesers af te staan aan die afdelings Prieska en Vryburg wat onderskeidelik afnames van 642 en 100 gehad het.

Alhoewel Kimberley-Noord 'n afname van 1 040 kiesers gehad het, wat dit met 'n ontlading van 7,8% gelaat het, was daar 'n toename van 898 in die afdeling Kimberley-Suid. Twee van die partye het voorgestel dat die afdeling Prieska wat kiesers uit Kuruman kon ontvang, 368 kiesers aan Kimberley-Suid afstaan en dat Kimberley-Noord kiesers uit Kimberley-Suid bykry. U Kommissie was egter die mening toegedaan dat so 'n gerige toevoeging nie opweeg teen die wenslikheid om die buite-grense van hierdie twee afdelings, met 'n enkele uitsondering waarna hieronder verwys word, ongeskonde te laat nie.

5.2 Deur 'n aantal blokke uit stemdistrik 1 117 vanaf KIMBERLEY-SUID met 1 018 kiesers na KIMBERLEY-NOORD oor te plaas kon u Kommissie hierdie twee afdelings met onderskeidelik 'n ontlading van 1,6% en 'n belading van 0,3% laat. Die uitsondering waarna hierbo verwys is, het betrekking op 'n gedeelte van stemdistrik 640 van die afdeling Kuruman wat in die landdrosdistrik van Warrenton val en waarin daar op die vasgestelde datum geen kiesers was nie maar wat heeltemal van die afdeling Kuruman afgeskei is deur 'n gebied van die onafhanklike Staat Bophuthatswana.

5.3 Die kieserstal van KURUMAN is na 9 311 verminder deur die dorp Reivilo en omstreke met 493 kiesers wat binne die landdrosdistrik van Vryburg val, by die afdeling Vryburg te voeg en Postmasburg en omstreke, Lime Acres en omstreke asook vier stemdistrikte aan die westekant van die Vaalrivier, geleë in die landdrosdistrik van Herbert, by die afdeling Prieska te voeg.

5.4 Met die bovermelde byvoegings ten gevolge waarvan die kieserstal van PRIESKA vermeerder is met 2 842, kon Prieska op sy beurt kiesers aan die afdeling De Aar met 'n huidige ontlading van 34,9% afstaan. Hierdie grensverskuiwings laat Prieska met 'n ontlading van 29%. Die gebied wat deur Prieska aan De Aar afgestaan is behels die gedeelte van die landdrosdistrik van Herbert geleë aan die oostekant van die Vaalrivier, die hele landdrosdistrik van Hopetown en daardie gedeelte van die landdrosdistrik van Kimberley ten noorde van die Rietrivier wat nie in Kimberley-Suid val nie.

The total number of voters thus transferred to De Aar comes to 2 673. De Aar has already been dealt with above.

5.5 The Division of GORDONIA was left unchanged.

5.6 As stated above, numerical considerations led to the transfer to VRYBURG from Kuruman of the town of Reivilo and environs, which fall within the Magisterial District of Vryburg.

6. The Cape Peninsula and the electoral divisions of the Western and North-western Cape.

6.1 By way of introduction, a brief reference is made to the main problems with which your Commission had to contend in the delimitation of the divisions now under discussion.

6.1.1 Except in the case of the Division of Constantia, where there was an increase of 1 818 voters, the number of voters dropped in each of the remaining nine divisions in the Cape Peninsula. The biggest decreases occurred in the Divisions of Cape Town-Gardens, Green Point and Groote Schuur, in which the city centry of Cape Town and its immediate environs are situated. The decreases were 2 359, 2 712 and 1 508, respectively. The total net decrease in the number of voters in the Peninsula divisions was 7 495.

6.1.2 With the exception of the Divisions of Tygervallei, Bellville, Beaufort West and Ceres, where the number of voters dropped by 1 009, 896, 518 and 118, respectively, the voting strength in all the other divisions (excluding those of the Cape Peninsula) grew. The increases and the resultant load percentages appear opposite the names of the divisions:

Durbanville	12 999	100,9%
Helderberg	4 744	39,1%
Stellenbosch	3 818	33,0%
Moorreesburg	2 944	15,7%
Malmesbury	1 783	12,7%
False Bay	1 542	29,1%
Vasco	1 520	24,9%
Worcester	579	3,9%
Paarl	321	7,8%
Piketberg	16	−11,6% (unload)

6.1.3 In the Namaqualand Division, there was a comparatively small drop of 145 in the number of voters normally resident in this division. The transfer of the voters of Walvis Bay to this division, to which reference has already been made, had not only left this special division with an inappropriate number of voters, but also contributed to the considerable increase in the number of voters in the area under discussion, relative to the rest of the Cape Province. The placement of the voters of Walvis Bay is dealt with more specifically later on.

6.1.4 Section 43 of the Constitution Act requires your Commission to give consideration inter alia to the natural features of a particular area that is to be delimited. So far as this factor is concerned, the mountain ranges of the Western and South-Western Cape, in particular, create problems that are encounted to a much smaller degree elsewhere in the Republic. Apart from the fact that these mountain ranges are usually a limiting factor in the provision of roads, they also create a diversity of interests between communities that are situated relatively close together. Wherever relevant, this aspect is referred to more specifically.

6.2 In view of the circumstances described above, it was to be expected that the parties would make divergent proposals in regard to the delimitation of the area now under discussion. Two of the parties suggested that the voters from Walvis Bay be left in Namaqualand, while a third suggested that they be placed in the Division of Moorreesburg. One of the parties followed up its proposal that the

Die totale aantal kiesers wat aldus aan De Aar oorgedra is beloop 2 673. Die Aar is reeds hierbo behandel.

5.5 Die afdeling GORDONIA was onveranderd gelaat.

5.6 Soos reeds hierbo vermeld het VRYBURG weens getalle-oorwegings die dorp Reivilo en omstreke wat in die landdrosdistrik van Vryburg val, van Kuruman bygekry.

6. Die Kaapse Skiereiland en die kiesafdeling van die westelike en noord-westelike Kaap.

6.1 Ter inleiding word kortliks verwys na die meer opvallende probleme waarmee u Kommissie te doen gehad het by die afbakening van die afdelings nou onder bespreking.

6.1.1 Met die uitsondering van die afdeling Constantia met 'n toename van 1 818 kiesers, was daar 'n afname van kiesers in elk van die oorblywende nege afdelings van die Kaapse Skiereiland. Die grootste afnames het plaasgevind in die afdelings Kaapstad-Tuine, Groenpunt en Groote-Schuur waarin die middestad van Kaapstad en onmiddellike omgewing geleë is. Die afnames was onderskeidelik 2 359, 2 712 en 1 508. Die totale netto afname van kiesers in die Skiereilandse afdelings was 7 495.

6.1.2 Met die uitsondering van die afdelings Tygervallei, Bellville, Beaufort-Wes en Ceres, waarin daar afnames van onderskeidelik 1 009, 896, 518 en 118 was, het die kieserstalle in al die ander afdelings (uitgesonderd dié van die Kaapse Skiereiland) toegeneem. Die toenames en die gevolglike beladingspersentasies word na die name van die afdelings aangetoon:

Durbanville	12 999	100,9%
Helderberg	4 744	39,1%
Stellenbosch	3 818	33,0%
Moorreesburg	2 944	15,7%
Malmesbury	1 783	12,7%
Valsbaai	1 542	29,1%
Vasco	1 520	24,9%
Worcester	579	3,9%
Paarl	321	7,8%
Piketberg	16	−11,6% (ontlading)

6.1.3 In die afdeling Namakwaland was daar 'n betrek lik geringe afname van 145 in die getal van die kiesers wat gewoonweg in hierdie afdeling woonagtig is. Die oorplasing van die kiesers van Walvisbaai na hierdie afdeling, waarna reeds verwys is, het nie slegs hierdie spesiale afdeling met 'n ontoepaslike kieserstal gelaat nie, maar ook verder bygedra tot die aansienlike toename van kiesers in die gebied nou onder bespreking relatief tot die res van die Kaapprovinsie. Met die plasing van die kiesers van Walvisbaai word later meer spesifiek gehandel.

6.1.4 Kragtens artikel 43 van die Grondwet word van u Kommissie verwag om, onder andere, aandag te skenk aan die natuurlike kenmerke van 'n bepaalde terrein wat afgebaken moet word. Ten opsigte van hierdie faktor skep die bergreekse van veral die Westelike- en Suid-Westelike Kaap probleme wat in 'n baie mindere mate elders in die Republiek ondervind word. Afgesien van die feit dat die betrokke bergreekse gewoonweg 'n beperkende uitwerking op die bestaan van verkeersweë het, bring dit ook verskeidenheid van belange mee tussen gemeenskappe wat relatief na aanmekaar geleë is. Waar ter sake, word meer spesifiek na hierdie aspek verwys.

6.2 In die lig van die omstandighede soos hierbo uiteengesit was dit te verwagte dat die partye uiteenlopende voorstelle sou indien ten opsigte van die afbakening van die gebied nou onder bespreking. Twee van die partye het voorgestel dat die kiesers uit Walvisbaai in Namakwaland gelaat word, terwyl 'n derde voorgestel het dat hulle in die afdeling Moorreesburg geplaas word. In opvolging van sy

voters of Walvis Bay be placed in Namaqualand with the suggestion that the Divisions of Griqualand East and Graaff-Reinet be abolished and that two new divisions—De Kuilen and Kaapzicht—be created in the Western Cape. The party that proposed that the voters of Walvis Bay be placed in Moorreesburg put forward the suggestion that Griqualand East be abolished and that a new division, Stellenberg, be created with its core in the Brackenfell-Kraaifontein area. The proposals put forward by this party also meant that the town of Moorreesburg would be transferred to the Division of Piketberg and that Moorreesburg would be renamed Saldanha. In regard to the divisions in the Peninsula and the surrounding Divisions of Tygerberg, Vasco and False Bay, it was suggested that the Groote Schuur Division be abolished and that a new division, to be named Plumstead, be created to the east of the Wynberg Division. In terms of this proposal Groote Schuur Division would surrender 8 595 voters to Rondebosch, which was in turn to surrender 8 314 voters to Wynberg, which would then be able to provide 9 488 voters for the constitution of the new Division of Plumstead. A further 2 004 voters for the latter division were to be drawn from False Bay, whose voting strenght was in turn to be supplemented from the Helderberg Division, by transferring the portion of Somerset West lying to the south of its main road, thus splitting up this community. Another party (which also suggested that the voters of Walvis Bay be left in Namaqualand) put forward the proposal that a new division, Kuils River, be created with the town of Kuils River as its core. This party's proposals regarding the Peninsula would have meant that Rondebosch station and city hall would have been excised from this division and that the division would have had to be renamed Claremont. This party also suggested that a new division, to be called De Grendel, be created and that its voters be drawn from the Divisions of Durbanville, Malmesbury and Moorreesburg. It was further suggested that the Division of Ceres be abolished and that it be superseded by a new division to be known as Wellington. As these suggestions meant that Piketberg would have fallen within the new Division of Wellington, it was suggested that the Piketberg Division be renamed Vredendal. Finally, this party suggested that, having received the voters from Walvis Bay, the Division of Namaqualand surrender 2 012 voters to Prieska.

6.3.1 After considering the above proposals, your Commission concluded that the voters from Walvis Bay should not be left in the Division of Namaqualand. Apart from the fact that there is no discernible community of interests between these two groups of voters, the proposal put forward by one party would have meant that Namaqualand, which is a special division, would have been left with an entirely unsuitable unload of 3,9% while the other party's proposal would have meant that 2 012 voters, who are normally resident in Namaqualand, would have had to be transferred to the Division of Ceres. The result would have been that about one third of Namaqualand's voters would have been predominantly urban voters. A further significant fact that influenced your Commission's decision was the absence of efficient means of communication between Walvis Bay and Namaqualand. There is no scheduled air service between Walvis Bay and Springbok at present, nor are there any rail links.

6.3.2 As your Commission's tentative decision to place the voters of Walvis Bay in the Division of Green Point was not broached at the time the parties were first heard, the parties were afforded an opportunity of making written representations to your Commission in regard to the desirability and/or feasibility of placing these voters in Green Point. One of the parties, which had originally suggested that these voters be left in Namaqualand, felt that the Commission

voorstel dat die kiesers van Walvisbaai in Namakwaland geplaas word, het een van die partye aan die hand gedoen dat die afdelings Griekwaland-Oos en Graaff-Reinet moes verdwyn en dat twee nuwe afdelings in die Westelike Kaap geskep moes word, by name De Kuilen en Kaapzicht. Die party wat voorgestel het dat die kiesers van Walvisbaai in Moorreesburg geplaas word het aan die hand gedoen dat Griekwaland-Oos moet verdwyn en dat 'n nuwe afdeling Stellenberg met sy kern in die Brackenfell-Kraaifonteingebied, geskep word. Die voorstelle van hierdie party het verder behels dat die dorp Moorreesburg na die afdeling Piketberg oorgeplaas word en dat Moorreesburg hernoem word na Saldanha. Ten opsigte van die afdelings van die Skiereiland en die omgrensende afdelings Tygerberg, Vasco en Valsbaai is voorgestel dat die afdeling Groote Schuur moes verdwyn en dat 'n nuwe afdeling met die naam Plumstead geskep word ten ooste van die afdeling Wynberg. Ingevolge hierdie voorstel staan die afdeling Groote Schuur, onder andere, 8 595 kiesers aan Rondebosch af, wat op sy beurt 8 314 kiesers aan Wynberg afstaan, wat dan in staat gestel word om 9 488 kiesers beskikbaar te stel vir die samestelling van die nuwe afdeling Plumstead. 'n Verdere 2 004 kiesers vir laasgenoemde afdeling word gevind uit Valsbaai wat op sy beurt aangevul word uit die afdeling Helderberg deur oorplasing van die gedeelte van Somerset-Wes ten suide van sy hoofweg, met die gevolglike verdeling van hierdie gemeenskap. Nog 'n party (wat ook voorgestel het dat die kiesers van Walvisbaai in Namakwaland gelaat word) het voorgestel dat 'n nuwe afdeling, Kuilsrivier, geskep word met die dorp Kuilsrivier as sy kern. Met betrekking tot die Skiereiland het hierdie party se voorstelle tot gevolg gehad dat die Rondeboschstasie en stadsaal uit die afdeling afgegee word en dat die afdeling Claremont hernoem word. Hierdie party het ook voorgestel dat 'n nuwe afdeling, met die naam De Grendel, geskep word met kiesers uit die afdelings Durbanville, Malmesbury en Moorreesburg. Verder is voorgestel dat die afdeling Ceres moes verdwyn en dat 'n nuwe afdeling met die naam Wellington in sy plek geskep word. Aangesien Piketberg ingevolge hierdie voorstelle in die nuwe afdeling Wellington sou val is voorgestel dat die afdeling Piketberg hernoem word na Vredendal. Ten slotte het hierdie party voorgestel dat die afdeling Namakwaland na ontvangs van die kiesers uit Walvisbaai, 2 012 kiesers aan Prieska afstaan.

6.3.1 U Kommissie het na oorweging van die voorstelle soos hierbo uiteengesit, tot die gevolgtrekking gekom dat die kiesers uit Walvisbaai nie in die afdeling Namakwaland gelaat moes word nie. Afgesien van die feit dat daar tussen die twee groepe kiesers geen waarneembare gemeenskaplikheid van belange bestaan nie, het die voorstel van die een party daarop neergekom dat Namakwaland wat 'n spesiale afdeling is met 'n heeltemal ontoepaslike ontlading van 3,9% gelaat sou word, terwyl die voorstel van die ander party behels het dat 2 012 kiesers wat gewoonweg woonagtig is in Namakwaland oorgeplaas moes word na die afdeling Ceres. Ongeveer 'n derde van die kieserstal van Namakwa-land sou dus oorwegend stedelike kiesers wees. 'n Verdere betekenisvolle faktor wat tot u Kommissie se besluit bygedra het was die gebrek aan doeltreffende kommunikasiemiddels tussen Walvisbaai en Namakwaland. Daar is tans geen geskeduleerde lugdiens tussen Walvisbaai en Springbok nie en ook geen spoorverbinding nie.

6.3.2 Aangesien u Kommissie se voorlopige besluit om die kiesers van Walvisbaai by die afdeling Groenpunt te plaas nie ter sprake was toe die partye aanvanklik aangehoor was nie, is die partye die geleentheid gebied om skriftelike vertoë aan u Kommissie voor te lê ten opsigte van die wenslikheid en/of uitvoerbaarheid van die plasing van hierdie kiesers by Groenpunt. Een van die partye wat aanvanklik voorgestel het dat daardie kiesers by Namakwaland

was right in deciding to place them in Green Point. The other party, which had also proposed that the voters of Walvis Bay be left in Namaqualand, suggested as an alternative that they be placed in the Division of Moorreesburg. In this regard their reasoning was much the same as that of the party that had made this suggestion from the start. The party that had suggested from the outset that the said voters be placed with Moorreesburg made fresh proposals for their placement with either Moorreesburg of Green Point. In making these alternative proposals, this party dropped its original proposal, which had included the abolition of Groote Schuur and the creation of a new division, Plumstead. The proposal that the town of Somerset West be divided in two was also dropped. The proposals originally made by this party in this regard were in any case unacceptable to your Commission, as they entailed three successive transfers of an average of 8 500 voters, the disappearance of an existing division, and the splitting up of the established community of Somerset West.

6.3.3 After considering the further representations made by the parties, your Commission concluded that its tentative decision to place the voters of Walvis Bay in the Division of Green Point should stand. The reasons for this decision are set out below. In the argument that the voters of Walvis Bay should come under Moorreesburg, special emphasis was laid on the community of interests arising from the fact that the coastal towns on the Cape West Coast and Walvis Bay are closely involved in the fishing industry, the shipment of mineral raw materials, and naval and military activities. This is undeniably so. However, your Commission considers that there are other and stronger considerations on the strenght of which these voters should be placed in a division as close as possible to the centre of Cape Town. It was provided by Proclamation No. R202 of 1977 that Walvis Bay was no longer to be administered as a part of South-West Africa but as part of the Cape Province. Apart from being the provincial capital, Cape Town is also the seat of the legislative authority and hence the place where Ministers and heads of Government departments are present during the sessions of Parliament. Obviously, therefore, the inhabitants of Walvis Bay will go to Cape Town, which is also their nearest industrial and commercial centre in the Cape Province, for business reasons.

It is a well-known fact that voters often approach Government authorities through their parliamentary or provincial representatives, and as the voters of Walvis Bay are not likely to have a representative who is resident in their area, it is highly desirable that their representative should be available as near to Cape Town as possible. It is hardly necessary to state that Cape Town is connected with Walvis Bay by rail, by air and by main roads. In placing these voters in a division that is as near as possible to Cape Town, regard was therefore also had to the convenience of the parliamentary or provincial representatives. As previously stated, the total decrease in the number of voters in the Peninsula divisions was such that a large number of voters from outside had to be found to make good the shortfall. Placing the voters of Walvis Bay in the Peninsula meant that boundary changes could be limited to a large extent. In choosing a suitable division as near as possible to the centre of Cape Town, your Commission also had to consider the practical consequences of the placement of 2 976 voters in a particular division of the Peninsula. In this respect, the obvious choice was Green Point, this being the division which had had the biggest drop in the number of its voters and the one from which voters could be taken for the Divisions of Sea Point and Groote Schuur. Finally, there was also the historical connection between Green Point and Walvis Bay, as the voters of the latter division had formerly been placed in Green Point.

gelaat word het die houding ingeneem dat u Kommissie reg besluit het om hulle by Groenpunt te plaas. Die ander party wat ook voorgestel het dat die kiesers van Walvisbaai in Namakwaland gelaat word het as alternatief voorgestel dat hulle in die afdeling Moorreesburg geplaas word en dit grootliks gemotiveer op dieselfde grondslag as die party wat dit uit die staanspoor voorgestel het. Die party wat uit die staanspoor voorgestel het dat die betrokke kiesers by Moorreesburg geplaas word, het nuwe voorstelle voorgelê op die grondslag dat hulle óf by Moorreesburg óf by Groenpunt geplaas word. Ten opsigte van albei alternatiewe het hierdie party afgesien van sy aanvanklike voorstel wat behels het dat Groote Schuur moes verdwyn en dat 'n nuwe afdeling Plumstead geskep moes word. Daar is ook afgesien van die voorstel dat die dorp Somerset-Wes in twee verdeel word. Die aanvanklike voorstelle van die party in hierdie verband was in elk geval vir u Kommissie nie aanvaarbaar nie aangesien dit op drie opeenvolgende oorplasings van gemiddeld 8 500 kiesers, die verdwyning van 'n bestaande afdeling en die verdeling van die gevestigde gemeenskap van Somerset-Wes, neergekom het.

6.3.3 Na oorweging van die verdere vertoë van die partye het u Kommissie tot die gevolgtrekking gekom dat sy voorlopige besluit om die kiesers van Walvisbaai in die afdeling Groenpunt te plaas, gehandhaaf moet word. Die redes vir hierdie besluit word vervolgens uiteengesit. Ter motivering van die standpunt dat die kiesers van Walvisbaai by Moorreesburg tuishoort, is klem veral gelê op die gemeenskaplikheid van belange wat voortvloei uit die feit dat die kusdorpe van die Kaapse Weskus sowel as Walvisbaai baie nou betrokke is by die visbedryf, die verskeping van minerale grondstowwe en vloot- en militêre bedrywighede. Dat dit die geval is, is nie te betwyfel nie. U Kommissie is egter van mening dat daar ander en sterker oorwegings is wat daarop dui dat die betrokke kiesers in 'n afdeling so na aan die middestad van Kaapstad as moontlik geplaas behoort te word. Kragtens Proklamasie R. 202 van 1977 is bepaal dat Walvisbaai nie langer as deel van Suidwes-Afrika geadministreer sal word nie, maar as deel van die Kaapprovinsie. Behalwe dat Kaapstad die provinsiale hoofstad is, is dit ook as setel van die Wetgewende gesag die plek waar Ministers en die hoofde van Staatsdepartement gedurende die sittings van die Parlement teenwoordig is. Dit is dus klaarblyklik dat inwoners van Walvisbaai hul na Kaapstad, wat ook hul naaste industriële- en handelssentrum in die Kaapprovinsie is, sal wend in verband met hul sake. Dit is 'n bekende feit dat kiesers dikwels owerheidsinstansies nader deur bemiddelling van hul parlementêre of provinsiale verteenwoordigers en aangesien die kiesers van Walvisbaai waarskynlik nie 'n verteenwoordiger kan hê wat in hul gebied woonagtig is nie, is dit hoogswenslik dat hul verteenwoordiger so na as moontlik aan Kaapstad bereikbaar moet wees. Dit is skaars nodig om te meld dat Kaapstad per spoor, per lug en deur hoofpaaie met Walvisbaai verbind is. Die plasing van die kiesers in 'n afdeling so na as moontlik aan Kaapstad neem dus ook die gerief van die parlementêre of provinsiale verteenwoordigers in ag. Soos reeds vermeld was die totale afname van kiesers in die afdelings van die Skiereiland sodanig dat 'n groot aantal van buite gevind moes word om die tekorte aan te vul. Die plasing van die kiesers van Walvisbaai in die Skiereiland kon dus grensverskuiwings in 'n groot mate beperk. By die keuse van 'n geskikte afdeling so na as moontlik aan die middestad van Kaapstad moes u Kommissie ook rekening hou met die praktiese gevolge van die plasing van 2 976 kiesers in 'n bepaalde afdeling van die Skiereiland. In hierdie opsig was Groenpunt as die afdeling met die grootste afname in sy kieserstal en die een vanwaar kiesers aan die afdelings Seepunt en Groote-Schuur afgestaan kon word die voor-die-handliggende keuse. Ten slotte, is daar ook die historiese verband tussen Groenpunt en Walvisbaai aangesien die kiesers van laasgenoemde gebied vantevore in Groenpunt geplaas was.

The Peninsula Divisions.

6.4.1 A consequence of the sharp drop in the number of voters in the Cape Peninsula, which is in line with the downward trend in urban divisions elsewhere in the Republic, was not only that a considerable number of voters had to be drawn from elsewhere, but also that your Commission concluded that, with the exception of Constantia, the divisions in this area had to be left with high loads. The last-mentioned division was the only one in which there was any question of any real growth potential. This approach also made it possible to keep loads in the other divisions of the Western and North-Western Cape within acceptable limits.

6.4.2 The placement of the voters of Walvis Bay in the Green Point Division, which showed the biggest drop in the number of voters, meant not only that the boundaries of existing divisions in the Peninsula could be interfered with as little as possible, but also that a significantly smaller number of voters had to be obtained from elsewhere.

6.4.3 Having received 3 119 voters through the transfer of Bothasig from the Division of Durbanville, MAITLAND was able to surrender 1 978 voters to the Groote Schuur Division. Your Commission also deemed it advisable to add two blocks containing 10 voters, in which are situated the Salt River railway yards and that portion of the industrial area of Paardeneiland lying to the south and west of the Salt River canal, to Maitland, with which they fit in better than with the predominantly residential Division of Groote Schuur. These changes leave Maitland with a load of 13,9%.

6.4.4 The number of voters in the Division of SEA POINT, which had a load of only 8,1% on the fixed date, could be supplemented only by transferring 873 voters from the Division of Green Point.

6.4.5 After the transfer of voters from Walvis Bay and of an additional 2 359 voters from the Division of Groote Schuur, GREEN POINT was able to surrender 1 767 voters to the Cape Town-Gardens Division. The addition of voters from Groote Schuur was done by transferring the area lying between the Eastern Boulevard, the Main Road, Browning, Mountain, Salisbury and Roodebloem Roads, as well as of a portion of Salt River and observatory lying between the Main Road, Greatmore Street, Station, Albert and Lower Main Roads.

6.4.6 As previously mentioned, CAPE TOWN-GARDENS, which had a load of only 0,9% on the fixed date, was supplemented by 1 767 voters from Green Point. With minor exceptions, the area that was transferred lies between the eastern slopes of Signal Hill, Carisbrook, Park and Oranje Roads, Mill Street, Clovelly Road, and Roeland, Plein and Longmarket Streets. As a result of these boundary changes, the Houses of Parliament, the Botanical Gardens and the Supreme Court now fall within the Cape Town-Gardens division, where they belong more properly than in Green Point.

6.4.7 As previously stated, Groote Schuur, which had an unload of 1,7% on the fixed date, was supplemented of 1978 voters from Maitland, by the addition of Raapenburg, Liesbeeck Park and the area within which the Valkenberg and Alexandria Hospitals are situated. This electoral division was further supplemented by 2 420 voters from the Rondebosch Division, by the addition of blocks situated between Union Avenue, Paradise, Newlands and Kildare Roads and the Liesbeeck River and between Belmont Road, Main Road, Rouwkoop Road and Campground Road. As a result of these boundary changes, Rondebosch station and town hall are now included in the Groote Schuur Division.

Die Skiereilandse afdelings

6.4.1 Die aansienlike afname van kiesers in die Kaapse Skiereiland in ooreenstemming met die afwaartse neiging in stedelike afdelings elders in die Republiek, het nie slegs veroorsaak dat 'n aansienlike aantal kiesers van elders bygekry moes word nie, maar u Kommissie ook tot die gevolgtrekking laat kom dat die afdelings in hierdie gebied, met die uitsondering van Constantia, met hoë beladings gelaat moes word. Slegs in die geval van laasgenoemde afdeling was daar sprake van enige noemenswaardige groeipotensiaal. Hierdie benadering het ook daartoe bygedra dat beladings in die ander afdelings van die Westelike en Noordwestelike Kaap binne aanvaarbare perke gehou kon word.

6.4.2 Die plasing van die kiesers van Walvisbaai in die afdeling Groenpunt waar die grootste afname van kiesers plaasgevind het, het nie slegs daartoe bygedra dat versteurings van bestaande afdelingsgrense in die Skiereiland tot 'n minimum beperk kon word nie, maar ook tot gevolg gehad dat 'n betekenisvolle kleiner getal kiesers van elders bygekry moes word.

6.4.3 MAITLAND kon, na ontvangs van 3 119 kiesers as gevolg van die oorplasing van Bothasig uit die afdeling Durbanville, 1 978 kiesers aan die afdeling Groote Schuur afstaan. U Kommissie het dit ook goedgedink om twee blokke waarin die Soutrivierse spoorwegaanleg en die gedeelte van die industriële gebied van Paardeneiland suid en wes van die Soutrivierkanaal, geleë is, met 10 kiesers, by Maitland te voeg waar dit beter pas as by die oorwegend residensiële afdeling Groote Schuur. Hierdie veranderings laat Maitland met 'n belading van 13,9%.

6.4.4 Die afdeling SEEPUNT wat op die vasgestelde datum 'n belading van slegs 8,1% gehad het kon slegs aangevul word uit die afdeling Groenpunt vanwaar 873 kiesers oorgeplaas is.

6.4.5 Na ontvangs van die kiesers uit Walvisbaai en 'n bykomende getal van 2 359 uit die afdeling Groote Schuur kon GROENPUNT ook 1 767 kiesers aan die afdeling Kaapstad-Tuine afstaan. Die byvoeging van kiesers uit Groote Schuur is bewerkstellig deur die oorplasing van die gebied geleë tussen die Oostelike Boulevard, die Hoofweg, Browning-, Mountain-, Salisbury en Roodebloemweg, asook 'n gedeelte van Soutrivier en Observatory geleë tussen die Hoofweg, Greatmorestraat, Stasie-, Albert- en Laer Hoofweg.

6.4.6 KAAPSTAD/TUINE wat op die vasgestelde datum 'n belading van slegs 0,9% gehad het, is soos reeds vermeld, met 1 767 kiesers uit Groenpunt aangevul. Die gebied wat oorgeplaas is lê, met geringe afwykings, tussen die Oostelike hange van Seinheuwel, Carisbrook-, Park- en Oranjeweg, Millstraat, Clovelly-weg, Roelandstraat, Plein- en Langmarkstraat. As gevolg van hierdie grensverskuiwings val die Parlementsgeboue, die Botaniese Tuine, en die Hooggeregshof nou in Kaapstad-Tuine waar dit stellig meer tuishoort as in Groenpunt.

6.4.7 GROOTE SCHUUR wat op die vasgestelde datum 'n ontlading van 1,7% gehad het, was, soos reeds gemeld, aangevul met 1 978 kiesers uit Maitland wat bewerkstellig is deur die toevoeging van Raapenburg, Liesbeeck-Park en die gebied waarin die Valkenberg- en Alexandria Hospitaal geleë is. Hierdie kiesafdeling is verder aangevul met 2 420 kiesers uit die afdeling Rondebosch deur die toevoeging van blokke geleë tussen Unionlaan, Paradise-, Newlands-, Kildareweg en die Liesbeeck-rivier; en tussen Belmontweg, Hoofweg, Rouwkoop- en Campgroundweg. As gevolg van hierdie grensverskuiwings is die Rondeboschstasie en -stadsaal nou by die afdeling Groote Schuur ingesluit.

6.4.8 Apart from Maitland and Green Point, the Division of Pinelands was the only other division to get additional voters from outside the Peninsula. Through the transfer of the major portion of Thornton, with 1 857 voters, from the division of Vasco to the Division of Tygervallei, the latter division was able to surrender 1 341 voters to PINELANDS. This was done by the addition to Pinelands of the area lying between the Cape Flats railway line, Lawson Road, the Kromboom River and Coningsby Street. For numerical considerations, the portion of Thornton containing the Conradie Hospital complex was also added to Pinelands, with 316 voters. As a result of this addition, Pinelands could surrender 1 280 voters to the Division of Rondebosch (renamed Claremont).

6.4.9 Because of its situation between those divisions that had the biggest and the smallest loads on the fixed date, it was unavoidable that the Division of Rondebosch should surrender and should receive more voters than any of the other divisions in the Peninsula, and that its boundaries should consequently undergo more changes as well. As previously stated, Rondebosch was able to surrender 2 420 voters to Groote Schuur. The way in which this was done is described in the paragraph dealing with Groote Schuur. Because the area within which Rondebosch station and town hall are situated was excised from the division in this process, and because the further changes of boundary referred to immediately below left most of the suburb of Claremont in the middle of this division, your Commission decided to call this division CLAREMONT. This had also been suggested by one of the parties. Through the addition of the area situated, with minor exceptions, between Hohenort and Constantia Avenue, the Main Road, Klaassens and Aliwal Roads, the Division of Rondebosch (renamed Claremont) acquired 2 602 voters from the Division of Constantia. After it had gained 1 341 voters from Tygervallei, the Division of Pinelands could surrender 1 280 voters to Rondebosch (renamed Claremont). This was done by adding blocks of Newlands, situated between Keurboom, Cook, Lansdowne and Stanley Roads and the Swart River, to the latter division. For numerical considerations, the division now under discussion surrendered 667 voters to the Division of Wynberg and 361 to the Division of Constantia.

6.4.10 WYNBERG, which had a load of 16,3% on the fixed date, had to surrender some voters. This was done by transferring 943 voters to Constantia. For numerical considerations, 667 voters were transferred from Rondebosch to Wynberg by the addition of two blocks lying to the east of the suburban railway line between Kenilworth station and Lansdowne Road. This meant that Wynberg was left with a load of 14,1%.

6.4.11 CONSTANTIA, which had a load of 30,9% on the fixed date, had to surrender voters. Through the transfer of some blocks, including Westlake, Pollsmoor and portions of Retreat and Steenberg lying to the west of the suburban railway line, 963 voters were surrendered to the Division of Simonstown. The area containing 2 602 voters, which Constantia surrendered to the Division of Claremont, has already been described in the discussion of the latter division. For numerical considerations, the block in which Kirstenbosch and Upper Fernwood are situated was added with its 361 voters from Rondebosch, and three blocks containing 943 voters and lying between the railway line, Main Road, Waterbury and De Waal Roads were added from Wynberg.

6.4.12 SIMONSTOWN, which had a load of 6,9% on the fixed date, was supplemented by 963 voters from Constantia as already described.

6.4.8 Die afdeling Pinelands was die enigste ander afdeling benewens Maitland en Groenpunt wat kiesers bygekry het van buite die Skiereiland. As gevolg van die toevoeging van die grootste gedeelte van Thornton met 1 857 kiesers vanaf die afdeling Vasco na die afdeling Tygervallei, kon laasgenoemde afdeling 1 341 kiesers aan PINELANDS afstaan. Dit is bewerkstellig deur die toevoeging tot Pinelands van die gebied geleë tussen die Kaapse-Vlaktespoorlyn, Lawsonweg, die Kromboomrivier en Coningsbystraat. Weens getalle-oorwegings is die gedeelte van Thornton waarin die Conradiehospitaal-kompleks geleë is met 316 kiesers ook by Pinelands bygevoeg. As gevolg van hierdie toevoeging kon Pinelands 1 280 kiesers aan die afdeling Rondebosch (hernoem na Claremont) afgee.

6.4.9 Vanweë sy ligging tussen die afdelings wat op die vasgestelde datum die hoogste en die laagste beladings gehad het was dit onvermydelik dat die afdeling Rondebosch in 'n groter mate kiesers moes afgee en bykry as die ander afdelings van die Skiereiland, en gevolglik ook meer ingrypende grensverskuiwings moes ondergaan. Soos reeds vermeld kon Rondebosch 2 420 kiesers aan Groote Schuur afstaan. Die wyse waarop dit gedoen is, is beskrywe in die paragraaf waarin Groote Schuur behandel is. Omdat die gebied waarin die Rondebosch-stasie en stadsaal geleë is in hierdie proses uit die afdeling geneem is, en die verdere grensverskuiwings waarna onmiddellik hieronder verwys word, die voorstad Claremont grootliks in die middel van hierdie afdeling gelaat het, het u Kommissie besluit om die afdeling CLAREMONT te noem. Dit is ook deur een van die partye voorgestel. Van die afdeling Constantia het Rondebosch (hernoem Claremont) 2 602 kiesers bygekry deur die byvoeging van die gebied geleë, met geringe afwykings, tussen Hohenort- en Constantia-laan, die Hoofweg Klaassens- en Aliwalweg. Die afdeling Pinelands kon nadat dit 1 341 kiesers van Tygervallei bygekry het, 1 280 kiesers aan Rondebosch (hernoem na Claremont) afgee. Dit is bewerkstellig deur blokke van Nuweland, geleë tussen Keurboom, Cook-, Lansdowne-, Stanley-weg en die Swartrivier by laasgenoemde afdeling te voeg. Op grond van getalle-oorwegings het die afdeling nou onder bespreking 667 kiesers aan die afdeling Wynberg afgestaan en 361 aan die afdeling Constantia.

6.4.10 Met'n belading van 16,3% op die vasgestelde datum moes WYNBERG kiesers afgee. Dit is gedoen deur 943 kiesers na Constantia oor te plaas. Op grond van getalle-oorwegings is 667 kiesers van Rondebosch na Wynberg oorgedra deur byvoeging van twee blokke geleë aan die oostekant van die voorstedelike spoorlyn tussen Kenilworth-stasie en Lansdowne-weg. Wynberg is aldus met 'n belading van 14,1% gelaat.

6.4.11 Met 'n belading op die vasgestelde datum van 30,9% moes CONSTANTIA kiesers afgee. Aan die afdeling Simonstad is 963 kiesers afgegee deur die oorplasing van blokke waarin onder andere Westlake, Pollsmoor, en gedeeltes van Retreat en Steenberg aan die westekant van die voorstedelike spoorlyn, geleë is. Die gebied met 2 602 kiesers wat Constantia afgegee het aan die afdeling Claremont is reeds beskryf by die bespreking van laasgenoemde afdeling. Op grond van getalle-oorwegings is die blok waarin Kirstenbosch en Bo-Fernwood geleë is met 361 kiesers vanaf Rondebosch bygevoeg en drie blokke tussen die spoorlyn, Hoofweg, Waterbury- en De Waalweg met 943 kiesers vanaf Wynberg bygevoeg.

6.4.12 SIMONSTAD wat op die vasgestelde datum 'n belading van 6,9% gehad het, is aangevul met 963 kiesers uit Constantia op die wyse soos reeds beskryf.

The Divisions of Vasco, Parow and Bellville.

6.5.1. With minor exceptions, these three divisions are at present bounded by the main railway line and the National Road to Paarl and the North. Because of their limited growth potential and clearly defined boundaries, your Commission considered that these boundaries should be changed only if no other course was open.

6.5.2 With an increase of 1 520 voters, VASCO had a load of 24,9% on the fixed date. The suburb of Thornton, which lies to the south of the above-mentioned railway line and adjoins the Division of Tygervallei, whose number of voters had declined by 1 009, was the obvious area to be excised from Vasco. As previously stated, the portion within which the Conradie Hospital lies was transferred to Pinelands, and the remaining portion of Thornton was transferred to Tygervallei. For numerical considerations, 315 voters were added to Vasco from the Division of Parow.

6.5.3 After the transfer of 315 voters from Vasco, PAROW, which had to surrender voters, could be left with a load of 13,2%.

6.5.4 BELLVILLE, which had a load of 5,8% on the fixed date, had to receive additional voters. This was achieved by transferring the area within which the Tygerberg Hospital complex lies, with 951 voters, from the Tygervallei Division to Bellville. Although this area lies to the south of the above-mentioned railway line, and its transfer would mean a change of the existing clearly defined boundary, your Commission nevertheless considered it appropriate to place the Tygerberg Hospital complex in the same division as the Karl Bremer Hospital. Bellville was consequently left with a load of 13,3%.

The rural and semi-rural divisions of the Western and North-Western Cape.

6.6.1 The exceptional increase in the number of voters in the area now under discussion necessitated the creation of at least one new division. As the largest increase had occurred in the three adjoining divisions of Durbanville, Helderberg and Stellenbosch, it was clear that, if the new division was created in the area covered by these divisions, boundary changes would be limited to a minimum. Two of the parties suggested at the outset, and a third suggested in its alternative proposals, that such a new division should be centred on Kuils River. Your Commission shares this view. The way in which this division was constituted is described later on.

6.6.2 Notwithstanding the creation of such a new division and the placement of the voters of Walvis Bay in the Green Point Division, the number of remaining voters in the Western and North-Western Cape was still so high that some divisions would have been left with unsuitably high loads unless some voters were removed from them. As previously stated, your Commission found it unacceptable to add Franschhoek and Gordon's Bay to the Caledon Division. An alternative proposal made by one of the parties was that, in addition to Tulbagh and Gouda in the Division of Moorreesburg, Porterville, in the Division of Piketberg, should be transferred to the Division of Ceres and that this division should in turn surrender Touws River to the Beaufort West Division. After due consideration, your Commission concluded that the object in view could be achieved by merely transferring voters from the Division of Moorreesburg to Ceres. The way in which this was done is set out in the discussion of the divisions concerned. The remaining divisions will now be dealt with separately.

Die afdelings Vasco, Parow en Bellville.

6.5.1 Met geringe afwykings word hierdie drie afdelings tans begrens deur die hoofspoorlyn en die Nasionale Pad na Paarl en die Noorde. Weens hul beperkte groei-potensiaal en duidelike grense het u Kommissie van die standpunt uitgegaan dat verskuiwing van die vermelde grense slegs moes plaasvind indien onvermydelik.

6.5.2 VASCO het met 'n toename van 1 520 kiesers 'n belading van 24,9% op die vasgestelde datum gehad. Die woonbuurt Thornton wat aan die suidekant van bovermelde spoorlyn geleë is en wat grens aan die afdeling Tygervallei wat 'n afname van 1 009 kiesers gehad het, was dus die voor-die-handliggende gebied wat van Vasco afgeskei kon word. Die gedeelte waarin die Conradie Hospitaal geleë is was, soos reeds vermeld, na Pinelands oorgedra en die oorblywende gedeelte van Thornton na Tygervallei. Weens getalle-oorwegings is 315 kiesers vanaf die afdeling Parow by Vasco gevoeg.

6.5.3 Met die oordrag van 315 kiesers na Vasco kon PAROW, wat kiesers moes afgee, gelaat word met 'n belading van 13,2%.

6.5.4 BELLVILLE met 'n belading van 5,8% op die vasgestelde datum moes kiesers bykry. Dit is gedoen deur die gebied waarin die Tygerberg Hospitaal-kompleks geleë is, met 951 kiesers, vanaf die afdeling Tygervallei by Bellville by te voeg. Alhoewel hierdie gebied ten suide van bovermelde spoorlyn geleë is en gevolglik 'n verskuiwing van die bestaande duidelike grens tot gevolg het, was u Kommissie nietemin van mening dat dit paslik is om die Tygerberg Hospitaal-kompleks in dieselfde afdeling te plaas as dié waarin die Karl-Bremer Hospitaal geleë is. Bellville is gevolglik met 'n belading van 13,3% gelaat.

Die plattelandse en semi-plattelandse afdelings van die Westelike- en Noordwestelike Kaap.

6.6.1 Die buitengewone toename van kiesers in die gebied nou onder bespreking het die skepping van ten minste een nuwe afdeling noodsaaklik gemaak. Aangesien die grootste toename plaasgevind het in die drie afdelings Durbanville, Helderberg en Stellenbosch wat by mekaar geleë is, was dit voor-die-handliggend dat die totstandkoming van 'n nuwe afdeling in die gebied wat deur hierdie afdelings beslaan word, grensverskuiwings tot 'n minimum sou beperk. Twee van die partye het uit die staanspoor, en 'n derde het in sy alternatiewe voorstelle aan die hand gedoen dat Kuilsrivier die kern van so 'n nuwe afdeling moes uitmaak. U Kommissie deel hierdie sienswyse en die wyse waarop hierdie afdeling saamgestel is word later beskryf.

6.6.2 Nieteenstaande die skepping van so 'n nuwe afdeling en die plasing van die kiesers van Walvisbaai by die afdeling Groenpunt, was die oorblywende kiesers in die Westelike en Noordwestelike Kaap nog op so 'n hoë vlak dat sommige afdelings met ontoepaslike hoë beladings gelaat sou word tensy kiesers uit die gebied geneem kon word. Soos reeds gemeld het u Kommissie dit onaanneemlik gevind om Franschhoek en Gordonsbaai by die afdeling Caledon te voeg. In die alternatiewe voorstelle van een van die partye is aan die hand gedoen dat benewens Tulbagh en Gouda geleë in die afdeling Moorreesburg, ook Porterville geleë in die afdeling Piketberg, na die afdeling Ceres oorgeplaas word en dat laasgenoemde afdeling op sy beurt Touwsrivier aan die afdeling Beaufort-Wes afstaan. Na deeglike oorweging het u Kommissie tot die gevolgtrekking gekom dat die oogmerk nou ter sprake bereik kon word deur slegs kiesers van die afdeling Moorreesburg na Ceres oor te plaas. Die wyse waarop dit gedoen is word by die bespreking van die betrokke afdelings uiteengesit. Vervolgens word die oorblywende afdelings afsonderlik behandel.

6.6.3 A new division, to be named DE KUILEN, was created with 5 432 voters from the Division of Helderberg and 8 425 from the Division of Durbanville. Territorially, this division consists of Eversdal, portions of Bellville lying to the north of Paarl Road, Labiance, a portion of Stikland and Kuils River. One of the parties suggested that this division be called Eversdal. However, as Kuils River is geographically the centre of this division and also contributed most voters, your Commission considered the name De Kuilen, which is generally used by the inhabitants of Kuils River, to be more appropriate.

6.6.4 FALSE BAY, which had a load of 29,1% on the fixed date, had to surrender voters. As the Division of Helderberg had to receive voters after it had contributed to the constitution of De Kuilen and another new division, Wellington (to which reference is made later on), Gordon's Bay, with 926 voters, was transferred from False Bay to Helderberg. Having surrendered 1 459 voters to the Division of Tygervallei, False Bay could be left with a load of 10,2%.

6.6.5 TYGERVALLEI had a load of only 6,6% on the fixed date, owing to a drop of 1 009 in its number of voters. Thornton (except those parts of it in which the Conradie Hospital complex is situated) was transferred with 1 857 voters from the Division of Vasco to Tygervallei. Thornton lies to the south of the railway line and falls outside the municipality of Vasco. With this transfer, the entire southern boundary of Vasco was moved back to the railway line again. As Tygervallei had to surrender voters to Pinelands and Bellville, your Commission deemed it advisable to transfer the area bounded by Lansdowne Road in the south, the Kenilworth race course in the west, the Cape Flats railway line in the east, and Holderness Road in the south, with 1 459 voters, and a number of blocks without any voters from Tygervallei to False Bay. This area in any case fits in better with Lansdowne, which already falls within the Division of Tygervallei, than it does with the Strand, which is really the main centre in the Division of False Bay. With these changes, Tygervallei is left with a load of 14,7% which, considering the downward trend in its voting strength, is justified.

6.6.6. With its high load of 39,1% on the fixed date, HELDERBERG was able, for the reasons already set out above, to make an important contribution to the creation of the new divisions of De Kuilen and Wellington. Helderberg consequently had to receive extra voters. Gordon's Bay, which has 906 voters and which fits in equally well with Helderberg as with False Bay from the point of view of community of interests, was added to Helderberg. The extra voters that had to be found for Helderberg were obtained by transferring the residential areas of Dalsig, Krigeville, Welgelegen, Brandwag and Onderpapegaaisberg, and the farm in the remainder of polling district 892 (with a total of 2 596 voters) from the Division of Stellenbosch to Helderberg. This change leaves Helderberg with a comparatively low load of 7,1%, which allows for its recognised growth potential.

6.6.7 Although the transfer of the above-mentioned 2 596 voters from STELLENBOSCH to Helderberg resulted in the division of the town of Stellenbosch, this was unavoidable, since Stellenbosch had a load of 33% on the fixed date and the division of the town was the only way in which it could surrender voters.

6.6.8 With a load of 100,9% on the fixed date, DURBANVILLE had of necessity to part with a large number of voters. After the transfer of Bothasig to Maitland and the transfer of portions of Bellville, Labiance and a portion of Stikland to the new Division of De Kuilen, the Division of Durbanville now consists of the predominantly residential areas of Durbanville, Monte Vista, Plattekloof, Welgemoed and Edgemead. The comparatively low load of 9,5% with which Durbanville is left allows for its growth potential.

6.6.3 'n Nuwe afdeling met die naam DE KUILEN is geskep met 5 432 kiesers uit die afdeling Helderberg en 8 425 uit die afdeling Durbanville. Gebiedsgewyse bestaan dit uit Eversdal, gedeeltes van Bellville ten noorde van Paarlweg, Labiance, gedeelte van Stikland en Kuilsrivier. Een van die partye het voorgestel dat die afdeling Eversdal genoem moet word. Aangesien Kuilsrivier egter geografies die kern van hierdie afdeling is en ook die meeste kiesers daartoe bygedra het, is u Kommissie van mening dat die naam De Kuilen, wat vryelik deur die inwoners van Kuilsrivier gebruik word, meer paslik is.

6.6.4 VALSBAAI met 'n belading van 29,1% op die vasgestelde datum moes kiesers afgee. Aangesien die afdeling Helderberg kiesers moes bykry nadat dit bygedra het tot die samestelling van De Kuilen en 'n ander nuwe afdeling, Wellington (waarna later verwys word), is Gordonsbaai met 926 kiesers uit Valsbaai na Helderberg oorgeplaas. Deur ook 1 459 kiesers aan die afdeling Tygervallei af te staan kon Valsbaai met 'n belading van 10,2% gelaat word.

6.6.5 TYGERVALLEI het op die vasgestelde datum 'n belading van slegs 6,6% gehad weens 'n afname van 1 009 in sy kieserstal. Thornton (behalwe die gedeeltes waarin die Conradie Hospitaal-kompleks geleë is) met 1 857 kiesers is vanaf die afdeling Vasco na Tygervallei oorgeplaas. Thornton lê aan die suidekant van die spoorlyn en val buite die munisipaliteit van Vasco. Met hierdie oorplasing is die suidelike grens van Vasco in geheel op die spoorlyn teruggeplaas. Aangesien Tygervallei kiesers aan Pinelands en Bellville moes afstaan het u Kommissie dit goed geag om die gebied begrens deur Lansdowneweg aan die suidekant, die Kenilworth resiesbaan aan die westekant, die Kaapse Vlakte-spoorlyn aan die oostekant en Holderness-weg aan die suidekant, met 1 459 kiesers, en 'n aantal blokke met geen kiesers, na Tygervallei vanaf Valsbaai oor te plaas. Hierdie gebied skakel in elk geval beter met Lansdowne, wat reeds in die afdeling Tygervallei val, as met die Strand wat eintlik die kernpunt van die afdeling Valsbaai is. Met hierdie veranderings word Tygervallei gelaat met 'n belading van 14,7% wat inaggenome die afwaartse neiging van sy kieserstalle, geregverdig is.

6.6.6 Met sy hoë belading van 39,1% op die vasgestelde datum kon HELDERBERG vir die redes reeds hierbo uiteengesit 'n belangrike bydrae tot die totstandkoming van die nuwe afdelings De Kuilen en Wellington maak. Helderberg moes gevolglik kiesers bykry. Gordonsbaai met 906 kiesers wat ten opsigte van gemeenskaplikheid van belange ewe goed by Helderberg as by Valsbaai pas, is by Helderberg gevoeg. Die verdere kiesers wat Helderberg moes bykry is gevind deur die woonbuurtes Dalsig, Krigeville, Welgelegen, Brandwag en Onderpapegaaisberg en die plaas in die restant van stemdistrik 892 (met 'n totaal van 2 596 kiesers) vanaf die afdeling Stellenbosch na Helderberg oor te plaas. Die verandering laat Helderberg met 'n relatief lae belading van 7,1% wat rekening hou met sy erkende groeimoontlikhede.

6.6.7 Alhoewel die oorplasing van die bovermelde 2 596 kiesers vanaf STELLENBOSCH na Helderberg die gevolg het dat die dorp Stellenbosch verdeel word, was dit onvermydelik aangesien Stellenbosch op die vasgestelde datum 'n belading van 33% gehad het en op geen ander wyse as deur verdeling van die dorp, kiesers kon afstaan nie.

6.6.8 Met 'n belading van 100,9% op die vasgestelde datum moes DURBANVILLE noodwendig 'n groot aantal kiesers afstaan. Deur die oorplasing van Bothasig na Maitland en die oorplasing van die gedeeltes van Bellville, Labiance en gedeelte van Stikland na die nuwe afdeling De Kuilen, bestaan die afdeling Durbanville nou uit die oorwegend residensiële areas Durbanville, Montevista, Plattekloof, Welgemoed en Edgemead. Die relatief lae belading van 9,5% waarmee Durbanville gelaat word maak voorsiening vir sy groei-moontlikhede.

6.6.9 By creating a new division, WELLINGTON, your Commission was able to avoid the addition of the residential areas of Welgemoed, Monte Vista and Edgemead to the Division of Malmesbury. In your Commission's view, the objections to such a step, which was an alternative way of dealing with the excess voters in the Division of Durbanville, were valid. This new division was constituted by combining a portion of Brackenfell (to the west of the railway line to Paarl, and the old Paarl Road from its intersection of the railway line), taken from the Division of Helderberg; Klipheuwel, Kalabaskraal, the Wolwedans area, Perdeberg, Wellington and the whole of Kraaifontein, taken from the Division of Malmesbury; and a portion of Vissershok and Philadelphia, taken from the Division of Moorreesburg. Wellington is undoubtedly the most established and the best-known community in this new electoral division, and it was therefore deemed appropriate to name the division, which has 13 751 voters, after this town.

6.6.10 As the Division of Malmesbury had to contribute 11 393 voters for the creation of the new Division of Wellington, as previously described, and as your Commission considered the Division of Moorreesburg to be the most suitable division from which voters could be transferred outside the Western and North-Western Cape, radical changes to the boundaries of these two divisions could not be avoided. To place the loads of the divisions now under discussion on an acceptable level, relative to each other, it was also necessary to add Moorreesburg, with 1 660 voters, and Koringberg, with 348 voters, to the Division of Piketberg. As the town of Moorreesburg, from which the division had derived its name, had to be transferred to Piketberg, your Commission deemed it advisable to add Bloubergstrand, Tableview, Melkbosstrand, Darling, Mamre, Hopefield, Langebaan, Vredenburg, Saldanha, Paternoster, Laaiplek, Velddrif and their environs to the remaining portion of the Division of Malmesbury, and to retain the name Malmesbury as the name of the virtually reconstituted division. Malmesbury is the oldest and most established town in this division, and it is therefore appropriate to retain this name as the name of the division. Apart from the transfers from the Division of Moorreesburg, to which reference has already been made, your Commission transferred Gouda, Tulbagh, Riebeek West, Riebeek-Kasteel and Hermon to the Division of Ceres. There are adequate road links between Ceres and these communities, and the type of farming practised there is much the same as in the Ceres area. As Hermon is nearer to Ceres than to Portervile and its environs, and as the Division of Moorreesburg had to disappear in any case, your Commission deemed it advisable not to transfer Porterville from the Division of Piketberg to Ceres, as had been suggested by one of the parties. After the above boundary changes had been made, MALMESBURY was left with 13 147 voters, which represents a load of 4,1%.

6.6.11 After the transfer of Moorreesburg and Koringberg with 2 009 voters to PIKETBERG, the last-mentioned division could surrender 170 voters to the Division of Namaqualand. This transfer leaves Piketberg with a load of 2,8%, which compares favourably with the load of 4,1% with which Malmesbury, which has a considerably smaller area and a number of semi-urban growth points, was left.

6.6.12 As previously stated, the voters of Walvis Bay were transferred from NAMAQUALAND to Green Point. Following the addition of the portion of the Magisterial District of Vanrhynsdorp at present lying outside the Division of Namaqualand, the entire Magisterial District of Vanrhynsdorp now falls within Mamaqualand, leaving the division with a load of 26,1%.

6.6.9 Met die skepping van 'n nuwe afdeling, WELLINGTON kon u Kommissie daarin slaag om te vermy dat die woonbuurtes Welgemoed, Monte-Vista en Edgemead by die afdeling Malmesbury gevoeg word. Die besware teen so 'n stap, wat 'n alternatiewe manier was om met die oortollige kiesers in die afdeling Durbanville te handel, was na u Kommissie se mening geldig. Hierdie nuwe afdeling is saamgestel deur die samevoeging van 'n gedeelte van Brackenfell (ten weste van die spoorlyn na die Paarl, en die ou Paarlpad vanaf die punt waar die spoorlyn die vermelde pad kruis), uit die afdeling Helderberg; Klipheuwel, Kalabaskraal, die Wolwedansgebied, Perdeberg, Wellington en die hele Kraaifontein uit die afdeling Malmesbury, en 'n gedeelte van Vissershok en Philadelphia uit die afdeling Moorreesburg. Wellington is ongetwyfeld die mees gevestigde en bekendste gemeenskap in hierdie nuwe kiesafdeling en dit is dus paslik geag om die afdeling, met 13 751 kiesers, na hierdie dorp te noem.

6.6.10 Aangesien die afdeling Malmesbury 11 393 kiesers moes bydra tot die skepping van die nuwe afdeling Wellington, op die wyse soos reeds hierbo beskryf, en die afdeling Moorreesburg deur u Kommissie beskou was as die gepaste afdeling waaruit kiesers na buite die Wes- en Noordwestelike Kaap oorgeplaas kon word, was dit onvermydelik dat ingrypende veranderings aan die grense van hierdie twee afdelings gemaak moes word. Om die beladings van die afdelings nou onder bespreking relatief tot mekaar op 'n aanvaarbare vlak te plaas was dit verder nodig om Moorreesburg met 1 660 kiesers en Koringberg met 348 kiesers by die afdeling Piketberg te voeg. Aangesien die dorp Moorreesburg, waaraan die afdeling sy naam ontleen het, na Piketberg oorgeplaas moes word, het u Kommissie dit gerade geag om Bloubergstrand, Tableview, Melkbosstrand, Darling, Mamre, Hopefield, Langebaan, Vredenburg, Saldanha, Parternoster, Laaiplek en Velddrif en hul omstreke by die oorblywende gedeelte van die afdeling Malmesbury te voeg, en die naam Malmesbury as die naam van die feitlik herskepte afdeling te behou. Die dorp Malmesbury is die oudste en mees gevestigde dorp in hierdie afdeling en dit is dus paslik om hierdie naam as afdelingsnaam te behou. Benewens die oorplasings uit die afdeling Moorreesburg waarna reeds verwys is, het u Kommissie Gouda, Tulbagh, Riebeek-Wes, Riebeek-Kasteel en Hermon na die afdeling Ceres oorgeplaas. Die padverbinding tussen Ceres en hierdie gemeenskappe is voldoende en die boerderyaktiwiteite wat daar beoefen word is grootliks identies met die van die Ceres omgewing. Aangesien Hermon nader aan Ceres geleë is as Porterville en sy omstreke en die afdeling Moorreesburg in elk geval moes verdwyn, het u Kommissie dit goed gedink om Porterville nie uit die afdeling Piketberg na Ceres oor te dra nie soos deur een van die partye aan die hand gedoen was nie. As gevolg van die bovermelde grensverskuiwings is MALMESBURY gelaat met 13 147 kiesers wat op 'n belading van 4,1% neerkom.

6.6.11 Met die oorplasing van Moorreesburg en Koringberg met 2 008 kiesers na PIKETBERG kon laasgenoemde afdeling 170 kiesers aan die afdeling Namakwaland afstaan. Hierdie oorplasing laat Piketberg met 'n belading van 2,8% wat goed vergelyk met die belading van 4,1% waarmee Malmesbury, met 'n aansienlik kleiner oppervlakte en 'n aantal halfstedelike groeipunte, gelaat is.

6.6.12 Soos reeds vermeld is die kiesers van Walvisbaai vanaf NAMAKWALAND oorgeplaas na Groenpunt. Deur die byvoeging van die gedeelte van die landdrosdistrik Van Rhynsdorp wat tans buite die afdeling Namakwaland lê, val die hele landdrosdistrik Van Rhynsdorp nou in Namakwaland en word die afdeling met 'n belading van 26,1% gelaat.

6.6.13 The Divisions of PAARL and WORCESTER have been left unchanged.

6.6.14 As the Division of CERES gained Gouda, Tulbagh, Riebeek West, Riebeek-Kasteel and Hermon for reasons previously stated, it had to surrender some voters, which was done by transferring the town of Touws River and environs with 1 350 voters to Beaufort West. Ceres is therefore retained as a special division with an unload of 22,3%.

6.6.15 Having acquired Touws River and environs with 1 350 voters from Ceres, the Division of Beaufort West could surrender the Magisterial District of Pearston with 599 voters to the Division of De Aar. Touws River is linked by rail and road (the National Road to the North) with Beaufort West, and the type of stock-farming practised in Touws River is much the same as that in Laingsburg and Beaufort West.

CHAPTER III

NATAL

1. The number of voters in the province as a whole has grown by 14 013 since 1973 and now stands at 265 611. However, this growth was confined to certain rural and semi-urban electoral divisions where it could in some cases be put down to particular localised development projects, and in other cases to other causes: in Mooi River and South Coast, for instance, a portion of the Cape Province was added to these two electoral divisions by the legislature when Griqualand East was incorporated in Natal. The largest increase occured in Newcastle, where the number of voters rose by 49%. In Eshowe, the increase was 37% and in Pinetown 32%. In contrast, the number of voters in the eight electoral divisions in Durban declined by 9 818 (9%).

2. The fact that the number of voters had risen sharply in some electoral divisions but had dropped considerably in others, coupled with the fact that the new provincial quota (13 283 in the case of Natal) had to be applied, necessitated radical adjustments to the boundaries between the twenty electoral divisions, with the result that not a single division could be left unchanged.

3.1 A prominent factor was the drop in the number of voters in DURBAN. At the previous delimitation, eight electoral divisions were assigned to the city, which were filled with voters from the municipal area of the city as well as with voters from the Westville municipality, while portions of the city situated on the North and South Coasts were incorporated in adjoining electoral divisions, such as Umhlanga and Amanzimtoti.

3.2 It was already apparent at that stage, that there was not an abundance of voters in the eight urban electoral divisions or in the adjoining electoral divisions of Umhlanga, Amanzimtoti, Pinetown and Umhlatuzana. The highest load in an urban electoral division (Port Natal) was only 2,6%. In Pinetown it was 1,7%, in Amanzimtoti 1,4% and in Umhlatuzana 0,6%, while Umhlanga had an unload of 2%.

3.3 At present there are 95 559 voters in the eight urban electoral divisions, which leaves a shortfall of 10 705 to bring each division up to its quota. There are surpluses in the neighbouring electoral divisions (951 in Umhlanga, 1 608 in Amanzimtoti, 4 111 in Pinetown and 1 546 in Umhlatuzana), but the total surplus is only 8 216, and if all these voters were used to make good the shortfalls in Durban, each one of the electoral divisions concerned would, subject to adjustments that could be made from other divisions, have to be unloaded merely to bring the electoral divisions in the city up to quota.

6.6.13 Die afdelings PAARL en WORCESTER is onveranderd gelaat.

6.6.14 Aangesien die afdeling CERES, Gouda, Tulbagh, Riebeek-Wes, Riebeek-Kasteel en Hermon bygekry het weens die oorwegings reeds hierbo uiteengesit, moes hy kiesers afstaan en dit is gedoen deur die dorp Touwsrivier en omgewing met 1 350 kiesers na Beaufort-Wes oor te plaas. Ceres word derhalwe behou as 'n spesiale afdeling met 'n ontlading van 22,3%.

6.6.15 Die afdeling BEAUFORT-WES, kon na ontvangs van Touwsrivier en omgewing met 1 350 kiesers van Ceres, die landdrosdistrik van Pearston met 599 kiesers aan die afdeling De Aar afstaan. Touwsrivier word deur die spoorlyn en die Nasionale pad na die noorde met Beaufort-Wes verbind en die aard van sy veeboerdery is grootliks dieselfde as wat in Laingsburg en Beaufort-Wes beoefen word.

HOOFSTUK III

NATAL

1. Die aantal kiesers in die provinsie as geheel het sedert 1973 met 14 013 toegeneem tot 265 611. Die aanwas was egter beperk tot sekere plattelandse en semi-stedelike kiesafdelings, waar dit in sommige gevalle toegeskryf kan word aan besondere gelokaliseerde ontwikkelingsprojekte, en in ander gevalle aan ander oorsake soos in Mooirivier en Suidkus waar 'n gedeelte van die Kaapprovinsie deur die wetgewer by die betrokke twee kiesafdelings gevoeg is toe Griekwaland-Oos by Natal ingelyf is. Die grootste styging was in Newcastle waar die kiesers met 49% toegeneem het. In Eshowe was die styging 37% en in Pinetown 32%. In die agt kiesafdelings in Durban daarenteen, het die kiesers met 9 818 (9%) afgeneem.

2. Die feit dat die kiesers in sommige kiesafdelings sterk gestyg het maar in ander aansienlik gedaal het, gepaard met die nuwe provinsiale kwota wat toegepas moes word (13 283 in die geval van Natal), het ingrypende onderlinge aanpassings tussen die twintig kiesafdelings geverg, met die gevolg dat nie 'n enkele afdeling onveranderd gelaat kon word nie.

3.1 'n Faktor wat veral sterk na vore getree het, was die afname van kiesers in DURBAN. By die vorige afbakening is agt kiesafdelings aan die stad toegeken wat gevul is met kiesers vanuit die munisipale gebied van die stad sowel as met kiesers uit die Westville munisipaliteit, terwyl gedeeltes van die stad, geleë aan die Noord- en Suidkus by aangrensende kiesafdelings soos Umhlanga en Amanzimtoti ingedeel is.

3.2 Op daardie stadium reeds was daar klaarblyklik nie 'n oorvloed kiesers in die agt stedelike kiesafdelings of in die onmiddellik aangrensende kiesafdelings Umhlanga, Amanzimtoti, Pinetown en Umhlatuzana nie. Die hoogste belading in 'n stedelike kiesafdeling (Port Natal) was slegs 2,6%. In Pinetown was dit 1,7%, in Amanzimtoti 1,4% en in Umhlatuzana 0,6% terwyl Umhlanga met 2% ontlaai is.

3.3 Tans is daar 95 559 kiesers in die agt stedelike kiesafdelings wat 'n tekort van 10 705 aandui om elke afdeling op kwota te bring. In die omliggende kiesafdelings is daar wel oorskotte (951 in Umhlanga, 1 608 in Amanzimtoti, 4 111 in Pinetown en 1 546 in Umhlatuzana) maar die totale oorskot is slegs 8 216 en indien al hierdie kiesers gebruik sou word om die tekorte in Durban aan te suiwer, sou elkeen van die betrokke kiesafdelings, behoudens aansuiwerings wat uit ander afdelings gemaak kon word, ontlaai moes word bloot om die kiesafdelings in die stad op kwota te bring.

3.4 The pertinent question therefore posed itself whether eight electoral divisions in Durban could still be justified, since it was clear that, if the city were to retain that number of divisions, it would to a large extent have to be carried by the surrounding electoral divisions.

3.5 Another factor of importance in this regard was the strong growth that was perceptible in rural electoral divisions, and the fact that surpluses in some of them could only be siphoned off to other electoral divisions with great difficulty, if at all. (Of the ten rural and semi-urban divisions, there was only one (Klip River) that showed a slight drop in the number of voters.) The net *increase* in the number of voters in rural and semi-urban electoral divisions was 22 896 (19%), compared with a *decrease* of 9 818 (9%) in Durban.

3.6 One of the three political parties that made representations submitted that only seven electoral divisions were justified in Durban and that a new rural electoral division should be created. The proposals made by one of the other parties had essentially the same aim, and only one party made proposals based on the retention of eight electoral divisions in Durban.

3.7 In the light of all the circumstances, your Commission decided that one of Durban's electoral divisions had to disappear and make way for a new rural electoral division.

3.8 When your Commission decided that one of Durban's electoral divisions had to disappear, it did not have any particular one in mind, but simply kept to the municipal area in delimiting the city and then dividing it into seven electoral divisions, each of which was as far as possible to have a roughly equal number of voters, with loads ranging from about 6% to 10%. In this way seven divisions were delimited which in most cases largely covered the area of seven of the previous electoral divisions, and Musgrave emerged as the electoral division with the greatest area to be absorbed by others. In terms of the proposals of one of the political parties it was Musgrave that had to disappear, and in the absence of any further suggestions from the other two parties at the time your Commission's provisional delimitation was made known, it was decided to retain the names of the existing electoral divisions, *except that of Musgrave*.

3.9 Various factors played a part in deciding on the location of the new rural electoral division. These were:

3.9.1 In Mooi River the number of voters had increased by 1 351, and furthermore all three the political parties recommended that the two polling districts which had been integrated with South Coast upon the incorporation of Griqualand East should rather be incorporated in Mooi River. Considering the number of voters that there would be in this electoral division after such an incorporation, and especially the large area that it would comprise, a part of it was available for incorporation in another or in a new electoral division.

3.9.2 The big surplus of voters in Newcastle could be siphoned off to either Klip River or Vryheid, or to both. At present Vryheid extends from the Natal border in the north to just north of Pietermaritzburg. The southern portion of that electoral division (i.e. the Greytown, Kranskop and New Hanover areas) is separated from the rest of the division by a Black area and can only be reached from the north via a detour. All indications were that the portion south of the Black area should rather be incorporated in some other electoral division and that the surplus of voters in Newcastle should be used to supplement the remaining portion of Vryheid.

3.9.3 In Pinetown and Umhlatuzana, there were big surpluses of voters that could be siphoned off by incorporating the rural parts of both these divisions in some other electoral division.

3.4 Die vraag het derhalwe pertinent ontstaan of agt kiesafdelings nog in Durban regverdig kon word waar dit duidelik was dat die stad, met behoud van soveel afdelings, grotendeels deur die omliggende kiesafdelings gedra sou moes word.

3.5 Wat verder in hierdie verband van belang was, was die sterk groei wat in plattelandse kiesafdelings waarneembaar was, en die feit dat oorskotte in sommige daarvan moeilik, indien enigsins, na ander kiesafdelings afgevoer kon word. [Van die 10 plattelandse en semi-stedelike afdelings was daar net een (Kliprivier) waar daar 'n geringe vermindering van kiesers was]. Die netto *vermeerdering* in plattelandse en semi-stedelike kiesafdelings was 22 896 (19%) teenoor 'n *vermindering* van 9 818 (9%) in Durban.

3.6 Een van die drie politieke partye wat voorleggings gedoen het, het dan ook aangevoer dat Durban tans slegs sewe kiesafdelings regverdig en dat 'n nuwe plattelandse kiesafdeling geskep behoort te word. Die voorstelle van een van die ander partye was wesenlik op dieselfde doel gerig en slegs een party het voorstelle gedoen op die basis van die behoud van agt Durbanse kiesafdelings.

3.7 In die lig van al die omstandighede, het u Kommissie besluit dat 'n Durbanse kiesafdeling inderdaad moes verdwyn ten gunste van 'n nuwe plattelandse kiesafdeling.

3.8 By die besluit oor die verdwyning van 'n kiesafdeling in Durban het u Kommissie geen voorafbepaalde een in gedagte gehad nie, maar die stad afgebaken deur die gebied suiwer tot die munisipale gebied te beperk en dit vervolgens in sewe kiesafdelings te verdeel, in elk waarvan daar sover moontlik min of meer 'n gelyke aantal kiesers is met beladings wat wissel van ongeveer 6% tot 10%. Op hierdie wyse is sewe afdelings afgebaken wat in die meeste gevalle grootliks die gebied beslaan het van sewe van die vorige kiesafdelings en het dit geblyk dat die kiesafdeling waarvan die grootste gebied deur andere opgeneem is, Musgrave was. Die voorstelle van een van die politieke partye het behels dat dit Musgrave was wat moes verdwyn en, in die afwesigheid van verdere suggesties van die ander twee partye op die stadium toe u Kommissie se voorlopige afbakening bekend gemaak is, is besluit om die name van die bestaande kiesafdelings, *uitgesonderd Musgrave*, te behou.

3.9 By die bepaling van die ligging van die nuwe plattelandse kiesafdeling het verskeie faktore 'n rol gespeel, naamlik:

3.9.1 In Mooirivier was daar 'n toename van 1 351 kiesers en al drie die politieke partye het boonop aanbeveel dat die twee stemdistrikte wat met die inlywing van Griekwaland-Oos by Suidkus ingeskakel is, eerder by Mooirivier ingedeel moes word. Inagnemende die aantal kiesers wat na so 'n indeling in die kiesafdeling sou wees en veral die groot gebied wat dit sou beslaan, was 'n deel daarvan beskikbaar vir inskakeling by 'n ander of nuwe kiesafdeling.

3.9.2 Die groot oorskot kiesers in Newcastle kon afgevoer word óf na Kliprivier óf na Vryheid óf na beide. Vryheid strek tans vanaf die grens van Natal in die Noorde tot net benoorde Pietermaritzburg. Die suidelike gedeelte van daardie kiesafdeling (dit is die Greytown, Kranskop en New Hanover-gebiede) word deur 'n swart gebied van die res geskei en is slegs met 'n ompad vanuit die noorde bereikbaar. Alle aanduidings was dat die deel suid van die swart gebied liefs by 'n ander kiesafdeling ingedeel moes word en dat die oorskot in Newcastle aangewend moes word om die oorblywende gedeelte van Vryheid te versterk.

3.9.3 In Pinetown en Umhlatuzana was daar groot oorskotte wat afgevoer kon word deur die plattelandse dele van beide by 'n ander kiesafdeling in te skakel.

3.9.4 In the area between Pinetown and Pietermaritzburg, and especially in the Camperdown area, considerable development is taking place.

3.10 A new electoral division could therefore be constituted of the southern portion of Vryheid (the Greytown area and the Magisterial District of New Hanover), the rural portions of Pinetown and Umhlatuzana, portions of Mooi River (the Camperdown area east of Pietermaritzburg and an area to its north-east), and a portion of Pietermaritzburg South, which falls outside the municipal area at present.

3.11 The biggest town in this area is Greytown, and your Commission decided to call the new electoral division GREYTOWN, consisting of—

polling district 58, surrendered by Pinetown;

polling districts 35 and 220, surrendered by umhlatuzana;

a portion of polling district 126, surrendered by Pietermaritzburg South;

polling districts 171, 177, 178, 179 and 180, taken from Vryheid; and

polling districts 33, 34 and 216, taken from Mooi River. There are 13 283 voters in this new electoral division, representing an unload of 0,6%.

4. Your Commission decided further to make the following adjustments to the electoral divisions:

4.1 AMANZIMTOTI surrenders polling district 87 (which forms part of the Durban municipal area) to Port Natal, and surrenders polling district 84 (the Umzinto District) to South Coast.

4.2 ESHOWE receives the entire Louwsburg Magisterial District from Vryheid and surrenders the Magisterial Districts of Eshowe, Mapumulo, Melmoth and Mtunzini to Umhlanga.

As the entire Eshowe area had been excised from this electoral division, a new name had to be found for it. Your Commission decided on UMFOLOZI.

4.3 KLIP RIVER is well below quota at the moment. A portion of the Magisterial District of Estcourt already forms part of this electoral division, and by taking the remainder of the district (polling district 165) out of Mooi River and adding it to this division, together with polling district 181 (taken from Vryheid), the shortfall could be made good to the extent that the portion of the Magisterial District of Dundee (polling districts 73 and 79) which does not already form part of Vryheid could be surrendered to Vryheid.

4.4 As previously stated, a portion of Griqualand East was incorporated in MOOI RIVER and another portion in South Coast, on the incorporation of Griqualand East in Natal. By taking the last-mentioned portion (Polling Districts 503 and 509, in which the town of Kokstad lies) and a portion of the Ixopo District (polling districts 52 and 55) from South Coast and adding them to MOOI RIVER, Mooi River was able to surrender the aforementioned portion of the District of Estcourt to Klip River, and to surrender polling districts 33, 34 and 216 to Greytown and portions of polling districts 122 and 216 to Pietermaritzburg North (these being situated within the municipal area of that city).

4.5 The surplus voters in NEWCASTLE were transferred to Vryheid by incorporating the entire Magisterial District of Utrecht in Vryheid.

4.6 The two electoral divisions in PIETERMARITZBURG have not undergone the same measure of development since the previous delimitation. Although the city as a whole gained 935 voters, the voters in Pietermaritzburg North are at present considerably below quota. Furthermore, Pietermaritzburg South at present extends beyond the municipal area of the city. Your Commission decided to confine the division to the municipal area by surrendering a

3.9.4 In die gebied tussen Pinetown en Pietermaritzburg en in besonder in die Camperdownomgewing is aansienlike ontwikkeling aan die gang.

3.10 'n Nuwe kiesafdeling kon aldus saamgestel word uit die suidelike gedeelte van Vryheid (die Greytown gebied en New Hanover landdrosdistrik), die plattelandse gedeeltes van Pinetown en Umhlatuzana, gedeeltes van Mooirivier (die Camperdown omgewing oos van Pietermaritzburg en 'n gebied ten noord-ooste daarvan) en 'n gedeelte van Pietermaritzburg-Suid wat tans buite die munisipale gebied val.

3.11 Die grootste dorp in die gebied is Greytown en u Kommissie het besluit om die nuwe kiesafdeling GREYTOWN te noem, wat bestaan uit—

stemdistrik 58 wat Pinetown afstaan;

stemdistrikte 35 en 220 wat Umhlatuzana afstaan;

'n gedeelte van stemdistrik 126 wat Pietermaritzburg-suid afstaan;

stemdistrikte 171, 177, 178, 179 en 180 uit Vryheid; en

stemdistrikte 33, 34 en 216 uit Mooirivier;

en waarin daar 13 283 kiesers is wat 'n ontlading van 0,6% verteenwoordig.

4. U Kommissie het verder besluit om die volgende aanpassings in die kiesafdelings te maak:—

4.1 AMANZIMTOTI staan stemdistrik 87 (wat deel vorm van Durban se munisipale gebied) aan Port Natal, en stemdistrik 84 (die Umzinto distrik) aan Suidkus af.

4.2 ESHOWE ontvang die hele Louwsburg landdrosdistrik van Vryheid en staan die landdrosdistrikte, Eshowe, Mapumulo, Melmoth en Mtunzini aan Umhlanga af.

Aangesien die hele Eshowe-gebied uit die kiesafdeling geneem is, moes 'n nuwe naam daarvoor gevind word. U Kommissie het op UMFOLOZI besluit.

4.3 KLIPRIVIER is tans aansienlik onder kwota. 'n Gedeelte van die Estcourt landdrosdistrik vorm reeds deel van die kiesafdeling en deur die res van die distrik (stemdistrik 165) uit Mooirivier ook daarby te voeg tesame met stemdistrik 181 uit Vryheid, kon die tekort tot so 'n mate aangesuiwer word dat die gedeelte van die Dundee landdrosdistrik (stemdistrikte 73 en 79) wat nie reeds deel van Vryheid is nie, aan Vryheid afgestaan word.

4.4 Soos vantevore vermeld, is 'n gedeelte van Griekwaland-Oos met die inlywing by Natal, by MOOIRIVIER ingedeel en 'n gedeelte by Suidkus. Deur laasgenoemde gedeelte (stemdistrikte 503 en 509 waarin die dorp Kokstad lê) tesame met 'n gedeelte van die Ixopo distrik (stemdistrikte 52 en 55) vanuit Suidkus by MOOIRIVIER te voeg, is Mooirivier in staat gestel om die gedeelte van die Estcourt distrik waarna reeds verwys is, aan Kliprivier af te staan, as mede stemdistrikte 33, 34 en 216 aan Greytown en gedeeltes van stemdistrikte 122 en 216 aan Pietermaritzburg-Noord (binne die munisipale gebied van daardie stad).

4.5 Die oorskot kiesers in NEWCASTLE is na Vryheid oorgeplaas deur die hele Utrecht landdrosdistrik by Vryheid in te deel.

4.6 Die twee kiesafdelings in PIETERMARITZBURG het nie dieselfde ontwikkeling ondergaan sedert die vorige afbakening nie. Hoewel die stad as geheel 935 kiesers bygekry het, is die kiesers in Pietermaritzburg-Noord tans aansienlik onder kwota. Bowendien strek Pietermaritzburg-Suid tans tot buite die munisipale gebied van die stad. U Kommissie het besluit om dit tot die munisipale gebied te beperk deur 'n gedeelte van stemdistrik 126 aan Greytown

portion of polling district 126 to Greytown and by incorporating those portions of polling districts 122 and 216, which form part of the municipality but are at present incorporated in Mooi River in Pietermaritzburg North. The existing boundary between these two electoral divisions was then shifted so that each one has virtually the same number of voters and a 3% load.

4.7 There has been a tremendous increase in the number of voters in PINETOWN since 1973. A large portion of this electoral division lies in rural areas and, as previously stated, could be used for the creation of the Electoral Division of Greytown, in which polling district 58 with 4 888 voters has been incorporated. However, further changes had to be made in view of your Commission's decision to confine the Durban electoral divisions to that city's municipal area and in view of the fact that the adjoining electoral division (Umhlatuzana) also had to surrender a number of voters to Greytown. This was done by incorporating the portion of polling district 214 (Westville) which does not form part of the Durban municipality but which had been incorporated in Berea under the previous delimitation in Pinetown and by incorporating certain blocks from polling districts 16 and 59, which form part of the municipality but were incorporated in Pinetown, in Berea. The surplus voters in Pinetown that would have resulted from this were transferred to Umhlatuzana by the incorporation of three blocks from polling district 59 in that electoral division. This leaves Pinetown with an unload of 1,5% and Umhlatuzana with an unload of 0,05%.

4.8 The delimitation of UMHLANGA was closely bound up with your Commission's decision concerning the delimitation of the Durban electoral divisions, the delimitation of Eshowe (to which reference has already been made), and the delimitation of Vryheid. That part of the municipality of Durban that had been incorporated in Umhlanga under the previous delimitation (namely polling district 36 and certain blocks from polling district 6) has been incorporated in Durban North. To compensate it for this loss of voters, Umhlanga receives the districts previously referred to from Eshowe and the Magisterial District of Kranskop from Vryheid.

4.9 The way in which UMHLATUZANA was delimited has already appeared from the description of the delimitation of Greytown and Pinetwon.

4.10 The way in which VRYHEID was delimited has appeared from the description of the delimitation of Greytown, Umhlanga, Eshowe (Umfolozi), Klip River and Newcastle. The main effect of this delimitation is that the southern extremity of this electoral division, which had extended almost as far as Pietermaritzburg but which, as previously stated, had been cut off from the rest of the division by a Black area, has been incorporated in other electoral divisions (Greytown and Umhlanga), that the Louwsburg District has been incorporated in Eshowe (Umfolozi), that the entire Dundee District will now form part of Vryheid, and that the Utrecht District has been transferred from Newcastle to Vryheid.

CHAPTER IV

ORANGE FREE STATE

1. Since the previous delimitation the number of voters in the province had increased by 8 991 to 180 085. This increase was not, however, spread evenly over all the electoral divisions; it was confined mainly to the city of Bloemfontein and the parliamentary Electoral Divisions of Virginia and Welkom, with smaller increases in some electoral divisions and, conversely, marked decreases in certain others. For instance, the number of voters exceeded the present quota by 28% in Bloemfontein East, by 32,8% in Bloemfontein West, by 28,9% in Virginia and 14,7% in Welkom. Parliamentary electoral divisions where the decrease was particularly noticeable and in which the numbers were considerably below the present quota were Bethlehem

af te staan en die gedeeltes van stemdistrikte 122 en 216 wat deel van die munisipaliteit vorm maar tans by Mooirivier ingedeel is, by Pietermaritzburg-Noord in te skakel. Die bestaande grens tussen die twee kiesafdelings is vervolgens so verskuif dat elkeen feitlik dieselfde aantal kiesers het en elkeen met 3% belaai is.

4.7 Die kiesers in PINETOWN het geweldig toegeneem sedert 1973. 'n Groot gedeelte van die kiesafdeling lê in die platteland en, soos vantevore vermeld, kon dit gebruik word vir die skepping van Greytown waar stemdistrik 58 met 4 888 kiesers ingeskakel is. Verdere aansuiwerings moes egter gemaak word in die lig van u Kommissie se besluit om die Durbanse kiesafdelings tot die stad se munisipale gebied te beperk en in die lig van die feit dat die aangrensende kiesafdeling (Umhlatuzana) ook 'n aantal kiesers aan Greytown moes afstaan. Dit is gedoen deur die gedeelte van stemdistrik 214 (Westville) wat nie deel van die Durbanse munisipaliteit vorm nie maar by die vorige afbakening by Berea ingeskakel is, by Pinetown in te deel, en sekere blokke uit stemdistrikte 16 en 59 wat deel van die munisipaliteit vorm maar by Pinetown ingeskakel was, by Berea in te deel. Die oorskot kiesers wat as gevolg hiervan in Pinetown sou wees, is na Umhlatuzana oorgeplaas deur drie blokke uit stemdistrik 59 by daardie kiesafdeling in te deel. Dit laat Pinetown met 'n ontlading van 1,5% en Umhlatuzana met 'n ontlading van 0,05%.

4.8 Die afbakening van UMHLANGA het ten nouste saamgehang met u Kommissie se besluit oor die afbakening van die Durbanse kiesafdelings en van Eshowe, (waarna reeds verwys is) sowel as die afbakening van Vryheid. Die deel van Durban se munisipaliteit wat by die vorige afbakening by Umhlanga ingeskakel is (naamlik stemdistrik 36 en sekere blokke uit stemdistrik 6), is by Durban-Noord ingeskakel. Om te vergoed vir hierdie verlies van kiesers, ontvang Umhlanga die distrikte van Eshowe waarna vantevore verwys is asook die Kranskop-landdrosdistrik van Vryheid.

4.9 Die wyse waarop UMHLATUZANA afgebaken is, blyk reeds uit die beskrywing van die afbakening van Greytown en Pinetown.

4.10 Die wyse waarop VRYHEID afgebaken is, blyk reeds uit die beskrywing van die afbakening van Greytown, Umhlanga, Eshowe (Umfolozi), Kliprivier en Newcastle. Die effek daarvan is hoofsaaklik dat die suidelike punt van die kiesafdeling wat feitlik tot by Pietermaritzburg gestrek het, maar soos vantevore vermeld, deur 'n swart gebied van die res afgesny is, by ander kiesafdelings (Greytown en Umhlanga) ingedeel is, dat die Louwsburg distrik by Eshowe (Umfolozi) ingedeel is, dat die hele Dundee-distrik nou deel van Vryheid sal vorm en dat die Utrecht-distrik van Newcastle na Vryheid oorgeplaas is.

HOOFSTUK IV

ORANJE-VRYSTAAT

1. Sedert die vorige afbakening het die aantal kiesers in die provinsie met 8 991 vermeerder tot 180 085. Die aanwas is egter nie eweredig tussen al die kiesafdelings versprei nie; dit is hoofsaaklik beperk tot die stad Bloemfontein en die parlementêre kiesafdelings Virginia en Welkom, met 'n kleiner toename in sommige maar 'n sterk afname daarenteen in sekere ander kiesafdelings. In Bloemfontein-Oos was die aantal kiesers byvoorbeeld 28% bo die huidige kwota, in Bloemfontein-Wes 32,8% in Virginia 28,9% en in Welkom 14,7%. Parlementêre kiesafdelings waarin die afname veral opmerklik was en waarin die getalle aansienlik onder die huidige kwota was, was Bethlehem (14,7% onder

(14,7% below quota), Ladybrand (19,1%) and Smithfield (25,35%). Fauresmith was 28,4% below quota, but this is a special electoral division where the permissible shortfall on the quota is 30% and where the number of voters in the division has in fact increased by 84 since 1973. In the other parliamentary electoral divisions the change since 1973 and the deviation from the quota were relatively small.

2. *Quota.*

In terms of section 40 (2) of the Constitution Act the province had to be divided into 14 parliamentary electoral divisions and each of these had to be divided further in accordance with sections 68 and 69 into two provincial electoral divisions, each with a number of voters as nearly equal as possible to half the number of voters in the parliamentary electoral division. On the basis of the total number of voters, the quota for parliamentary electoral divisions was 12 863.

3. *Parliamentary Electoral Divisions.*

3.1 In regard to the delimitation of parliamentary electoral divisions your Commission had to devote special attention to the tremendous excess in two of the Bloemfontein electoral divisions and in Virginia and Welkom, as against the shortfalls in Bethlehem, Winburg, Smithfield and Ladybrand.

3.2 The city of Bloemfontein and its surrounding smallholding areas were used at the time of the previous delimitation as a source of voters for the rural Electoral Divisions of Winburg, Fauresmith and Smithfield, with the result that the smallholding areas disappeared altogether from the Bloemfontein electoral divisions and that the three urban electoral divisions were restricted to the municipal area of the city. Since then the number of voters in those three electoral divisions has increased by 7 939 to 46 680, whereas the total number of voters in Winburg, Fauresmith and Smithfield has declined by 2 314 to 29 226.

3.3 The surplus of voters in Bloemfontein could be dealt with in one of two ways. The first possibility was to create a fourth electoral division in the city. However, three electoral divisions would have lift a surplus of only 8 901, which would have been so far below the quota that the shortfall could not have been made up without drastically unloading the existing urban electoral divisions. If it had to be made up by taking voters from the surrounding smallholding areas, one of the adjoining rural electoral divisions, which was already below quota, would have had to disappear. The only alternative was to make up the shortfalls in the rural electoral divisions from the surplus in Bloemfontein. Apart from other considerations, the problem was that in order to do this fairly drastic excisions from the city would have been necessary and that this would have had the undesirable effect of grouping a considerable number of urban voters with rural voters with whom they would have had little or no common interest.

3.4 All three of the political parties that made submissions and appeared before your Commission at its sitting in Bloemfontein were opposed to the creation of a fourth Bloemfontein electoral division, mainly because it would result in the disappearance of a rural electoral division and because of the drastic boundary changes that would be required. They were all agreed, however, that such a step would be unavoidable if it appeared at a later delimitation that the current trends had continued.

3.5 Your Commission agreed with the parties that a fourth urban electoral division should not be created at this stage and that it would be better to supplement the adjoining rural electoral divisions further from Bloemfontein, even if this had the undesirable effect referred to above.

kwota), Ladybrand (19,1%) en Smithfield (25,35%). Fauresmith was 28,4% onder kwota maar dit is 'n spesiale kiesafdeling waarin die toelaatbare kwotatekort 30% is en waarin die aantal kiesers sedert 1973 inderdaad met 84 gestyg het. In die ander parlementêre kiesafdelings was die verandering sedert 1973 en die afwyking van die kwota relatief gering.

2. *Kwota.*

Ooreenkomstig artikel 40 (2) van die Grondwet, moes die provinsie in 14 parlementêre kiesafdelings verdeel word en moes elke parlementêre kiesafdeling verder ooreenkomstig artikels 68 en 69 verdeel word in twee provinsiale kiesafdelings, elk met 'n getal kiesers wat so na as moontlik gelyk staan aan die helfte van die getal kiesers in die parlementêre kiesafdeling. Inagnemende die totale aantal kiesers, was die kwota vir die parlementêre kiesafdelings 12 863.

3. *Parlementêre kiesafdelings.*

3.1 Wat die afbakening van die parlementêre kiesafdelings betref, moes u Kommissie veral aandag skenk aan die geweldige oorskot in twee van die Bloemfonteinse kiesafdelings sowel as in Virginia en Welkom, teenoor die tekorte in Bethlehem, Winburg, Smithfield en Ladybrand.

3.2 Die stad Bloemfontein en sy omliggende kleinhoewegebiede is by die vorige afbakening gebruik as voedingsbron vir die plattelandse kiesafdelings Winburg, Fauresmith en Smithfield met die gevolg dat die kleinhoewegebiede geheel en al uit die Bloemfonteinse kiesafdelings verdwyn het en die drie stadskiesafdelings beperk is tot die munisipale gebied van die stad. Sedertdien het die getal kiesers in daardie drie kiesafdelings met 7 939 toegeneem tot 46 680 terwyl die totale aantal kiesers in Winburg, Fauresmith en Smithfield met 2 314 afgeneem het tot 29 226.

3.3 Met die oorskot kiesers in Bloemfontein kon op een van twee maniere te werk gegaan word. Een alternatief was om 'n vierde kiesafdeling in die stad te skep. Met drie kiesafdelings was die oorskot egter slegs 8 901 wat so ver onder kwota was dat die tekort nie aangesuiwer kon word sonder om die bestaande stadskiesafdelings drasties te ontlaai nie. Sou dit aangesuiwer word met kiesers uit die omliggende kleinhoewegebiede sou een van die aangrensende plattelandse afdelings wat reeds onder kwota was, moes verdwyn. Die enigste ander alternatief was om die tekorte in die plattelandse afdelings aan te suiwer uit die oorskot in Bloemfontein. Afgesien van ander oorwegings, was die probleem hiermee dat betreklik drastiese insnydings in die stad gedoen sou moes word ten einde dit te bewerkstellig, en die ongewenste gevolg sou wees dat 'n aansienlike aantal stadskiesers saamgegroepeer sou word met plattelandse kiesers met wie daar weinig of geen gemeenskaplikheid van belange bestaan het nie.

3.4 Aldrie politieke partye wat voorleggings gedoen en voor u Kommissie by sy sitting in Bloemfontein verskyn het, was gekant teen die skepping van 'n vierde Bloemfonteinse kiesafdeling, hoofsaaklik weens die verdwyning van 'n plattelandse afdeling en die ingrypende grensverskuiwings wat dit sou verg. Almal was dit egter eens dat so 'n stap onvermydelik sal wees indien dit by 'n volgende afbakening sou blyk dat huidige tendense voortgeduur het.

3.5 U Kommissie was dit met die partye eens dat 'n vierde stadskiesafdeling nie op hierdie stadium geskep behoort te word nie en dat die aangrensende plattelandse afdelings eerder nog verder uit Bloemfontein gevoed moes word, selfs al bring dit die ongewenste resultaat mee waarna vantevore verwys is.

3.6 The parliamentary Electoral Division of Winburg, in which there was a shortfall, adjoins Bloemfontein in the south and could be supplemented from that quarter. To the north it borders on Parys, Welkom and Virginia and could therefore also be supplemented from those sources. In deciding on the most appropriate source from which to supplement Winburg, it was necessary to consider the position in other electoral divisions too, viz:

3.7 To the north of Welkom and Virginia is the parliamentary Electoral Division of Kroonstad, which had a small surplus of 2,4% above quota. To the east of Kroonstad, however, is Bethlehem with a shortfall of 14,7% and to the east of Virginia is Ladybrand with a shortfall of 19,1%

3.8 In Ladybrand there was a further complicating factor in that a part of Bophuthatswana that had to come into being since the previous delimitation cut almost right across the electoral division from north to south, leaving only a relatively narrow corridor in the south up to the provincial border. This meant that the voters altogether 148 in polling districts 17, 26 and 250 and a portion of polling district 235 lying west of the area were cut off from the other voters in the electoral division. The only practical way to eliminate this undesirable state of affairs was to include the polling districts concerned in another electoral division (Smithfield), which meant of course that the shortfall in the remaining portion of Ladybrand was aggravated and could be supplemented only from Kroonstad and Virginia. No supplementation from Winburg or Bethlehem was possible since those electoral divisions were themselves below quota.

3.9 The three parties submitted differing proposals for the adjustment of these electoral divisions. Your Commission found the proposals very helpful and considered them thoroughly, concluding that in the light of the provisions of section 43 (3) of the Constitution Act—

Bloemfontein should supplement Winburg and Smithfield,

Kroonstad should supplement Ladybrand and Bethlehem, and

Virginia should supplement Kroonstad and Ladybrand, as set forth below.

3.10 In deciding that Kroonstad should supplement Ladybrand and Bethlehem your Commission duly noted the representations made by two of the parties that the District of Lindley, which lies between Kroonstad and Bethlehem and borders on Ladybrand in the south, should not be divided but should be included in its entirety either in Ladybrand or in Bethlehem. Adding the whole district to one of these two electoral divisions would, however, have necessitated alterations to so many electoral division boundaries and deviations from magisterial district boundaries elsewhere that it was decided to divide it and include the parts in *both* electoral divisions. This meant that three parliamentary electoral divisions (Parys, Sasolburg and Heilbron) could be left unchanged.

3.11 In the light of the foregoing, your Commission decided to adjust the 14 parliamentary electoral divisions in the province in such a way that—

3.12 BETHLEHEM gains polling districts 122, 123 and 184 in the District of Lindley from Kroonstad;

3.13 BLOEMFONTEIN NORTH surrenders certain blocks in polling district 22 to Smithfield and takes over certain blocks in polling district 23 from Bloemfontein East;

3.14 BLOEMFONTEIN EAST surrenders the abovementioned blocks in polling district 23 to Bloemfontein North and certain other blocks in polling districts 23 and 24 to Smithfield but takes over certain blocks in polling district 20 from Bloemfontein West, together with that portion of polling district 32 in the Electoral Division of Winburg known as Hillsborough (a suburb of Bloemfontein);

3.6 Die parlementêre kiesafdeling Winburg waarin daar 'n tekort was, grens in die suide aan Bloemfontein en kon vandaar aangevul word. In die noorde grens dit aan Parys, Welkom en Virginia sodat dit ook uit daardie oorde aangesuiwer kon word. Ten einde te besluit op die mees gepaste aanvullingsbron vir Winburg, was dit nodig om die posisie in ander kiesafdelings ook in oënskou te neem, naamlik:

3.7 Ten noorde van Welkom en Virginia lê die parlementêre kiesafdeling Kroonstad wat 'n geringe oorskot van 2,4% bo kwota gehad het. Ten ooste van Kroonstad lê egter Bethlehem met 'n tekort van 14,7% en ten ooste van Virginia lê Ladybrand met 'n tekort van 19,1%.

3.8 In Ladybrand was daar verder die kompliserende faktor dat 'n gedeelte van Bophuthatswana wat sedert die vorige afbakening tot stand gekom het, van noord na suid feitlik dwarsdeur die kiesafdeling sny met slegs 'n betreklike smal korridor in die suide tot aan die provinsiale grens. Dit het tot gevolg dat die kiesers (148 in totaal) in Stemdistrikte 17, 26 en 250 en 'n gedeelte van stemdistrik 235 wat ten weste van die gebied lê, van die ander kiesers in die kiesafdeling geskei is. Die enigste praktiese manier om hierdie ongewenste toestand uit te skakel, was om die betrokke stemdistrikte by 'n ander kiesafdeling (Smithfield) in te deel, wat natuurlik meegebring het dat die tekort in die oorblywende gedeelte van Ladybrand vererger het en slegs vanuit Kroonstad en Virginia aangevul kon word. Uit Winburg of Bethlehem kon dit nie gedoen word nie want daardie kiesafdelings was self onder kwota.

3.9 Die drie partye het verskillende voorstelle voorgelê oor die onderlinge aansuiwering tussen hierdie kiesafdelings. U Kommissie het die voorstelle van groot hulp gevind en deeglik oorweeg, en tot die gevolgtrekking gekom dat, in die lig van die bepalings van artikel 43 (3) van die Grondwet, . . .

Bloemfontein vir Winburg en Smithfield;

Kroonstad vir Ladybrand en Bethlehem; en

Virginia vir Kroonstad en Ladybrand moes aanvul en op die wyse hieronder uiteengesit.

3.10 By die besluit dat Kroonstad vir Ladybrand en Bethlehem moes aanvul, het u Kommissie ernstig aandag geskenk aan die vertoë van twee van die partye om die Lindley- distrik wat tussen Kroonstad en Bethlehem lê en in die suide aan Ladybrand grens, nie te verdeel nie en om dit in die geheel òf by Ladybrand òf by Bethlehem te voeg. Die toevoeging van die hele distrik tot een van die betrokke twee kiesafdelings sou egter die versteuring van soveel grense van kiesafdelings en afwykings van landdrosdistrikgrense elders verg, dat besluit is om dit tog te verdeel en by *albei* kiesafdelings in te deel. Dit het meegebring dat drie parlementêre kiesafdelings (Parys, Sasolburg en Heilbron) onveranderd gelaat kon word.

3.11 In die lig van die voorafgaande, het u Kommissie besluit om die 14 parlementêre kiesafdelings in die provinsie op so 'n wyse aan te pas dat—

3.12 BETHLEHEM stemdistrikte 122, 123 en 184 in die Lindleydistrik van Kroonstad neem;

3.13 BLOEMFONTEIN-NOORD sekere blokke uit stemdistrik 22 aan Smithfield afgee, en op sy beurt sekere blokke uit stemdistrik 23 van Bloemfontein-Oos neem;

3.14 BLOEMFONTEIN-OOS die pasgenoemde blokke uit stemdistrik 23 aan Bloemfontein-Noord asook sekere ander blokke uit stemdistrikte 23 en 24 aan Smithfield afgee, maar sekere blokke uit stemdistrik 20 van Bloemfontein-Wes neem, tesame met die gedeelte van stemdistrik 32 uit die Winburg kiesafdeling wat bekend staan as Hillsborough ('n voorstad van Bloemfontein);

3.15 BLOEMFONTEIN WEST surrenders the above-mentioned blocks in polling district 20 to Bloemfontein East and a portion of polling district 6 (the Tempe and Brandwag areas) to Winburg;

3.16 FAURESMITH surrenders polling district 28 to Smithfield but takes over polling districts 37, 133 and 134 from Winburg;

3.17 HEILBRON remains unchanged;

3.18 KROONSTAD, apart from the polling districts in the District of Lindley surrendered to Bethlehem, surrenders the rest of the district (i.e. polling districts 151, 152, 183 and 187) to Ladybrand but takes over polling districts 153 and 268 from Virginia;

3.19 LADYBRAND, apart from the polling districts taken over from Kroonstad, also gets the District of Ventersburg (polling district 256) from Virginia but surrenders the portion west of Bophuthatswana (polling districts 17, 26, 250 and a portion of 235) to Smithfield;

3.20 PARYS remains unchanged;

3.21 SASOLBURG remains unchanged;

3.22 SMITHFIELD receives the portion of Ladybrand to the west of Bophuthatswana as well as polling district 28 from Fauresmith, certain blocks in polling district 22 from Bloemfontein North and other blocks from polling districts 23 and 24 from Bloemfontein East;

3.23 VIRGINIA surrenders polling districts 153 and 268 to Kroonstad, polling district 256 to Ladybrand and polling district 155 and a portion of polling district 240 to Welkom, but takes over certain blocks in polling district 279 from Welkom;

3.24 WELKOM surrenders the above-mentioned blocks in polling district 279 to Virginia but receives polling district 155 and a portion of polling district 240 from Virginia; and

3.25 WINBURG takes over the portion known as Brandwag and Tempe of polling district 6 from Bloemfontein West but surrenders polling districts 37, 133 and 134 to Fauresmith and the portion of polling district 32 known as Hillsborough to Bloemfontein North.

4. *Provincial electoral divisions.*

4.1 In terms of sections 68 and 69 of the Constitution Act the number of voters in each provincial electoral division should as nearly as possible be equal to half the number of voters in the parliamentary electoral division concerned.

4.2 In one case, namely that of the parliamentary Electoral Division of Parys, your Commission was obliged to delimit the two provincial electoral divisions in such a way that the number of voters in each case differs from the average by more than 300. The reason for this was that polling district 220, with 1 399 voters, literally divides the electoral division in two. Because of this and of the number of voters in adjoining polling districts, the substantial deviation from the average could not be avoided.

4.3 In four cases new names had to be found for provincial electoral divisions:

4.3.1 In Bloemfontein East the two monuments from which the name MONUMENT derives do not fall in the electoral division under the present delimitation, and a new name had to be found. Your Commission decided to name the electoral division BRANDKOP, which is the name of a well-known farm in the area.

4.3.2 The provincial Electoral Division of Lindley (in the parliamentary Electoral Division of Kroonstad) is now divided among Ladybrand, Bethlehem and Kroonstad, an in its place certain polling districts from Virginia have been

3.15 BLOEMFONTEIN-WES die pasgenoemde blokke uit stemdistrik 20 aan Bloemfontein-Oos, en 'n gedeelte van stemdistrik 6 (die Tempe- en Brandwaggebiede) aan Winburg afstaan;

3.16 FAURESMITH stemdistrik 28 aan Smithfield afgee maar stemdistrikte 37, 133 en 134 van Winburg neem;

3.17 HEILBRON onveranderd bly;

3.18 KROONSTAD benewens die stemdistrikte in die Lindleydistrik wat aan Bethlehem afgestaan word, die res van die distrik (d.w.s. stemdistrikte 151, 152, 183 en 187) aan Ladybrand afgee maar op sy beurt stemdistrikte 153 en 268 van Virginia neem;

3.19 LADYBRAND benewens die stemdistrikte wat van Kroonstad geneem word, ook die Ventersburgdistrik (stemdistrik 256) van Virginia neem, maar die gedeelte wes van Bophuthatswana (stemdistrikte 17, 26, 250 en 'n gedeelte van 235) aan Smithfield afstaan;

3.20 PARYS onveranderd bly;

3.21 SASOLBURG onveranderd bly;

3.22 SMITHFIELD die deel van Ladybrand wes van Bophuthatswana ontvang asook stemdistrik 28 van Fauresmith, sekere blokke uit stemdistrik 22 van Bloemfontein-Noord en ander blokke uit stemdistrikte 23 en 24 van Bloemfontein-Oos;

3.23 VIRGINIA stemdistrikte 153 en 268 aan Kroonstad, stemdistrik 256 aan Ladybrand, en stemdistrik 155 en 'n gedeelte van stemdistrik 240 aan Welkom afgee, maar sekere blokke van stemdistrik 279 van Welkom oorneem;

3.24 WELKOM die pasgenoemde blokke uit stemdistrik 279 aan Virginia afstaan maar in ruil daarvoor stemdistrik 155 en 'n gedeelte van stemdistrik 240 van Virginia ontvang, en

3.25 WINBURG die gedeelte bekend as Brandwag en Tempe uit stemdistrik 6 van Bloemfontein-Wes neem, maar stemdistrikte 37, 133 en 134 aan Fauresmith afstaan, en ook die gedeelte van stemdistrik 32 wat bekend is as Hillsborough, aan Bloemfontein-Noord afstaan.

4. *Provinsiale kiesafdelings.*

4.1 Ooreenkomstig artikels 68 en 69 van die Grondwet moet die getal kiesers in elke provinsiale kiesafdeling so na as moontlik gelyk staan aan die helfte van die getal kiesers in die betrokke parlementêre kiesafdeling.

4.2 In een geval, naamlik in die parlementêre kiesafdeling Parys, was u Kommissie verplig om die twee provinsiale kiesafdelings so in te deel dat die getal kiesers in elke geval met meer as 300 van die gemiddelde verskil. Die rede daarvoor was dat stemdistrik 220 met 1 399 kiesers die kiesafdeling letterlik in twee verdeel. Die groot afwyking van die gemiddelde kon as gevolg hiervan en van die getal kiesers in aangrensende stemdistrikte, nie vermy word nie.

4.3 In vier gevalle moes nuwe name gevind word vir provinsiale kiesafdelings, naamlik:

4.3.1 In Bloemfontein-Oos val die twee monumente waaraan MONUMENT sy naam ontleen het, nie volgens die huidige afbakening binne die kiesafdeling nie en 'n nuwe naam moes gevind word. U Kommissie het besluit om die kiesafdeling BRANDKOP te noem wat die naam is van 'n bekende plaas in die omgewing.

4.3.2 Die provinsiale afdeling Lindley (in Kroonstad parlementêre kiesafdeling) is nou verdeel tussen Ladybrand en Bethlehem en Kroonstad, en in die plek daarvan is sekere stemdistrikte uit Virginia by Kroonstad ingedeel. Die naam

included in Kroonstad. The name of one of the provincial electoral divisions in Kroonstad (VALSCH RIVER) was retained, but a new name had to be found for the other. Your Commission decided to call it HENNENMAN.

4.3.3 Your Commission delimited the parliamentary Electoral Division of Smithfield in such a way that the town of Reddersburg is no longer included in the northern provincial division. Your Commission accepted the proposal of one of the parties that that division should be called ONZE RUST. The historic farm of that name lies within the area.

4.3.4 The parliamentary Electoral Division of Virginia included the two persent provincial electoral divisions of VENTERSBURG and ST HELENA. As has been said, your Commission decided that Ventersburg as a whole should be surrendered to Ladybrand and St Helena as a whole to Kroonstad. However, the St Helena Mine is still included in the remaining portion of the parliamentary Electoral Division of Virginia and therefore the name St Helena could be retained for one of the provincial divisions. Your Commission decided on SAND RIVER as the name for the other one.

4.4 The boundary changes made by your Commission to the provincial electoral divisions were necessitated by the redelimitation of some of the parliamentary divisions and, in other cases, by the differences in numbers of voters between the present provincial divisions.

4.5 Your Commission decided to delimit the provincial electoral divisions in such a way that—

4.6 in the parliamentary Electoral Division of Bloemfontein North the township known as Hilsborough (at present part of Brandfort) is included under SIGNAL HILL together with one block surrendered to SIGNAL HILL by Raadzaal and that WAVERLEY surrenders certain blocks to Onze Rust but receives certain blocks from Raadzaal;

4.7 in the parliamentary Electoral Division of Bloemfontein East RAADZAAL surrenders a few blocks to Signal Hill, Waverley and Onze Rust but receives certain blocks from Wilgehof and Monument while MONUMENT also surrenders certain blocks to Onze Rust;

4.8 in the parliamentary Electoral Division of Bloemfontein West, UNIVERSITAS surrenders certain blocks to Brandfort and to Wilgehof whereas WILGEHOF surrenders a number of blocks to Raadzaal;

4.9 in the parliamentary Electoral Division of Fauresmith, BOSHOF receives three polling districts from Bultfontein but itself surrenders a polling district to Smithfield, while JAGERSFONTEIN remains unchanged;

4.10 in the parliamentary Electoral Division of Heilbron, FRANKFORT surrenders polling district 120 to VREDE;

4.11 in the parliamentary Electoral Division of Kroonstad, VALSCH RIVER receives polling district 144 from the present Lindley and polling district 268 from the present St Helena but surrenders polling district 147 and three blocks in polling district 143 to the new provincial Electoral Division of HENNENMAN, so that HENNENMAN will consist of what it receives from VALSCH RIVER plus polling district 153 received from the present St Helena and polling districts 149, 150, 145 and 146 received from the present Lindley;

4.12 in the parliamentary Electoral Division of Ladybrand, SENEKAL receives four polling districts from the present Lindley, polling district 256 from the present Ventersburg and polling district 182 from CLOCOLAN but surrenders two polling districts to CLOCOLAN which, in turn, surrenders polling districts 17, 26, 250 and a portion of polling district 235 to Onze Rust;

4.13 in the parliamentary Electoral Division of Parys, the two provincial Electoral Divisions of VREDEFORT and BOTHAVILLE remain unchanged;

van die een provinsiale afdeling in Kroonstad (VALSCHRIVIER) is behou, maar vir die ander moes 'n nuwe naam gevind word. U Kommissie het besluit om dit HENNENMAN te noem

4.3.3 U Kommissie het die parlementêre kiesafdeling Smithfield so afgebaken dat die dorp Reddersburg nie langer in die noordelike provinsiale afdeling val nie. U Kommissie het die voorstel van een van die partye om daardie afdeling ONZE RUST te noem, aanvaar. Die geskiedkundige plaas met daardie naam lê binne die gebied.

4.3.4 In die parlementêre kiesafdeling Virginia, is die twee huidige provinsiale kiesafdelings VENTERSBURG en ST. HELENA. Soos vantevore genoem, het u Kommissie besluit om Ventersburg in die geheel af te staan aan Ladybrand, en St. Helena in die geheel aan Kroonstad. Die St. Helenamyn lê egter nog in die oorblywende gedeelte van Virginia parlementêre kiesafdeling en daarom kon die naam St. Helena behou word vir een van die provinsiale afdelings. As naam vir die ander een het u Kommissie besluit op SANDRIVIER.

4.4 Die grensverskuiwings wat u Kommissie aan die provinsiale kiesafdelings aangebring het, is genoodsaak deur die herafbakening van sommige parlementêre afdelings en, in ander gevalle, deur die verskil in kieserstalle in die huidige provinsiale afdelings.

4.5 U Kommissie het besluit om die provinsiale kiesafdelings so af te baken dat—

4.6 in die parlementêre kiesafdeling Bloemfontein-Noord, die dorpsgebied bekend as Hillsborough (wat tans deel vorm van Brandfort) by SEINHEUWEL inskakel saam met een blok wat SEINHEUWEL van Raadzaal ontvang, en dat WAVERLEY sekere blokke aan Onze Rust afgee, maar op sy beurt sekere blokke van Raadzaal ontvang;

4.7 in die parlementêre kiesafdeling Bloemfontein-Oos, RAADZAAL 'n aantal blokke aan Seinheuwel, Waverley en Onze Rust afstaan, maar sekere blokke van Wilgehof en Monument kry en MONUMENT verder sekere blokke aan Onze Rust afgee;

4.8 in die parlementêre kiesafdeling Bloemfontein-Wes, UNIVERSITAS sekere blokke aan Brandfort en aan Wilgehof afgee terwyl WILGEHOF 'n aantal blokke aan Raadzaal afstaan;

4.9 in die parlementêre kiesafdeling Fauresmith, BOSHOF drie stemdistrikte van Bultfontein ontvang maar self 'n stemdistrik aan Smithfield afstaan, terwyl JAGERSFONTEIN onveranderd bly;

4.10 in die parlementêre kiesafdeling Heilbron, FRANKFORT stemdistrik 120 aan VREDE afgee;

4.11 in die parlementêre kiesafdeling Kroonstad, VALSCHRIVIER stemdistrik 144 van die huidige Lindley en stemdistrik 268 van die huidige St. Helena kry, maar stemdistrik 147 en drie blokke uit stemdistrik 143 aan die nuwe provinsiale kiesafdeling HENNENMAN afgee, sodat HENNENMAN dan sal bestaan uit wat hy van VALSCHRIVIER ontvang het, plus stemdistrik 153 wat hy van die huidige St. Helena ontvang en stemdistrikte 149, 150, 145 en 146 wat van die huidige Lindley ontvang word;

4.12 in die kiesafdeling Ladybrand, SENEKAL vier stemdistrikte van die huidige Lindley, stemdistrik 256 van die huidige Ventersburg en stemdistrik 182 van CLOCOLAN ontvang maar twee stemdistrikte aan CLOCOLAN gee wat op sy beurt stemdistrikte 17, 26, 250 en 'n gedeelte van stemdistrik 235 aan Onze Rust afgee;

4.13 in die parlementêre kiesafdeling Parys die twee provinsiale afdelings VREDEFORT en BOTHAVILLE onveranderd bly;

4.14 in the parliamentary Electoral Division of Smithfield, ZASTRON receives six polling districts from the present Reddersburg and a portion of polling district 235 from Clocolan, while the new provincial Electoral Division of ONZE RUST will consist of polling districts 16, 17, 25, 26, 28, 250, 262, 270, 271 and 276 and Blocks 94, 105 and 106 in polling district 22, Blocks 84 and 85 in polling district 23, and Blocks 86, 87, 89 and 92 in polling district 24;

4.15 in the parliamentary Electoral Division of Sasolburg, four blocks are transferred from VILJOENSDRIF to BADDRIF;

4.16 in the parliamentary Electoral Division of Virginia, the present provincial electoral divisions are replaced by ST HELENA, which will consist of polling district 240 and Blocks 17, 20 and 21 in polling district 279 and SAND RIVER, which will consist of polling district 266;

4.17 in the parliamentary Electoral Division of Welkom, BEDELIA receives portions of polling district 277 from ODENDAALSRUS and polling district 155 and a portion of polling district 240 from the present St Helena but surrenders three blocks to the new ST HELENA; and

4.18 in the parliamentary Electoral Division of Winburg, BRANDFORT receives eight blocks from Universitas but surrenders three polling districts to BULTFONTEIN and the area known as Hillsborough to Signal Hill, while BUTLFONTEIN surrenders three polling districts to Boshof.

CHAPTER V

TRANSVAAL

1. *Introduction.*

1.1 As at the fixed date the Transvaal had 1 172 961 voters. This was 134 769 or 12,9% more than at the thirteenth delimitation and constituted 50,7% of the total for the Republic. In terms of the amended section 40 of the Constitution Act the Transvaal has 76 of the Republic's 165 electoral divisions and the quota for the province applied by your Commission was 15 433.

1.2 As is evident from the introduction to the Report, a comparison of loads and unloads of electoral divisions or groups of electoral divisions in the various provinces had little or no value in the delimitation. In regard to deviations from the quota in the delimitation of the Transvaal the following should be noted. In this province only one electoral division, Yeoville, was loaded by more than 7,5%; and, apart from the three special electoral divisions, only nine electoral divisions were unloaded by more than 7,5%. The reason for the fairly substantial unloads in rural divisions is that here, too, the platteland has undergone appreciable depopulation and that your Commission tried to keep the residents of large towns and cities together in electoral divisions where possible. In 11 electoral divisions the numbers of voters do not differ from the quota by more than 1%.

1.3 For reasons that had to do mainly with the decline in the number of voters in a division or region your Commission decided to abolish five electoral divisions. Five new electoral divisions were then created since the province had to have 76 electoral divisions. Then the rural area of Marico had to surrender its voters north of Bophuthatswana and the magisterial district of this name was included in Lichtenburg. Its other voters were added to voters surrendered by surrounding electoral divisions, and thus Ventersdorp was created. All three of the parties proposed that, since the number of voters in the central city area of Pretoria had declined considerably, Prinshof should be abolished and its voters divided among adjoining divisions. Your Commission did this and established a new electoral division north-

4.14 in die parlementêre kiesafdeling Smithfield, ZASTRON ses stemdistrikte van die huidige Reddersburg en 'n gedeelte van stemdistrik 235 van Clocolan ontvang, terwyl die nuwe provinsiale kiesafdeling ONZE RUST sal bestaan uit stemdistrikte 16, 17, 25, 26, 28, 250, 262, 270, 271 en 276 en blokke 94, 105 en 106 uit stemdistrik 22, blokke 84 en 85 uit stemdistrik 23, en blokke 86, 87, 89 en 92 uit stemdistrik 24;

4.15 in die parlementêre kiesafdeling Sasolburg, vier blokke oorgeplaas word van VILJOENSDRIF na BADDRIF;

4.16 in die parlementêre kiesafdeling Virginia, die huidige provinsiale kiesafdelings vervang word met ST. HELENA wat sal bestaan uit stemdistrik 240 en blokke 17, 20 en 21 van stemdistrik 279, en SANDRIVIER wat sal bestaan uit stemdistrik 266;

4.17 in die parlementêre kiesafdeling Welkom, BEDELIA gedeeltes van stemdistrik 277 van ODENDAALSRUS en stemdistrik 155 en 'n gedeelte van stemdistrik 240 van die huidige St. Helena ontvang maar drie blokke aan die nuwe ST. HELENA afgee;

4.18 in die parlementêre kiesafdeling Winburg, BRANDFORT agt blokke van Universitas ontvang, maar drie stemdistrikte aan BULTFONTEIN en die gebied bekend as Hillsborough aan Seinheuwel afgee, terwyl BULTFONTEIN drie stemdistrikte aan Boshof afgee.

HOOFSTUK V

TRANSVAAL

1. *Inleiding.*

1.1 Op die vasgestelde datum het Transvaal 1 172 961 kiesers gehad. Dit was 134 769, of 12,9% meer as wat hy met die dertiende afbakening gehad het. Hierdie kieserstal maak 50,7% van die Republiek se totaal uit. Kragtens die gewysigde artikel 40 van die Grondwet het Transvaal 76 van die Republiek se 165 kiesafdelings en die provinsie se kwota wat by u Kommissie se verdeling gegeld het, is 15 433.

1.2 Soos uit die inleiding tot die Verslag blyk, het 'n vergelyking van beladings en ontladings van kiesafdelings of groepe kiesafdelings in die verskillende provinsies weinig of geen waarde by die afbakening gehad nie. Met betrekking tot die afwykings van die kwota by die afbakening van Transvaal, kan die volgende genoem word. In dié provinsie is slegs een kiesafdeling, dit is Yeoville, hoër as 7,5% belaai en, afgesien van die drie spesiale afdelings, is net nege kiesafdelings meer as 7,5% ontlaai. Dat platteland se afdelings betreklike groot ontladings het, moet daaraan toegeskryf word dat die platteland ook hier merkbaar ontvolk het en dat u Kommissie probeer het om die inwoners van groot dorpe en stede waar moontlik in kiesafdelings bymekaar te hou. Die kieserstalle van elf afdelings verskil nie meer as 1% van die kwota nie.

1.3 Om redes wat hoofsaaklik gaan oor die vermindering van kiesers in 'n afdeling of streek, het u Kommissie dit goed geag om vyf kiesafdelings af te skaf. Vyf nuwe afdelings is toe geskep omdat die provinsie 76 afdelings moet hê. Op die platteland moes Marico sy kiesers ten noorde van Bophuthatswana afstaan en die landdrosdistrik met dié naam is by Lichtenburg ingelyf. Sy ander kiesers is gevoeg by kiesers wat deur omliggende kiesafdelings afgegee is en so is Ventersdorp geskep. Aldrie die party het voorgestel dat aangesien die kiesers in die sentrale stadsgebied van Pretoria aansienlik verminder het, Prinshof afgeskaf en sy kiesers onder naburige afdelings verdeel moes word. U Kommissie het dit gedoen en 'n nuwe afdeling ten noordweste van die stad ingestel, ongeveer waar twee partye

west of the city, more or less where two of the parties felt that such a division shoud be located. In the central city area of Johannesburg the numbers of voters were so small that two electoral divisions had to disappear. As was recommended by all three of the parties, your Commission abolished the Electoral Division of Von Brandis, dividing its voters, like those of Orange Grove, among nearby divisions. To compensate for the loss of one of these two divisions, a new division, Modderfontein, was created largely as proposed by the parties. Witwatersberg with its exceptionally large number of voters disappeared, more than one thousand of them being surrendered to Ventersdorp and the rest to two other new divisions, namely Helderkruin and North Rand.

1.4 In the delimitation in the Transvaal your Commission left the boundaries of the following seven electoral divisions unchanged: Delmas, Maraisburg, Nelspruit, Potchefstroom, Primrose, Sunnyside and Verwoerdburg. In the case of 13 other electoral divisions only surplus voters were surrendered and in the case of 17 only essential voters were added.

1.5 As in the other provinces, the gaining of independence by certain formerly self-governing states had a definite effect on the task of your Commission. Fairly large parts of the Transvaal have since the previous delimitation been incorporated into the territories of the sovereign states of Bophuthatswana and Venda. The transfer of territory to the latter state had no significant effect on the delimitation of the Transvaal, but Bophuthatswana was a different matter. There are four separate areas in the Transvaal that belong to Bophuthatswana, covering a large part of the province's mid-west. In addition, investigations and negotiations are at present under way regarding the consolidation of Bophuthatswana's territory. Your Commission considered it advisable to delimit the Transvaal in such a way that the territory of Bophuthatswana would not divide any electoral division and that no electoral division would partially or wholly surround any part of Bophuthatswana. For this reason electoral divisions such as those of Brits, Marico and Rustenburg had to surrender, those parts that lie north of Bophuthatswana and Potgietersrus those parts that lie south of Bophuthatswana. This resulted in major boundary changes as well as in the disappearance of the Electoral Division of Marico.

1.6 Because the Transvaal's number of electoral divisions had to remain the same although its number of voters had increased by 12,9% (as against an increase of 8% in the Republic as a whole), certain boundary changes were unavoidable. This was also the reason why a few electoral divisions disappeared to make possible the creation of new divisions in areas where there had been an exceptional increase in the number of voters. If the quota for the Transvaal had been fixed on the basis of the average number of voters per electoral division in the Republic there would, apart from the special divisions, have been only four electoral divisions with an unload of more than 15% on the fixed date; with the quota that was actually fixed for the Transvaal, however, there are 11 such divisions.

1.7 Your Commission will now report on the delimitation of the 19 electoral divisions in the Transvaal rural area, the eight in the South-Western and Southern Transvaal, the 36 in Johannesburg and on the Witwatersrand, and the 13 in Pretoria.

2. *The Transvaal platteland.*

2.1 The numbers of voters in the three Western Transvaal electoral divisions, namely Lichtenburg (12 167), Marico (11 179) and Schweizer-Reneke (12 113) were so low that three divisions could hardly be retained, even though Marico was a special division. In addition, it was necessary to surrender 3 027 Marico voters who were registered in areas to the north of Bophuthatswana to Waterberg. Your Commission therefore decided to rearrange these divisions. This gemeen het dat so 'n afdeling geplaas moes word. In die sentrale stadsgebied van Johannesburg was die kieserstalle so laag dat twee kiesafdelings moes verdwyn. U Kommissie het, soos deur aldrie die partye aanbeveel, die kiesafdeling Von Brandis laat verdwyn deur sy kiesers, soos ook die Van Orange Grove, onder naasgeleë afdelings te verdeel. Om vir die verlies van een van hierdie twee afdelings te vergoed, is 'n nuwe afdeling, Modderfontein, hoofsaaklik soos deur die partye voorgestel, geskep. Witwatersberg met sy besonder groot getal kiesers het verdwyn want die afdeling het meer as een duisend kiesers aan Ventersdorp afgestaan en die res is aan twee ander nuwe afdelings, Helderkruin en Noordrand, gegee.

1.4 U Kommissie het met die afbakening van Transvaal die grense van die volgende sewe afdelings onveranderd gelaat: Delmas, Maraisburg, Nelspruit, Potchefstroom, Primrose, Sunnyside en Verwoerdburg. Verder is by 13 kiesafdelings slegs oortollige kiesers afgestaan en by 17 slegs noodsaaklike kiesers bygevoeg.

1.5 Soos in die ander provinsies het die onafhanklikwording van sekere voormalige selfregerende State 'n besondere uitwerking op die taak van u Kommissie gehad. Betreklike groot dele van die Transvaalse grondgebied het sedert die vorige afbakening grondgebied van die soewereine State Bophuthatswana en Venda geword. Gebiedsoordrag aan die laasgenoemde staat het geen noemenswaardige invloed op die afbakening van Transvaal gehad nie, maar met Bophuthatswana was dit anders. Daar is in Transvaal vier afsonderlike gebiede wat aan Bophuthatswana behoort en wat oor 'n groot deel van die provinsie se midde-weste strek. Daarbenewens word ondersoek tans ingestel en onderhandelings gevoer oor die konsolidasie van Bophuthatswana se grondgebied. U Kommissie het dit gerade geag om Transvaal só af te baken dat die gebied van Bophuthatswana geen kiesafdeling verdeel nie en dat geen kiesafdeling enige gebied van Bophuthatswana gedeeltelik of geheel en al omring nie. Daarom moes kiesafdelings soos Brits, Marico en Rustenburg hulle dele ten noorde van Bophuthatswana afstaan en Potgietersrus dié ten suide van daardie staat. Daardeur is groot grensverskuiwings en ook die verdwyning van Marico as kiesafdeling veroorsaak.

1.6 As gevolg daarvan dat Transvaal se getal kiesafdelings dieselfde moes bly hoewel sy kiesers vermeerder het met 12,9% teenoor 'n vermeerdering van 8% in die Republiek as geheel, is sekere grensverskuiwings noodgedwonge aangebring. Hierdie omstandighede was ook daarvoor verantwoordelik dat 'n paar kiesafdelings verdwyn het ten einde die skepping van nuwes in gebiede met 'n buitengewone kiesers-aanwas moontlik te maak. Indien die kwota vir Transvaal vasgestel sou gewees het met inagneming van die gemiddelde aantal kiesers per kiesafdeling in die Republiek, sou, met die uitsondering van die spesiale afdelings, slegs vier kiesafdelings op die vasgestelde datum 'n ontlading van meer as 15% gehad het; met die kwota wat wel aan Transvaal toegeken is, is daar 11 sulke afdelings.

1.7 U Kommissie doen nou verslag oor die afbakening die 19 kiesafdelings op die Transvaalse platteland, die agt in Suidwes- en Suid-Transvaal, die 36 in Johannesburg en aan die Witwatersrand en die 13 afdelings van Pretoria.

2. *Die Transvaalse platteland.*

2.1 Die kieserstalle in die drie Wes-Transvaalse afdelings, Lichtenburg met 12 167 kiesers, Marico met 11 179 en Schweizer-Reneke met 12 113, was so laag dat daar skaars drie afdelings kon voortbestaan al was Marico 'n spesiale afdeling. Dit was verder nodig om 3 027 kiesers van Marico wat in gebiede ten noorde van Bophuthatswana geregistreer was, aan Waterberg af te staan. U Kommissie

meant the disappearance of one division and the creation of another. The voters remaining in Marico after some had been transferred to Waterberg were divided more or less equally between Lichtenburg and the new Ventersdorp. The latter division also received all the voters in Carletonville's rural areas as well as surplus voters from other neighbouring divisions. In making the adjustments your Commission also tried, wherever possible, to ensure that divisional and magisterial district boundaries would coincide.

2.2 LICHTENBURG's number of voters had declined by 55 since the previous delimitation. This division received the whole of the District of Marico from Marico with 4 231 voters and surrendered 2 780 voters in the Magisterial District of Delareyville to Schweizer-Reneke. To ensure that division and magisterial district boundaries would coincide it had to surrender 177 voters to Ventersdorp. The electoral division now consists of the whole of the Magisterial Districts of Lichtenburg, Marico and Coligny. It has 13 441 voters and an unload of 12,9%.

2.3 SCHWEIZER-RENEKE had gained an additional 158 voters since the previous delimitation, but its unload had risen to 20,5%. After receiving 2 780 voters from Lichtenburg this division was able to surrender 1 626 voters registered in the District of Klerksdorp to Ventersdorp. With its new number of 13 425 voters, this division has an unlaod of 13%. It consists of the whole of the Magisterial Districts of Schweizer-Reneke, Bloemhof, Christiana and Wolmaransstad.

2.4 VENTERSDORP includes—

4 951 voters from Carletonville,
3 478 voters from Marico,
1 626 voters from Schweizer-Reneke,
1 255 voters from Brits,
1 056 voters from Witwatersberg,
261 voters from Krugersdorp,
226 voters from Rustenburg, and
177 voters from Lichtenburg.

The first-mentioned transfer involves the rural parts of the Electoral Division of Carletonville and the voters are mainly from the Magisterial District of Ventersdorp. The second transfer involves *inter alia*, the voters in the Magisterial District of Swartruggens. Almost all of the 13 475 voters in this new division are in rural areas. Ventersdorp has an unload of 12,7%.

2.5 CARLETONVILLE surrendered its rural areas with 4 951 voters to Ventersdorp. In the proposals submitted by the parties there was a high degree of agreement concerning both this surrender and the addition of two mining areas to the remaining mining town and surroundings. On the strength of these proposals your Commission added to Carletonville 4 496 voters from an area in the Electoral Division of Randfontein, which includes Venterspos and other mines, and 2 179 voters from Losberg registered in an area in which the Blyvooruitzicht and Western Deep Levels Mines are situated. There is therefore a fairly high degree of community of interests among the 15 294 voters in the division. Essentially, Carletonville is no longer a rural division. Its unload is 0,9%.

2.6 RUSTENBURG is one of the electoral divisions that only surrendered voters. As at the fixed date it had 18 044 voters. Bophuthatswana covers a large part of this electoral division's area. Rustenburg surrendered an area north of the new state with 1 645 voters to Waterberg; this area includes Northam. One polling district and part of another, which together have 953 voters, are so situated that they could be

het derhalwe besluit op 'n herrangskikking van die afdelings. Dit het die verdwyning van een afdeling en die skepping van 'n ander beteken. Die kiesers wat in Marico oorgebly het na die afstand aan Waterberg, is feitlik gelykop tussen Lichtenburg en die nuwe Ventersdorp verdeel. Die laasgenoemde afdeling het verder al die kiesers in Carletonville se plattelandse gebied asook oortollige kiesers uit ander omliggende afdelings ontvang. By die herrangskikking het u Kommissie ook probeer om, waar ook al moontlik, afdelingsgrense en landdrosdistriksgrense te laat saamval.

2.2 LICHTENBURG se kieserstal het sedert die vorige afbakening met 55 gedaal. Van Marico het hy die hele Marico-distrik met 4 231 kiesers ontvang terwyl hy aan Schweizer-Reneke 2 780 kiesers in die landdrosdistrik Delareyville gegee het. Om afdelings- en landdrosdistriksgrense te laat saamval, moes hy 177 kiesers aan Ventersdorp afstaan. Die kiesafdeling bestaan nou uit die volle landdrosdistrikte Lichtenburg, Marico en Coligny. Hy het 13 441 kiesers en 'n ontlading van 12,9%.

2.3 SCHWEIZER-RENEKE het wel sedert die vorige afbakening 158 kiesers bygekry maar sy ontlading het tot 20,5% gedaal. Nadat hy 2 780 kiesers van Lichtenburg ontvang het, kon hy 1 626 kiesers wat in die distrik Klerksdorp geregistreer is, aan Ventersdorp afstaan. Met 'n nuwe kieserstal van 13 425 het die afdeling 'n ontlading van 13%. Hy bestaan uit die volle landdrosdistrikte van Schweizer-Reneke, Bloemhof, Christiana en Wolmaransstad.

2.4 VENTERSDORP bestaan uit–

4 951 kiesers van Carletonville;
3 478 kiesers van Marico;
1 626 kiesers van Schweizer-Reneke;
1 255 kiesers van Brits;
1 056 kiesers van Witwatersberg;
261 kiesers van Krugersdorp;
226 kiesers van Rustenburg; en
177 kiesers van Lichtenburg.

Die eersgenoemde oordrag bestaan uit die plattelandse gebied van die Carletonville-kiesafdeling en die kiesers kom hoofsaaklik uit die landdrosdistrik Ventersdorp. Die tweede oordrag is onder meer van die kiesers in Swartruggens se landdrosdistrik. Feitlik al 13 475 kiesers in hierdie nuwe afdeling is van plattelandse gebiede. Ventersdorp het 'n ontlading van 12,7%.

2.5 CARLETONVILLE het sy plattelandse gebiede met 4 951 kiesers aan Ventersdorp afgestaan. In die partye se voorstelle was daar besonder groot ooreenstemming sowel in verband met hierdie afstand as met die toevoeging van twee myngebiede tot die oorblywende myndorp en sy omgewing. U Kommissie het in navolging van die voorstelle 4 496 kiesers uit 'n gebied in die Randfonteinse afdeling wat Venterspos en ander myne insluit, en 2 179 kiesers van Losberg, geregistreer in 'n gebied waarin die myne Blyvooruitzicht en Western Deep Levels geleë is, by Carletonville gevoeg. Onder die 15 294 kiesers in die afdeling is daar dus 'n betreklike groot gemeenskaplikheid van belange. Carletonville is in wese nie meer 'n plattelandse afdeling nie. Sy ontlading is 0,9%.

2.6 RUSTENBURG is een van die afdelings wat net kiesers afgegee het. Op die vasgestelde datum was sy kieserstal 18 044. Bophuthatswana beslaan 'n groot deel van die kiesafdeling se oppervlakte. Rustenburg het 'n gebied ten noorde van die nuwe staat met 1 645 kiesers aan Waterberg afgestaan; die gebied sluit Northam in. Een stemdistrik en 'n deel van 'n ander wat saam 953 kiesers

surrendered only to Brits. Finally, 266 voters in a small polling district which was cut off by Bophuthatswana was transferred to Ventersdorp. Two parties proposed that these four polling districts be surrendered but the third party wanted only three of the four polling districts to be transferred. Your Commission did not in all cases transfer the voters to the division suggested. Rustenburg now comprises one polling district which includes the town and part of another with 76 voters. The division has 15 220 voters and its unload is 1,3%.

2.7 In BRITS the number of voters had increased by 2 554 since the previous delimitation. This division had to take over 953 voters from Rustenburg. To Waterberg north of Bophuthatswana and it surrendered 461 voters to Wonderboom and Roodeplaat 522 and 836 voters respectively in polling districts situated between or west of portions of Bophuthatswana. The division also transferred 1 255 voters to another new division, Ventersdorp; these voters were from polling districts including Magaliesburg and Hekpoort. There are now 13 267 voters in Brits and the division's unload is 14%.

2.8 WATERBERG is a special division. Although its number of voters increased by 772, its unload was 30,9%. The division received the Magisterial District of Thabazimbi with 3 027 voters from Marico and a polling district including Northam from Rustenburg with 1 645 voters. Brits surrendered two polling districts, also north of Bophuthatswana, which together contain 461 voters, to Waterberg. The electoral division had to surrender a large number of voters to ensure an appropriate load for its large size. In your Commission's provisional plan Nylstroom, the most important town in the division, was given to Potgietersrus. This meant that Thabazimbi, which was brought into the division, would be its principal town. When the provisional plan was made public the representatives of the parties were asked to comment on the matter. One spokesman recommended that his party's alternative plan be used with certain modifications. This would have meant that Nylstroom would be included in the electoral division again and that the large bushveld district of Potgietersrus would be transferred to the electoral division of that name. This district extends to the north-western border of the Transvaal. Your Commission also received requests from various persons and bodies with interests in the area for Nylstroom to be included in the Electoral Division of Waterberg again. Your Commission acceded to the proposal and requests and included the above-mentioned bushveld area, with 3 665 voters, in the Electoral Division of Potgietersrus. Waterberg now comprises mainly the Magisterial District of Thabazimbi, the greater part of the Magisterial District of Waterberg, with Nylstroom as the principal town, and the rural part of the District of Warmbaths. This special electoral division has 12 131 voters and an unload of 21,3%.

2.9 POTGIETERSRUS had an unload of more than 15% at the fixed date, despite an increase of 996 in its number of voters. Waterberg surrendered 3 665 voters from its district to this division. The area concerned includes Naboomspruit. Potgietersrus was able to surrender voters as follows: To Pietersburg, 248 voters in the Zebediela area as proposed by two parties; to Lydenburg, 188 voters in the District of Nebo; to Middelburg, 2 002 voters in Groblersdal and environs; to Witbank, 328 voters in two polling districts on the southern border of Bophuthatswana. The number of voters in Potgietersrus is 13 771 and its unload is 10,8%.

2.10 There were two proposals that PIETERSBURG should be left unchanged. As has been stated, your Commission agreed to another alternative proposal that Zebediela, with 248 voters, should be transferred to this division. The division could then surrender a polling district

het, is so geleë dat hulle slegs aan Brits afgestaan kon word. Ten laaste is 266 kiesers in 'n klein stemdistrik wat deur Bophuthatswana afgesny was, aan Ventersdorp oorgedra. Twee partye het voorgestel dat dié vier stemdistrikte afgestaan word; die derde party wou slegs drie van die vier stemdistrikte oordra. U Kommissie het nie in alle gevalle die kiesers aan afdelings wat as ontvangers voorgestel is, afgestaan nie. Rustenburg bestaan nou uit die een stemdistrik wat die dorp insluit en 'n gedeelte van 'n ander met 76 kiesers. Sy kieserstal is 15 220 en sy ontlading 1,3%.

2.7 BRITS se kieserstal het sedert die vorige afbakening met 2 554 aangegroei. Hy moes 953 kiesers van Rustenburg oorneem. Aan Waterberg ten noorde van Bophuthatswana het hy 461 kiesers afgestaan en aan Wonderboom en Roodeplaat respektiewelik 522 en 836 kiesers in stemdistrikte wat tussen of ten weste van gedeeltes van Bophuthatswana geleë is. Die afdeling het ook met die samestelling van 'n ander nuwe afdeling gehelp deur 1 255 kiesers aan Ventersdorp te gee; die kiesers was afkomstig uit stemdistrikte wat Magaliesburg en Hekpoort insluit. Die kiesers in Brits is nou 13 267 en die afdeling se ontlading is 14%.

2.8 WATERBERG is 'n spesiale kiesafdeling. Hoewel sy kiesers met 772 toegeneem het was sy ontlading 30,9%. Van Marico het die afdeling die landdrosdistrik Thabazimbi met 3 027 kiesers ontvang en van Rustenburg 1 645 kiesers in 'n stemdistrik wat Northam ingesluit het. Brits het twee stemdistrikte wat ook ten noorde van Bophuthatswana lê en saam 461 kiesers bevat, aan Waterberg gegee. Die kiesafdeling moes baie kiesers afstaan om 'n gepaste belading vir so 'n groot kiesafdeling te hê. In u Kommissie se voorlopige plan is Nylstroom, die afdeling se vernaamste dorp, aan Potgietersrus gegee. Dit het beteken dat Thabazimbi wat in die afdeling ingebring is, die hoofdorp van die afdeling sou wees. By die bekendstelling van die voorlopige plan is die verteenwoordigers van die partye gevra om kommentaar oor die aangeleentheid te lewer. Een spreker het aanbeveel dat sy party se alternatiewe plan met sekere wysigings gebruik moes word. Dit sou beteken dat Nylstroom weer in die kiesafdeling geplaas word en dat die groot bosvelddistrik van Potgietersrus aan die kiesafdeling met daardie naam oorgedra word. Hierdie distrik strek tot teenaan die noordwestelike grens van Transvaal. U Kommissie het ook van verskeie persone en instansies wat met die sake van hierdie gebied gemoeid is, versoeke ontvang om Nylstroom weer in die afdeling Waterberg te plaas. U Kommissie het aan die voorstel en versoeke voldoen en die genoemde bosveld-gebied met 3 665 kiesers in die kiesafdeling Potgietersrus geplaas. Waterberg bestaan nou hoofsaaklik uit die landdrosdistrik Thabazimbi, die grootste deel van die landdrosdistrik Waterberg met Nylstroom as hoofdorp, en die plattelandse deel van die distrik Warmbad. Hierdie spesiale kiesafdeling het 12 131 kiesers en 'n ontlading van 21,3%.

2.9 POTGIETERSRUS se ontlading was op die vasgestelde datum meer as 15% nieteenstaande 'n styging van 996 in sy kieserstal. Van Waterberg is 3 665 kiesers uit die distrik aan hom oorgedra. Hierdie gebied sluit Naboomspruit in. Potgietersrus kon soos volg kiesers afstaan: Aan Pietersburg, 248 kiesers in die Zebedielagebied, soos deur twee partye voorgestel; aan Lydenburg, 188 kiesers in die Nebo-distrik; aan Middelburg, 2 002 kiesers in Groblersdal en omstreke; en aan Witbank, 328 kiesers in twee stemdistrikte wat aan die suide van Bophuthatswana grens. Potgietersrus se kieserstal is 13 771 en sy ontlading 10,8%.

2.10 PIETERSBURG moes volgens twee voorstelle onveranderd gelaat word. Soos reeds vermeld is, het u Kommissie gehoor gegee aan 'n ander en 'n alternatiewe voorstel dat Zebediela met 248 kiesers na die afdeling oorgeplaas moes word. Die afdeling kon toe 'n stemdistrik, met 158

with 158 voters, which is situated on its north-eastern boundary and falls in the Magisterial District of Zoutpansberg, to the Electoral Division of Soutpansberg. Pietersburg now has 13 392 voters and an unload of 13,2%.

2.11 SOUTPANSBERG, as a special electoral division, had an unload of 29,5%. From Pietersburg this division received 158 voters living in its magisterial district. All three of the parties proposed that 964 Lydenburg voters registered mainly in the Magisterial District of Letaba should also be transferred to the division. Your Commission has done this. This area includes Letsitele. After the additions Soutpansberg now has 11 989 voters and an unload of 22,3%.

2.12 LYDENBURG is the third special electoral division in the Transvaal. Its number of voters had increased by 2 044 and it had retained the same percentage unload. The electoral division received 188 voters in the District of Nebo from Potgietersrus and surrendered 964 voters in the District of Letaba to Soutpansberg. its eventual number of voters is 12 050 and its unlaod 21,9%.

2.13 As at the fixed date NELSPRUIT had 13 389 voters and an unload of 13,2%. Two of the parties proposed that its boundaries be left unchanged. Your Commission was of the same opinion and did not change the electoral division, despite its big unload.

2.14 The number of voters in BARBERTON had declined to such an extent that its unload was 26,1%. its voters were supplemented as follows: From Bethal it received 824 voters in a polling district which includes Breyten; Middelburg surrendered 1 656 voters from, *inter alia*, Hendrina, Roossenekal and Stofberg. The division now has 13 872 voters and an unload of 10,1%.

2.15 The number of voters in ERMELO had increased by 641 but its unload exceeded the 15% limit. Partly in accordance with what was proposed by two parties, your Commission transferred 470 rural voters in two polling districts from Bethal to this division. One of the polling districts lies within the Magisterial District of Ermelo and includes Davel. Ermelo now has 13 511 voters and its unload is 12,4%.

2.16 At the previous delimitation STANDERTON had an unload of 3,8%. Its total number of voters had declined to such an extent that about 2 500 voters were needed to bring it close to its previous unload. Two parties proposed that Evander with 2 755 voters be transferred from Bethal. This was done. Further, the boundary between the Electoral Divisions of Standerton and Bethal ran between the towns of Eendrag and Leslie. These two towns had recently amalgamated and your Commission decided to transfer Eendrag, which was included in Standerton, to Bethal (196 voters were involved). The number of voters in Standerton comes to 14 891 and its unload is 3,5%.

2.17 The number of voters in BETHAL increased by 49%, mainly because of industrial expansion. All the alterations to the boundaries of this division have already been discussed. It received 196 voters from Standerton and surrendered 824 to Barberton, 470 to Ermelo and 2 755 to Standerton. Bethal retained 15 036 voters, this constituting, an unload of 2,5%. This unload is appropriate since there will probably be an increase in the population of the electoral division.

2.18 At the fixed date MIDDELBURG had 14 641 voters, i.e. 2 487 more than allocated to it by the previous Delimitation Commission. The origin of the 2 002 voters transferred to this division from Potgietersrus and the 1 656 voters it surrendered to Barberton has already been dealt

kiesers, wat aan sy noordoostelike grens lê en binne die landdrosgebied Zoutpansberg val, aan die Soutpansbergkiesafdeling oordra. Pietersburg het nou 'n kieserstal van 13 392 en 'n ontlading van 13,2%.

2.11 SOUTPANSBERG het as spesiale kiesafdeling 'n ontlading van 29,5% gehad. Van Pietersburg het die afdeling 158 kiesers wat in sy landdrosdistrik woon, ontvang. Aldrie die partye het voorgestel dat Lydenburg 964 kiesers wat hoofsaaklik in die landdrosdistrik Letaba geregistreer is, ook aan die afdeling oorgedra moes word. Dit het u Kommissie gedoen. Hierdie deel sluit Letsitele in. Met die toevoegings het Soutpansberg nou 11 989 kiesers en 'n ontlading van 22,3%.

2.12 LYDENBURG is die derde spesiale kiesafdeling in Transvaal. Sy kiesers het met 2 044 aangegroei en hy het persentasiegewys dieselfde ontlading behou. Van Potgietersrus het hy 188 kiesers in die Nebo-distrik gekry en op sy beurt 964 kiesers in die Letaba-distrik aan Soutpansberg afgestaan. Sy uiteindelike kiesersyfer is 12 050 en sy ontlading 21,9%.

2.13 NELSPRUIT het op die vasgestelde datum 13 389 kiesers en 'n ontlading van 13,2% gehad. Twee van die partye het voorgestel dat sy grense onveranderd gelaat moet word. U Kommissie was dieselfde mening toegedaan en het die kiesafdeling ten spyte van sy groot ontlading, nie verander nie.

2.14 BARBERTON se kieserstal het sodanig gedaal dat sy ontlading 26,1% was. Sy kiesers is soos volg aangevul: Van Bethal het hy 824 kiesers in 'n stemdistrik wat Breyten insluit, ontvang. Middelburg het 1 656 kiesers onder andere van Hendrina, Roossenekal en Stofberg aan die Barbertonkiesafdeling oorgedra. Die afdeling het 13 872 kiesers en 'n ontlading van 10,1%.

2.15 ERMELO se kieserstal het met 641 gestyg maar sy ontlading het die 15%-perk oorskry. In gedeeltelike ooreenstemming met wat twee partye aanbeveel het, het u Kommissie uit Bethal 470 plattelandse kiesers in twee stemdistrikte aan dié afdeling oorgedra. Een van die stemdistrikte val binne die landdrosgrens van Ermelo en sluit Davel in. Ermelo se kieserstal is nou 13 511 en sy ontlading 12,4%.

2.16 STANDERTON het na die vorige afbakening 'n ontlading van 3,8% gehad. Sy totaal het sodanig gedaal dat ongeveer 2 500 kiesers nodig was om hom naby sy vorige ontlading te bring. Twee partye het voorgestel dat Evander met 2 755 kiesers uit Bethal oorgedra moes word. Dit is gedoen. Die grens tussen die kiesafdelings Standerton en Bethal het ook tussen twee dorpe Eendrag en Leslie geloop. Hierdie twee dorpe het onlangs ge-amalgameer en u Kommissie het besluit om Eendrag wat in Standerton geleë was, na Bethal oor te skuif, 196 kiesers was daarby betrokke. Standerton se kieserstal het op 14 891 te staan gekom en sy ontlading op 3,5%.

2.17 BETHAL se kiesers het met 49% toegeneem; dit was hoofsaaklik as gevolg van nywerheidsuitbreiding. Die veranderings aan sy grense is almal reeds behandel. Hy het van Standerton 196 kiesers ontvang en aan Barberton 824 kiesers, aan Ermelo 470 kiesers en aan Standerton 2 755 kiesers afgestaan. Bethal het 15 036 kiesers behou; dit is 'n ontlading van 2,5%. So 'n ontlading is gepas aangesien daar waarskynlik 'n toename in die bevolking van die kiesafdeling gaan wees.

2.18 MIDDELBURG het op die vasgestelde datum 14 641 kiesers gehad; dit was 2 487 meer as wat deur die vorige afbakeningskommissie aan hom toegeken is. Die oorsprong of herkoms van die 2 002 kiesers wat van Potgietersrus aan hom oorgedra is en die 1 656 kiesers wat

with, as has the fact that the proposals for the transfers corresponded. The division has 14 987 voters and an unload of 2,8%. In this area, too, there will probably be an increase in the population.

2.19 The number of voters in WITBANK increased by 25%. Your Commission nevertheless decided to transfer to Witbank a further 328 voters from Potgietersrus, between the northern boundary of Witbank and the southern border of a part of Bophuthatswana. The number of voters in the division has increased to 15 563 and its load is 0,8%, which is considered appropriate for a developing area.

2.20 The number of voters in DELMAS had increased by one-fifth to 15 160 since the previous delimitation, and this meant an unload of 1,7%. One party proposed that the boundaries of this electoral division should not be changed, and your Commission decided to leave unchanged the electoral division as created at the previous delimitation.

3. *South-Western and Southern Transvaal.*

3.1 This area, which extends from Klerksdorp to Meyerton, has eight electoral divisions and as many large towns. Apart from Potchefstroom with his educational institutions, the rest of the area has extensive mining and industrial activities. The rural parts are farming areas. These voters cannot be said to have any exclusive common interest, although most of them are directly or indirectly dependent on the mines or industries. So far as the delimitation is concerned, the region has for some time been considered a unit. When a group voters is transferred from one division to another it is likely that they will find some common interest in the new electoral division. Finally, your Commission wishes to mention that only two divisions were unloaded in this delimitation, both by 0,7%; the loads of the other six divisions range from 0,5% to 5%, and the average load is 2,9%.

3.2 The number of voters in KLERKSDORP had not increased sufficiently to give the division an appropriate number of voters. A proposal that it be left unchanged was therefore rejected. Your Commission decided that the voters needed should be transferred to those parts of the Klerksdorp municipal area falling in the Electoral Division of Stilfontein, since the old Electoral Division of Klerksdorp consisted almost entirely of municipal residents. From the Klerksdorp suburb of Boetrand 857 voters were transferred to this division. A further six voters came from an extension of Klerksdorp. The number of voters in the division therefore rose to 15 515, giving a load of 0,5%.

3.3 As at the fixed date STILFONTEIN had 15 257 voters. This division had to surrender 863 voters in Klerksdorp suburbs to Klerksdorp. It received an additional 927 voters from Losberg. These voters live in mining areas south of Potchefstroom and fit in with the other voters already included in the division. Stilfontein's number of voters came to 15 320, and its unload is 0,7%.

3.4 The Electoral Division of POTCHEFSTROOM, which includes the greater part of the town's municipal area, had 1 687 more voters at the fixed date than was allocated to it by the Thirteenth Delimitation Commission. The division had a load of 2%. The addition of further municipal residents would have increased its load too much in the circumstances. Your Commission therefore decided, as was in fact proposed by all three of the parties, to leave the boundaries of the division unchanged.

hy aan Barberton oorgedra het, is reeds behandel. Dit geld ook vir die ooreenstemming in die voorstelle vir die verskuiwings. Die afdeling het 14 987 kiesers en 'n ontlading van 2,8%. In hierdie gebied sal daar waarskynlik ook 'n toename in die bevolking wees.

2.19 WITBANK se kieserstal het met 25% toegeneem. U Kommissie het nogtans besluit om 328 kiesers uit Potgietersrus, tussen die noordelike grens van Witbank en die suidelike grens van 'n deel van Bophuthatswana ook aan Witbank toe te ken. Die afdeling se kiesers het gestyg tot 15 563; sy belading is 0,8% wat as gepas vir die ontwikkelende gebied beskou kan word.

2.20 DELMAS se kieserstal het sedert die vorige afbakening met een vyfde gestyg tot 15 160, 'n getal wat 'n ontlading van 1,7% beteken. Een party het voorgestel dat sy kiesafdelingsgrense nie verskuif moes word nie. U Kommissie het dan ook besluit om die kiesafdeling wat by die vorige afbakening geskep is, onveranderd te laat.

3. *Suidwes- en Suid-Transvaal.*

3.1 In hierdie gebied wat strek van Klerksdorp tot by Meyerton, is daar agt kiesafdelings met net soveel groot dorpe. Behalwe in Potchefstroom met sy onderwysinrigtings, is daar in die res van die gebied uitgebreide myn- en nywerheidsbedrywighede. In die plattelandse streke word daar geboer. Van die kiesers kan nie gesê word dat hulle een of ander gemeenskaplike, uitsluitende belang het nie, hoewel die meeste tog regstreeks of onregstreeks van die myne of die nywerhede afhanklik is; wat afbakening betref word die streek vir 'n geruime tyd reeds as 'n eenheid beskou. Wanneer 'n groep kiesers uit een afdeling na 'n ander oorgeplaas word, is dit waarskynlik dat hulle in die nuwe afdeling een of ander gemeenskaplike belang sal vind. Ten slotte noem u Kommissie net dat met hierdie afbakening slegs twee afdelings ontlaai is, albei met 0,7%; die beladings van die ander ses afdelings wissel van 0,5% tot 5% en hulle gemiddelde belading is 2,9%.

3.2 KLERKSDORP se kieserstal het nie genoeg gestyg om aan die afdeling 'n gepaste kiesersyfer te gee nie. Gevolglik is 'n voorstel dat die afdeling onveranderd moet bly, afgewys. U Kommissie het besluit dat die nodige aanvulling moet kom uit die dele van die Klerkdorpse munisipale gebied wat in die kiesafdeling Stilfontein val, aangesien die ou afdeling Klerksdorp feitlik net uit munisipale inwoners bestaan het. Uit 'n Klerkdorpse voorstad Boetrand is 857 kiesers na die afdeling oorgeplaas. 'n Verdere 6 kiesers is van 'n uitbreiding van Klerksdorp geneem. Die afdeling se kieserstal het derhalwe gestyg tot 15 515 wat 'n belading van 0,5% beteken.

3.3 STILFONTEIN het op die vasgestelde datum 15 257 kiesers gehad. Uit voorstede van Klerksdorp moes hy 863 kiesers aan hierdie afdeling oordra. Sy kieserstal is met 927 kiesers uit Losberg aangevul. Hierdie kiesers kom uit myngebiede ten suide van Potchefstroom en pas by ander kiesers reeds in die afdeling. Stilfontein se kieserstal het op 15 320 te staan gekom. Sy ontlading is 0,7%.

3.4 POTCHEFSTROOM wat as kiesafdeling die grootste deel van die dorp se munisipale gebied insluit, het op die vasgestelde datum 1 687 kiesers meer gehad as wat die dertiende afbakeningskommissie aan hom toegeken het. Die afdeling was met 2% belaai. 'n Toevoeging van verdere munispale inwoners sou sy belading in die besondere omstandighede te hoog laat styg het. Daarom het u Kommissie besluit om, soos trouens deur al drie die partye voorgestel is, die kiesafdeling se grense onveranderd te laat.

3.5 LOSBERG surrendered 2 179 voters to Carletonville and 926 to Stilfontein. The number of its voters was supplemented by transferring from Meyerton 2 045 voters in the Westonaria area and 1 733 voters from Grasmere and environs, which were situated in Overvaal. The eventual number of voters in Losberg is 15 311, which means an unload of 0,7%. Since the previous delimitation the number of voters in this division has increased by 20%; it is likely that there will be a further big increase in its population and the unload is therefore appropriate.

3.6 The number of voters in OVERVAAL had increased by 3 056 since the previous delimitation. Apart from the 2 045 voters surrendered to Losberg, it also surrendered 478 voters registered in Steel Park in the municipal area of Vereeniging to the Electoral Division of Vereeniging. Overvaal already had residents of Vanderbijlpark within its boundaries and it was therefore decided that its shortfall should be made up further from residents of that town. Your Commission used the well-known Faraday Boulevard and Westinghouse Boulevard as the boundary between the two divisions. This means that Overvaal surrendered 222 voters to Vanderbijlpark in exchange for 1 681. The number of voters in Overvaal came to 15 873, which gave a load of 2,8%.

3.7 The number of voters in VANDERBIJLPARK at the fixed date was 17 242, which reflected an increase of 21% since the previous delimitation. After the exchange of voters with Overvaal, Vanderbijlpark retained 15 783 voters, giving a load of 2,2%.

3.8 The number of voters in VEREENIGING as at the fixed date, viz 14 255, was only 235 more than at the previous delimitation. Your Commission had no evidence that there was likely to be an exceptional increase in population. Two electoral divisions surrendered voters to Vereeniging who lived in suburbs within its municipal boundaries. From Overvaal it received 478 voters in the suburb of Steel Park and from Meyerton 1 579 voters in the suburb of Risiville. As a result of this delimitation the number of voters in Vereeniging increased to 16 212; the load is 5%.

3.9 MEYERTON is an electoral division created by the Thirteenth Delimitation Commission with 13 382 voters. At the fixed date it had 19 404 voters. It has already been mentioned that this division surrendered 1 735 voters to Losberg and 1 579 to Vereeniging. Its new voter total of 16 192 means a load of 4,9%.

4. *Johannesburg and the Witwatersrand.*

4.1.1 The 36 electoral divisions in Johannesburg and on the Witwatersrand comprise built-up areas almost invariably bordering on each other. When a division needed voters it was usually possible to transfer them from an adjoining built-up area in a neighbouring electoral division. Sometimes, because of the location of the divisions and the built-up areas, there were no other readily available voters. Your Commission succeeded in most cases in transferring whole suburbs or in combining suburbs situated in more than one division. Apart from the common interests of fellow residents of a city, a town or a suburb, there was often little or no indication of other common interests among the voters grouped together in this way.

4.1.2 Of the 36 electoral divisions reported on in this section only three were unloaded. Two of these were the new Electoral Divisions of North Rand and Helderkruin, which include extensive rural areas and have unloads of 2% and 2,8% respectively. The remaining one is Germiston District which has an unload of 0,9%; its number of voters is close to the numbers in similar divisions such as Geduld,

3.5 LOSBERG het aan Carletonville 2 179 kiesers afgestaan en aan Stilfontein 926. Sy kiesers is aangevul deur die oordrag uit Meyerton van 2 045 kiesers in die Westonariagebied en van 1 733 kiesers uit Grasmere en omstreke wat in Overvaal geleë was. Losberg se uiteindelike kieserstal was 15 311. Dit beteken 'n ontlading van 0,7%. Hierdie kiesafdeling het sedert die vorige afbakening 'n toename van 20% in sy kiesers gehad; waarskynlik sal daar weer 'n groot toename in sy bevolking wees en daarom is sy ontlading gepas.

3.6 OVERVAAL se kieserstal het sedert die vorige afbakening met 3 056 aangegroei. Benewens die 2 045 kiesers wat hy aan Losberg afgegee het, het hy ook 478 kiesers wat in Steelpark in Vereeniging se munisipaliteitsgebied geregistreer is, aan die afdeling Vereeniging afgestaan. Overvaal het reeds inwoners van Vanderbijlpark binne sy grense gehad en daarom is besluit om sy tekort verder uit inwoners van die dorp aan te vul. U Kommissie het die bekende Faraday Boulevard en Westinghouse Boulevard as grenslyn tussen die twee afdelings gebruik. Dit het beteken dat Overvaal 222 kiesers in ruil vir 1 681 kiesers van Vanderbijlpark gegee het. Overvaal se kiesers het op 15 873 te staan gekom; dit is 'n belading van 2,8%.

3.7 VANDERBIJLPARK se kieserstal was op die vasgestelde datum 17 242, 'n toename van 21% sedert die vorige afbakening. Na die uitruiling van kiesers met Overvaal het Vanderbijlpark 15 783 kiesers oorgehou. Dit is 'n belading van 2,2%.

3.8 VEREENIGING se kieserstal van 14 255 op die vasgestelde datum was slegs 235 meer as by die vorige afbakening. U Kommissie het geen getuienis gehad dat daar waarskynlik 'n buitengewone toename van die bevolking sou wees nie. Twee kiesafdelings het aan Vereeniging kiesers afgestaan wat in voorstede binne sy munisipale grense gewoon het. Van Overvaal het hy 478 kiesers in die voorstad Steelpark ontvang en van Meyerton 1 579 kiesers in die voorstad Risiville. As gevolg van dié afbakening het Vereeniging se kieserstal gestyg tot 16 212; die belading is 5%.

3.9 MEYERTON is 'n kiesafdeling wat deur die dertiende afbakeningskommissie geskep is met 13 382 kiesers. Op die vasgestelde datum was sy sterkte 19 404. Daar is reeds vermeld dat hy 1 735 kiesers aan Losberg en 1 579 aan Vereeniging afgestaan het. Sy nuwe kieserstal van 16 192 beteken 'n belading van 4,9%.

4. *Johannesburg en die Witwatersrand.*

4.1.1 Die 36 kiesafdelings in Johannesburg en aan die Witwatersrand beslaan beboude gebiede wat feitlik dwarsdeur aanmekaar grens. Wanneer 'n afdeling kiesers nodig gehad het, was dit meestal moontlik om hulle oor te plaas uit die aangrensende beboude gebied van 'n naburige kiesafdeling. Soms was daar weens die ligging van die afdelings en die beboude gebiede geen ander redelik beskikbare kiesers nie. U Kommissie het meermale geslaag om hele voorstede oor te plaas of om voorstede wat in meer as een afdeling lê te verenig. Behalwe die gemeenskaplike belange wat mede-inwoners van 'n stad, 'n dorp of 'n voorstad het, was daar dikwels min of geen aanduiding van ander gemeenskaplike belange onder die kiesers wat so saamgebring is nie.

4.1.2 Van die 36 kiesafdelings waaroor in hierdie afdeling verslag gedoen word, is net drie ontlaai. Twee is die nuwe afdelings Noordrand en Helderkruin wat groot plattelandse gebiede insluit en onderskeidelik met 2% en 2,8% ontlaai is. Die ander een is Germiston-Distrik wat 'n ontlading van 0,9% het; sy kieserstal is naby aan die van soortgelyke afdelings soos Geduld, Nigel en Springs met beladings

Nigel and Springs, which have loads of less than 1%. The 33 divisions that do not have unloads have an average load of 4,1%. The 12 divisions falling entirely within the boundries of Johannesburg have an average load of 5,8%. The loads are lower than at the previous delimitation. It should be remembered in this connection that there are far more urban electoral divisions in the Transvaal that are loaded than rural electoral divisions, which are usually unloaded. This means that a high unload in the rural areas makes only an average load in the cities possible.

4.1.3 Because there were too few voters in the central portion of Johannesburg and too many on the northern side of the city it was clear that two Johannesburg divisions would have to disappear and two would have to be created north of the Witwatersrand. As was said by a previous commission, it is not necessarily the division with the smallest number of voters that disappears, but the one that can best be used to make up numbers in other divisions. As it happens, all three of the parties and your Commission decided that Von Brandis, which had the smallest number of voters, should strengthen the other divisions. The voters in this division were devided as follows: 1 080 voters to Langlaagte, 2 662 to Johannesburg West and 7 182 to Jeppe. Jeppe, in turn, could surrender 2 691 to Bezuidenhout. Although most of the voters of Von Brandis went to the eastern part of Johannesburg your Commission was satisfied that an electoral division in that part of Johannesburg should nevertheless disappear. It was decided, therefore, to constitute two divisions from the voters of Bezuidenhout (which received voters from Jeppe) from Orange Grove (which surrendered a large number of voters to Houghton) and from Yeoville (which had to surrender voters to Hillbrow). One of the electoral divisions constituted in this way is situated in an area with which the name Bezuidenhout had been associated since the earliest days of Johannesburg; this division also includes the suburb of Bezuidenhout Valley. Your Commission decided that this division would be known as Bezuidenhout. Initially your Commission named the second division Orange Grove.

When the provisional plan was made public, earnest representations were made to the Commission concerning the division's name. These representations had to do mainly with the history of Yeoville as an electoral division, the location of Yeoville and its contribution to the second division constituted. Your Commission reconsidered the matter and decided to name the division Yeoville. Orange Grove therefore disappears as an electoral division.

4.1.4 It was clear that a new division would have to be created north of Johannesburg. Four electoral divisions situated there were loaded heavily and had to surrender large numbers of voters. These divisions were Bryanston with 18 126 voters, Randburg with 19 674, Sandton with 23 281, and Witwatersberg with 23 959. Witwatersberg, which had already surrendered voters to the new Electoral Division of Ventersdorp, also made the largest contributions to the two divisions created in this area. Your Commission felt that it might cause confusion in one if these two divisions bore the name Witwatersberg. They were therefore named Helderkruin and North Rand.

4.1.5 Because Witwatersberg had been abolished as an electoral division, a third new division had to be created. This was done to the north-west of Johannesburg. The Electoral Divisions of Kempton Park, Sandton and Edenvale made major contributions to the voter total in this division. The well-known industrial township of Modderfontein is situated in the new electoral division, which was therefore named Modderfontein. The abolition of electoral divisions and the creation of new ones resulted in major boundary changes.

van minder as 1%. Die 33 afdelings wat nie ontlaai is nie, het 'n gemiddelde belading van 4,1%. Die 12 afdelings wat volledig binne die grense van Johannesburg val, het 'n gemiddelde belading van 5,8%. Die beladings is laer as by die vorige afbakening. In hierdie verband moet in gedagte gehou word dat daar in Transvaal veel meer stedelike kiesafdelings is wat belaai word, as plattelandse kiesafdelings wat gewoonlik ontlaai word. Dit beteken dat 'n hoë ontlading op die platteland slegs 'n gemiddelde belading in die stede moontlik maak.

4.1.3 Omdat daar te min kiesers in die sentrale gedeelte van Johannesburg en te veel aan die noordekant van die stad was, was dit duidelik dat twee Johannesburgse afdelings moes verdwyn en twee ten noorde van die Witwatersrand geskep moes word. Soos 'n vorige kommissie gesê het, is dit nie noodwendig die afdeling met die kleinste kieserstal wat verdwyn nie, maar die een wat die beste gebruik kon word om ander afdelings aan te vul. Toevallig het aldrie die partye en u Kommissie besluit dat Von Brandis, wat die laagste kieserstal gehad het, die ander afdelings moes versterk. Die afdeling se kiesers is soos volg verdeel: 1 080 kiesers aan Langlaagte, 2 662 aan Johannesburg-Wes en 7 182 aan Jeppe. Jeppe kon op sy beurt 2 691 kiesers aan Bezuidenhout afstaan. Hoewel die meeste van Von Brandis se kiesers na die ooste van Johannesburg gegaan het, was u Kommissie daarvan oortuig dat 'n kiesafdeling nogtans aan daardie kant van Johannesburg moes verdwyn. Daarom is besluit om twee afdelings saam te stel uit die kiesers van Bezuidenhout, wat kiesers van Jeppe ontvang het, van Orange Grove wat 'n groot getal kiesers aan Houghton afgestaan het, en van Yeoville wat vir Hillbrow moes aanvul. Een van die kiesafdelings wat so saamgestel is, is geleë in 'n gebied waaraan die naam Bezuidenhout sedert die eerste dae van Johannesburg verbonde was; die afdeling sluit ook die voorstad Bezuidenhoutsvallei in. U Kommissie het besluit dat dié afdeling Bezuidenhout sal heet. Aanvanklik het u Kommissie die tweede afdeling Orange Grove genoem.

By die bekendstelling van die voorlopige plan is ernstige vertoë oor die afdeling se naam tot die Kommissie gerig. Die pleidooi het veral gegaan oor die geskiedenis van Yeoville as kiesafdeling, Yeoville se ligging en sy bydrae tot die tweede saamgestelde afdeling. U Kommissie het die saak weer oorweeg en besluit om die afdeling Yeoville te noem. Dit is dus Orange Grove wat as kiesafdeling verdwyn.

4.1.4 Dit was duidelik dat 'n nuwe afdeling ten noorde van Johannesburg ingestel moes word. Vier kiesafdelings wat daar geleë is, was hoog belaai en moes groot getalle kiesers afgee. Die afdelings was Bryanston met 18 126 kiesers, Randburg met 19 674, Sandton met 23 281 en Witwatersberg met 23 959. Witwatersberg, wat reeds kiesers vir die nuwe afdeling Ventersdorp gegee het, het ook die grootste bydraes gelewer tot die twee afdelings wat in hierdie gebied ingestel is. U Kommissie het gemeen dat verwarring veroorsaak kon word indien een van die twee afdelings die naam Witwatersberg sou dra. Daarom is die twee afdelings Helderkruin en Noordrand genoem.

4.1.5 Omdat Witwatersberg as kiesafdeling afgeskaf is, moes 'n derde nuwe afdeling ingestel word. Dit is ten noordweste van Johannesburg gedoen. Die afdelings Kempton Park, Sandton en Edenvale het groot bydraes tot die kieserstal van die afdeling gemaak. Die bekende fabriekstad Modderfontein lê in die nuwe kiesafdeling wat tot Modderfontein genoem is. Die afskaffing van kiesafdelings en die instelling van nuwes het groot grensverskuiwings veroorsaak.

4.2 The divisional boundaries of KRUGERSDORP were changed only through the contributions this division made to the creation of the new Electoral Division of Ventersdorp. Its number of voters, which had increased by 15% since the previous delimitation, was reduced to 16 312 after the above-mentioned surrender of 261 voters. Krugersdorp now has a load of 5,6%.

4.3 RANDFONTEIN surrendered a mining area with 4 496 voters to Carletonville. This so reduced its total number of voters, which had increased by 23% up to the fixed date, that it had to be given additional voters. The division received 2 951 voters from the adjoining Electoral Division of Roodepoort. These voters are mainly residents of the suburbs of Lewisham, Mindalore and West Rand south of the main railway line. Randfontein now has 15 916 voters and a load of 3,1%.

4.4 At the fixed date ROODEPOORT had 3 658 voters more than at the previous delimitation. After 2 951 voters had been transferred to Randfontein its total had to be supplemented again. The surrender to Randfontein accorded in several respects with the proposals of two parties. All three of the parties proposed that Roodepoort should receive voters from Horison and Roodepoort North. These two suburbs are already divided by the boundary between Roodepoort and Florida. Your Commission transferred 1 046 residents of these suburbs to Roodepoort. After the delimitation, the electoral division has 16 031 voters and a load of 3,8%.

4.5 FLORIDA, where the number of voters had increased by 2 641, surrendered 1 046 voters to Roodepoort. This electoral division required no other alterations. Its total number of voters is now 15 951 and its load is 3,3%.

